



Besigheids versekering

Bepalings en voorwaardes

virseker
In Produkt van Auto&General

Inhoudsopgawe

Algemene bepalings en voorwaardes	3
Algemene klousules.....	4
Brand	9
Sake onderbreking	12
Geboue omvattend	15
Kantoorinhoud.....	18
Rekeninge ontvangbaar	20
Diefstal.....	21
Geld.....	22
Getrouheidswaarborg.....	23
Glas.....	24
Elektroniese Toerusting.....	24
Besigheid alle risiko.....	26
Goedere In Transito.....	27
Toevallige skade.....	28
Openbare aanspreeklikheid.....	29
Werkgewersaanspreeklikheid.....	34
Groep Persoonlike Ongeluk.....	35
Voertuig – omvattend	38
Voertuig – derdeparty, brand en diefstal.....	41
Voertuig – slegs derdeparty	44
Motorfiets.....	46
Sleepwa/Karavaan – omvattend.....	47
Sleepwa/Karavaan – derdeparty, brand en diefstal	49
Sleepwa/Karavaan – slegs derdeparty.....	52
Gholfkaretjie.....	54
Masjinerie breekskade.....	55
Masjinerie breekskade - sake onderbreking.....	57
Verslegting van voorraad na masjinerie breekskade	59
Voertuighandelaarsafdeling.....	61

Algemene bepalinge en voorwaardes

Hierdie afdeling verduidelik die reëls in verband met u dekking.

Waaruit u versekeringspolis bestaan

U skedule, bepalinge en voorwaardes en polisebewing, tesame met enige ander korrespondensie wat aan u gestuur is, asook mondelinge ooreenkomste wat ons aangaan, vorm die versekeringspolis tussen ons. Verseker asseblief dat u vertrouwd is met al die inhoud wat in die dokumente verskaf is en dat al die besonderhede wat op u skedule aangebring is, in alle opsigte korrek is.

Die algemene bepalinge en voorwaardes van die polis is van toepassing op u, die polishouer, u werknemers en enigiemand wat namens u optree, sowel as enige persoon wat die versekerde items gebruik met u algemene toestemming of dié van u werknemers of gereelde bestuurder.

Verwysings na “u” in hierdie polis

Neem asseblief kennis dat alle verwysings na “u” in hierdie polisboek, na die persoon/persone wat verantwoordelik is vir die eienaarskap/bestuur van die besigheid verwys, hetsy die besigheid, 'n beslote korporasie, vennootskap of eenmansaak is.

Hoe ons u vergoed

Onderhewig aan die bepalinge van u polis, het ons die opsie om te betaal, te vervang of te herstel (of enige kombinasie hiervan) en om van 'n verskaffer of hersteldiens van ons keuse gebruik te maak.

Oor- en onderversekering

Dit verwys na die verskil tussen die versekerde bedrag en die werklike bedrag wat nodig is om al die versekerde eiendom te vervang. Die doel van versekering is om u in dieselfde posisie te plaas waarin u net voor die verlies was, en om u nie te verryk nie. Ons sal u slegs vir die werklike verlies uitbetaal. U moet u eiendom vir die vervangingswaarde verseker en u moet verseker dat die waarde in lyn met vervangingswaardes bly.

Polisveranderinge en kansellasië

Ons mag u polis verander of kanselleer deur u 31 dae kennis te gee. Ons mag u mondelings, deur elektroniese pos of per slakkepos by u laaste bekende adres van die kansellasië verwittig. Enige verandering of kansellasië wat u besluit om te maak sal vanaf die tyd en datum waarop u en ons ooreengekom het, van krag wees. Let asseblief daarop dat sou u, u polis in die loop van 'n versekerde maand kanselleer, sal die premies wat u vir daardie maand betaal het, nie aan u terugbetaal word nie.

Sou u, u polis of enige deel daarvan kanselleer omdat u ook 'n polis vir dieselfde items/s by 'n ander versekeraar het; of omdat u voertuig verkoop, gesteel of afgeskryf is of vir enige ander rede, sal u terugbetaling van premies beperk word tot die werklike bedraë wat in die voorafgaande 12 maande voor die kansellasië betaal is.

Betalings

Afhangende van die betalingsopsie wat u gekies het, is u polis of:

- 'n maandelikse polis, met 'n volle jaar se premies wat vooraf betaal word, of
- 'n maandelikse polis, met maandelikse premies wat vooraf betaal word.

U moet die jaarlikse of maandelikse betalings vooruit op die aftrekkings-/betalingsdatum waarop ooreengekom is, betaal soos op u skedule aangedui. Indien ons nie die betaling vir 'n polis op die aftrekkings-/betalingsdatum(s) ontvang nie, soos op die skedule aangedui, sal ons 'n 15- dae grasietydperk vir betaling toelaat.

Betaling wat nie ontvang word nie

U polis sal verval indien u premie, in die geval van jaarlikse polisse, steeds na een maand nie ontvang is nie, of na drie maande vir maandelikse polisse.

Herinstelling van onderbreekte dekking

Wanneer dekking onderbreek word omdat ons nie u betaling ontvang het nie, het ons die reg om u rekening te debiteer om u dekking weer in te stel. U moet ook die gewone maandelikse betaling maak sodat die dekking weer in werking kan tree.

U verpligtinge

Indien u nalaat om enige van die volgende verpligtinge na te kom, kan u dekking gekanselleer word en/of u eis mag nie afgehandel word nie.

Daar word van u verwag om:

1. korrekte en volledige inligting aan ons te verskaf;
2. in te stem om aan al ons redelike vereistes te voldoen;
3. ons in alle opsigte by te staan om sodoende vergoeding vanaf enige ander persoon wat die skade waarvoor u eis, veroorsaak het, te verhaal;

4. alle redelike sorg toe te pas en voorsorg te tref om verlies, skade, dood, besering of aanspreeklikheid te verhoed of te beperk;
5. geen fout te erken of enige aanbod te maak en/of skikking te aanvaar sonder ons geskrewe toestemming nie;
6. ons in kennis te stel van enige polisbesonderhede of verklarings wat nie korrek is nie of indien enige van hierdie besonderhede of verklarings verander;
7. ons in te lig as die adres waar u gewoonlik u versekerde goedere hou verander;
8. ons in te lig van enige iets wat u nog nie bekend gemaak het nie, maar wat belangrik kan wees vir ons om steeds u polis te aanvaar, of van enige iets wat verander wat belangrik mag wees vir ons om steeds u polis in die toekoms te aanvaar;
9. ons toe te laat om u perseel te betree en enige eiendom waarvoor 'n eis ingedien is, te neem, in besit te hou en in enige manier wat ons dink redelik is, te hanteer. U mag van geen beskadigde eiendom by ons afstand doen nie, hetsy ons daarvan besit geneem het of nie; en
10. ons toe te laat om u naam te gebruik in enige regstappe teen enige ander persoon met die doel om enige vereffende bedrae of bedrae wat ons instem om in verband met 'n eis onder u polis te vereffen, te herwin.

Belangrike tydbepenkings

Ons sal u slegs vir 'n eis vergoed indien u:

1. ons binne 60 dae vanaf die insidentdatum verwittig en aan ons die volledige feite verskaf, van enige iets waarvoor u mag eis;
2. binne 48 uur enige gesteelde of verlore goedere aan die polisie rapporteer;
3. enige dokumente wat u in verband met enige eis ontvang, binne 30 dae aan ons oorhandig; en
4. alle inligting en dokumentasie waarvoor ons mag vra, binne 30 dae aan ons verskaf.

Algemene klousules

Ander partye se regte

Slegs u, die polisher, het regte ten opsigte van hierdie polis. Indien u besluit om nie vir enige skade te eis nie, is dit u reg alleenlik. Geen ander persoon mag vanaf hierdie polis eis nie.

Nie-nakoming van die polis

Indien u nie die bepalinge en voorwaardes van hierdie polis nakom nie, het ons die reg om u nie vir enige eis te vergoed nie.

Betwiste eise

Nadat ons u van ons beslissing rakende 'n eis meegedeel het, gun ons u 90 dae om verhoë ten opsigte van ons besluit aan te teken. Indien u nie aan hierdie tydsbeperkings voldoen nie, sal ons nie die betwiste eis heroorweeg nie. Indien ons verhoë ontvang, sal die besluit hersien word en sal u in kennis gestel word van die uitkoms.

Indien ons u, na hersiening, nie vir 'n eis of gedeelte daarvan vergoed nie en u, ons beslissing wil betwis, moet u binne ses maande nadat die eis afgekeur is geregtelike prosesstukke teen ons voorlê, soos bereken vanaf die uitloop van die 90-dae periode, soos hierbo genoem. Indien u nie aan hierdie tydsbeperkings voldoen nie, sal u verhinder word om met verdere regsproses voort te gaan.

Bewys

Wanneer u eis kan ons van u versoek om eienaarskap en die waarde van die goedere waarvoor u eis, te bewys.

Bydrae

Indien u eis ook deur 'n ander polis gedek word, sal ons u slegs vir die gedeelte waarvoor ons aanspreeklikheid aanvaar het, vergoed.

Doelbewuste optrede

Ons sal u nie vir enige eis vergoed waarin u of 'n lid van u huishouding, of enige iemand wat namens u optree, opsetlike verlies, skade of besering veroorsaak het nie.

Bedrog of oneerlikheid

Indien u, of enigiemand wat namens u 'n eis instel of inligting of dokumentasie aangaande 'n eis verskaf, in enige opsig bedrieglik of oneerlik is of oordryf, sal ons die hele eis afkeur en u polis terugwerkend kanselleer, óf vanaf die datum waarop die eis ingedien is óf vanaf die eintlike insidentdatum, watter een ook al eerste was.

Sanksiebeperking en uitsluitingsklousule

Hierdie versekering sal nie poog om dekking te verskaf nie en die maatskappy sal nie aanspreeklik wees om enige eis te betaal of enige voordeel hieronder te verskaf nie, in die mate dat die voorsiening van sodanige dekking, betaling van so 'n eis of voorsiening van 'n voordeel van hierdie aard enige wet, regulasie, sanksie, verbod, resoluëie of beperking van die Republiek van Suid-Afrika, die Verenigde Nasies, die Europese Unie, die Verenigde Koninkryk of die Verenigde State van Amerika of enige ander toepaslike wet, regulasie, sanksie, verbod, resoluëie of beperking sou oortree nie.

Bybetaling

Elke keer wanneer iets waarvoor u eis gebeur, moet u 'n bybetaling betaal. Dit is die onversekerde deel van u verlies. Al die bedrae waarvoor u, onder elke afdeling van u gekose dekking, verantwoordelik is, word in u skedule uiteengesit.

Meer as een afdeling van hierdie polis

Wanneer 'n eis aan ons gerapporteer word, sal ons besluit watter afdeling van die polis van toepassing sal wees.

Eisekoste

Ons sal vir alle eise-assesserings wat ons op u polis moet doen, betaal. Indien u egter iemand aanstel om u met die voorbereiding van u eise te help, sal die vergoeding vir die kostes wat u in hierdie proses aangaan, na ons goëddenke wees. Die maksimum betaalbaar onder elke afdeling word in u skedule uiteengesit.

Sekuriteitsfirmas

Indien u die bystand van u wettig geregistreerde sekuriteitsfirma benodig, om u eiendom te beskerm, sal ons die werkers van hierdie sekuriteitsfirma as u werkers beskou, al word hulle nie direk deur u betaal nie. Hulle werknemersstatus sal tot die pligte wat in die ooreenkoms tussen die sekuriteitsfirma en uself uiteengesit is, beperk wees.

Tydlike Herstelwerk en Beskermingskoste

Ons sal u alle redelike koste en uitgawes vergoed om sulke tydelike herstelwerk te bewerkstellig en om sulke tydelike beskermingsmaatreëls te tref, insluitend die aanstelling van wagte, soos redelik en nodig mag wees na verlies of skade wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie polis.

Definisies:

Verlies

Enige verlies, skade, aanspreeklikheid, eis, koste of uitgawe van watter aard ook al.

Fisiese Verlies of Fisiese Skade

'n Skielike en onvoorsiene nadelige verandering in tasbare eiendom op 'n wyse wat herstel, herbou of vervanging noodsaak. Suiwer verlies aan gebruik, sonder voorafgaande fisiese verlies of fisiese skade, soos die onvermoë om te gebruik of beperkings in die gebruik van 'n gebou of 'n voorwerp sowel as die eenvoudige nie-funksionering van 'n voorwerp, sal nie 'n fisiese verlies of fisiese skade uitmaak nie.

Klimaatsverandering

Is 'n verandering van die samestelling van die globale atmosfeer wat direk of indirek toegeskryf word aan menslike aktiwiteit, en wat bykomend is tot natuurlike klimaatsveranderinge waargeneem oor vergelykbare tydperke.

Oordraagbare Siektes

Betekén enige siekte wat deur middel van enige stof of middel van enige organisme na 'n ander organisme oorgedra kan word waar:

1. die stof of middel 'n virus, bakterie, parasiet of ander organisme of enige variasie daarvan insluit, maar nie beperk is daar toe nie, hetsy lewend geag of nie, en
2. die metode van oordrag, hetsy direk of indirek, lugoordrag, liggaamsvloëistofoordrag, oordrag vanaf of na enige oppervlak of voorwerp, vaste stof, vloëistof of gas of tussen organismes in sluit, maar is nie daar toe beperk is nie, en
3. die siekte, middel of agent liggaamlike besering, siekte, emosionele nood, skade aan menslike gesondheid of menslike welsyn kan veroorsaak of bedreig.

Gereelde Bestuurder

Die persoon wat 'n voertuig gereeld bestuur (meestal en meer gereeld as enige iemand anders) is die gereelde bestuurder.

Parkeerfasiliteite

Is areas of strukture wat ruimtes bied vir die parkeering van voertuie van die straat af.

Verbandhouer

Is die finansiële instelling wat geld aan die lener leen om vaste eiendom te koop.

Verbandnemer

Is die lener wat geld leen by 'n finansiële instelling om vaste eiendom te koop.

Redelike koste

'n Prys wat ooreenstem met wat 'n redelike persoon in dieselfde of soortgelyke omstandighede vir dieselfde besigheid, of vir dieselfde of soortgelyke item sou betaal.

Elektroniese dataverwerkingstoerusting

Enige rekenaars, terminale, teledrukkers, lesers, telefoonstelsels, gerekenariseerde kasregisters, woordverwerkingstoerusting en ander toerusting en onderdele wat verband hou met die verwerkingseenheid. Elektroniese dataverwerkingstoerusting sluit nie elektroniese stelsels in wat produksiemasjinerie beheer of die produksiemasjinerie self nie.

Plundering

Enige daad of aktiwiteit van diefstal van besighede tydens die daad van onluste (politie en nie-politie), stakings (wettig en onwettig), uitsluiting, openbare wanorde, burgerlike oproer, arbeidsversteuring, daad van xenofobie of afrobie.

Rekenaarstelsel

Enige rekenaar, hardeware, sagteware, kommunikasiestelsel, elektroniese toestel (insluitend, maar nie beperk tot slimfoon, skootrekenaar, tablet, draagbare toestel nie), bediener, wolk, mikrobeheerder, insluitend enige soortgelyke stelsel of enige konfigurasie van die voorgenoemde en insluitend enige geassosieerde invoer, uitset, databergingstoestel, netwerktoerusting of rugsteunfasiliteit.

Elektroniese Data

Inligting, feite of program gestoor as of op, geskep of gebruik op, of oorgedra na of vanaf rekenaarsagteware, insluitend stelsels en toepassingsagteware, harde- of sagte-diskette, CD-ROM's, bande, aandrywers, selle, dataverwerkingstoestelle of enige ander media.

Kuberdaad

Beteken 'n ongemagtigde, kwaadwillige of kriminele daad of reeks verwante ongemagtigde, kwaadwillige of kriminele daad, ongeag tyd en plek, of die bedreiging of bedrog daarvan wat toegang tot, verwerking van, gebruik of werking van enige rekenaarstelsel behels.

Kuber-voorval

Enige fout of weglating of reeks verwante foute of weglatings wat toegang tot, verwerking van, gebruik van of werking van enige rekenaarstelsel; of enige gedeeltelike of totale onbeskikbaarheid of mislukking of reeks verwante gedeeltelike of totale onbeskikbaarheid of mislukking om toegang tot enige rekenaarstelsel te verkry, te verwerk, te gebruik of te bedryf.

Data-oortreding

Die diefstal, verlies, toegang tot, verkryging van, of ongemagtigde of onwettige gebruik of openbaarmaking van enige persoon of organisasie se vertroulike of persoonlike inligting, insluitend patente, handelsgeheime, verwerkingsmetodes, kliëntelyste, finansiële inligting, krediet- of betaalkaartinligting, gesondheidsinligting, biometriese data of enige ander soort nie-openbare inligting, wat toegang tot, verwerking van, gebruik van of bedryf van enige rekenaarstelsel behels; of

die oortreding van enige statuut, regulasie, gemenerereg of enige ander wet wat toegang tot versameling beskerm of reguleer, die gebruik of openbaarmaking van, of versuiming om enige nie-openbare vertroulike of persoonlike inligting in die vorm van elektroniese data te beskerm.

Tyd Element

Besigheidsonderbreking, voorwaardelike onderbreking van sake of enige ander gevolglike verliese.

Ons vergoed u nie:

Vir enige eis vir verlies, skade, dood, besering of aanspreeklikheid wat veroorsaak is, of voortspruit uit:

Opstande, oorloë, politiese aksies, openbare wanorde, terrorisme of enige pogings tot sulke aksies

1. enige opstand, staking of openbare wanorde (insluitend burgerlike oproer, arbeidsonrus, of uitsluiting) of enige daad of aktiwiteit wat lei tot, of daarop gemik is om opstand, staking of wanorde van enige aard te veroorsaak;
2. enige daad of aktiwiteit van plundering wat gepleeg word as deel van die daad van onluste (politie en nie-politie), stakings (wettig en onwettig), uitsluiting, openbare wanorde, burgerlike oproer, arbeidsversteuring, xenofobie of afrobie;
3. oorlog, inval, optrede deur 'n buitelandse vyand, vyandigheid of oorlogbedrywighede (ongeach of oorlog verklaar is of nie) of burger oorlog;
4. muitery, militêre opstand, militêre of wedderregtelike oorname, krygswetgewing, 'n staat van beleg of enige ander gebeurtenis of oorsaak wat die verklaring of instandhouding van krygswetgewing, 'n staat van beleg, volks opstand, rebellie of revolusie noodsaak;
5. enige daad (of dit nou namens enige organisasie, beheerliggaam, persoon of groep persone gedoen is) wat berekend is of daarop gemik is om enige staat of regering of enige politieke, plaaslike of stam owerheid met mag of deur middel van vrees, terrorisme of geweld om ver te werp of te beïnvloed;

6. enige daad wat berekend is of daarop gemik is om verlies of skade te berokken ten einde 'n politieke mikpunt, doelwit of doel te bevorder, of om enige sosiale of ekonomiese verandering teweeg te bring of 'n protes teen enige staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stam owerheid of om vrees onder die publiek of enige gedeelte van die publiek te laat posvat;
7. enige poging om enige daad, waarna in klousule 4 of 5 hierbo verwys is, uit te voer; en
8. die daad van enige wettige ingestelde owerheid om enige voorval soos in klousule 1 tot 6 soos hierbo beskryf te beheer, te verhoed, te onderdruk of om dit op enige manier te hanteer.

Kuberverlies

1. Alle verlies, skade, aanspreeklikheid, koste of uitgawes van watter aard ook al direk of indirek veroorsaak deur, bygedra deur, voortspruitend uit, of in verband met:
 - 1.1 enige verlies van, verandering van of skade aan of 'n vermindering in die funksionaliteit, beskikbaarheid of werking van 'n rekenaarstelsel, tensy dit onderhewig is aan die onderstaande paragraaf 2;
 - 1.2 enige verlies van gebruik, vermindering in funksionaliteit, herstel, vervanging, restorasie of reproduksie van enige Data, insluitend enige bedrag wat betrekking het op die waarde van sodanige Data.
2. Onderhewig aan die ander bepalinge, voorwaardes en uitsluitings van u polis, sal ons fisiese skade aan eiendom wat ingevolge u polis verseker is, dek en enige Tyd Element Verlies wat direk daaruit voortspruit waar sodanige fisiese skade direk deur enige van die volgende gevare veroorsaak word: diefstal, brand, weerlig, ontploffing, vliegtuig- of voertuigimpak, vallende voorwerpe, windstorm, hael, tornado, sikloon, orkaan, aardbewing, vulkaan, tsoenami, vloed, vries of gewig van sneeu.

Voorvalle waarvan die skade deur die wet gedek word

Enige voorval waarvoor 'n fonds gestig is kragtens die Wet op Oorlogskadeversekering- en vergoeding, 1976 (Wet Nr 85 van 1976), soos gewysig, van die Republiek van Suid-Afrika of enige soortgelyke wet wat geld in enige van die terreine waar u polis van toepassing is.

Kernwapenmateriaal

Kernwapenmateriaal, ionisasie-bestraling of besmetting deur radio-aktiwiteit van enige kernbrandstof, kernafvalstowwe, of van die ontsteking van kernbrandstof, insluitend enige selfonderhoudende proses van kernsplitsing.

Nasionalisering

Nasionalisering, konfiskasie, kommandering of rekwisisie deur enige wettige konstituerende owerheid.

Mislukking of onderbreking van die elektrisiteitsnetwerk

Enige verlies, skade, dood, besering, aanspreeklikheid, koste of uitgawe van enige aard – insluitend enige gevolglike verliese ingevolge enige bepaling van hierdie polis – wat direk of indirek veroorsaak word deur, bygedra tot, resultate van, ontstaan uit, of verband hou met enige onderbreking of mislukking van die elektrisiteitsnetwerk, ongeag die oorsaak, word nie onder u besigheidsversekeringspolis gedek nie. Dit geld ongeag enige klousule in hierdie polis wat die teenoorgestelde of enige steun daarvoor bepaal.

'n Totale of gedeeltelike onderbreking, inmenging, opskorting, verduistering of mislukking van die water-, gas-, brandstof- of elektrisiteitstoevoer vanaf die nasionale, streeks- of privaat netwerk van Suid-Afrika aan enige versekerde of besigheid van die versekerde, met enige rede hoegenaamd, word na verwys as 'n elektrisiteitsonderbreking of onderbreking van die elektrisiteitsnetwerk.

Verslegting van voorraad

Ons dek nie die volgende nie:

- Bederf of agteruitgang van voorraad as gevolg van beurtkrag; of
- Onderbreking van die elektrisiteitsnetwerk op nasionale, streeks-, munisipale, plaaslike of privaat vlak.

Staking van enige werk

Staking of vertraging van enige werk, proses of bedryf.

Rekenaarprosesse

Die onbehoorlike of foutiewe werking van enige rekenaar of rekenaar-verwante toerusting; byvoorbeeld, die onvermoë of voorkoming van enige rekenaar, data-prosesserings-toerusting, mikroskyfie, stroombane, sagteware, gereedskap, bedryfstelsels, hardeware of enige ander verwante item wat enige dataherkenning, -manipulasie, -interpretasie, -prosessering, -berging, -ontvang, -sparing of -behouding gebruik, of wat enige opdrag of instruksie gebruik. Ons sal u nie vergoed sou u rekenaartoerusting onder 'n virus, 'n trojaanse perd, 'n tyd of logika bom of wurm, of ander vernietigende of ontwrigtende kode, media of program of sturing, ly nie.

Asbes

Dood, besering, siekte, kostes, of uitgawes van enige aard in verband met asbes.

Agteruitgang en onklaarraking

Onklaarraking, brekasie of roes, slytasie, waardevermindering, agteruitgang, verbleiking, meganiese of elektriese onklaarraking.

Kontraktuele aanspreeklikheid

Enige verlies as gevolg van enige kontraktuele aanspreeklikheid.

Gevolglike verlies

Gevolglike verlies of skade, behalwe waar ons spesifiek in u skedule aandui dat skade of verlies van hierdie tipe aard, verseker is.

Onwettige aktiwiteite

Enige verlies of skade wat voortspruit uit die gebruik van die versekerde besittings vir, of in verband met, enige onwettige aktiwiteit en/of die magtiging van enige misdad. Indien ons noem dat u eis nie gedek is as gevolg van enige van die algemene uitsonderings hierbo nie, moet u die teendeel bewys.

Klimaatsverandering

Enige skade, verlies, aanspreeklikheid, koste, uitgawes, boetes, billike verligting of wetlike verpligting van enige aard wat voortspruit uit enige bewering of eis dat u versekerde besigheid klimaatsverandering of die gevolge daarvan veroorsaak het of tot dit bygedra het, of dat die u versekerde besigheid 'n vals indruk gemaak het of misleidende inligting verskaf het oor in watter mate u besigheids aktiwiteite of produkte klimaatvriendelik was.

As ons sê dat 'n eis nie gedek word as gevolg van enige van die bogenoemde nie, moet u die teendeel bewys.

Suid-Afrikaanse Spesiale Risiko Versekeringsassosiasie (Sasria)

Sasria voorsien dekking vir enige ongeluk- of doelbewuste skade aan u eiendom wat veroorsaak is deur enige persoon of groep mense wat deelneem aan 'n wanordelikheid, staking, uitsluiting, burgerlike oproer, of wat enigiets doen wat 'n politieke, sosiale of ekonomiese oogmerk of oorsaak het of wat in protes teen enige staat of regering plaasvind. Hierdie dekking is beperk tot gebeure binne die grense van Suid-Afrika. Die Sasria-hoofpolis is beskikbaar op aanvraag.

Wat nie deur Sasria gedek word nie

Sasria sluit dekking uit vir verlies of skade veroorsaak deur:

1. gevolglike of indirekte oorsake;
2. werk wat opsetlik vertraag of gestaak word;
3. u eiendom wat vervreem of in beslag geneem word deur enige wettige owerheid;
4. enige wettige gesag wanneer daar met oproer, burgerlike opstand of ander politieke, sosiale of ekonomiese optrede, oorlog en oorlogsugtige optrede;
5. enige terreur optrede wat die gebruik, vrystelling, of moontlike gebruik of vrystelling van enige kernwapen of kernwapentoesel, chemiese of biologiese middels insluit; of
6. diefstal.

Bewys

Indien Sasria u nie vir u eis vergoed nie, is dit u plig om te bewys dat u gedek is.

Verpligting ten opsigte van die Ombudsman

Ons is onderhewig aan die beginsels en reëls van die Nasionale Finansiële Ombud Skema (NFO) (ingelyf kragtens Afdeling 21 van die Maatskappywet) wat bepaal dat ons, altyd by enige van die Ombudsman se formele beslissings sal berus in enige saak wat deur 'n kliënt na die Ombudsman verwys word.

Die NFO kan by **0860 800 900** of deur **www.nfosa.co.za** gekontak word.

Brand

U kan onder hierdie afdeling vir die volgende eis:

- geboue en ander goedere wat binne u besigheidperseel gehou word, insluitend:
 - masjinerie, gereedskap, toerusting en alle ander inhoud
 - los en vaste toebehore
 - voorraad en materiale
 - allerlei items
- voertuie op die perseel geparkeer, afhangende van die dekking wat u gekies het en indien u skedule aantoon dat u 'n premie vir hierdie dekking betaal.

Bybetalings

Elke keer wanneer iets gebeur waarvoor u eis, is u verantwoordelik vir die basiese bybetaling. U moet ook enige van die bykomende bybetalings op u skedule, bo en behalwe die basiese bybetaling, betaal, waar van toepassing.

Ons sal u vergoed

Vir die fisiese verlies van of fisiese skade aan u eiendom, soos in die **Brand afdeling** van u skedule aangetoon, as dit deur een van die onderstaande gevare veroorsaak is.

Maksimum skadeloosstelling

Die maksimum wat ons vir enige eis onder hierdie afdeling sal betaal is die versekerde bedrag. Monitêre versekerde bedrae wat onder dekking wat outomaties ingesluit is verskyn, is nie by die versekerde bedrag ingesluit nie en is bo en behalwe betaalbaar. Die versekerde bedrae is in die **Brand afdeling** van u skedule genoteer.

Versekerde gevare

Verlies of skade aan u eiendom as gevolg van:

1. brand, weerlig, donderslag, kragstuwing, ondergrondse vuur, aardbewing, ontploffing, storm, wind, water, hael en sneeu;
2. impak deur diere, bome (behalwe terwyl hulle afgekap word), lugrade, satelietskottels, voertuie, vliegtuie en goedere wat uit vliegtuie val;
3. kostes van enige geregistreerde brandbestrydings- of reddingsorganisasie; of
4. kostes van enige munisipaliteite om planne om verlore of beskadigde eiendom te herstel, goed te keur.

Dekking wat outomaties ingesluit is om u te help

Professionele fooie

U sal moontlik professionele bystand benodig wanneer u goedere wat as gevolg van die versekerde gevare verlore of beskadig geraak het, wil vervang.

Ons sal u vir die kostes van argitekte of ander professionele persone wat te doen het met die samestelling van beramings, planne, spesifikasies, hoeveelhede, tenders of toesig, vergoed.

Sloping- en verwyderingskostes

Ons sal u vir die kostes van sloping en puinverwydering, na verlies of skade as gevolg van enige versekerde gevare, vergoed.

Tydlike verwydering

Ons sal sekere goedere wat as item/s onder "Versekerde bedrae" in die **Brand afdeling** van u skedule aangeteken is dek, wanneer hul weg van u besigheidperseel vir die doel van opknapping, herstelling of instandhouding is.

Alternatiewe vervanging

Indien die versekerde waarde die korrekte nuwe vervangingswaarde is, mag ons u vergoed deur die versekerde goedere met alternatiewe nuwe goedere wat dieselfde funksie verrig, te vervang.

Ander huurders

Ons verstaan dat die ander huurders in die gebou wat u beset, kan uittrek of hul besigheidsaktiwiteite kan verander en sodoende moontlik u eiendom in groter gevaar as wat u oorspronklik aan ons genoem het, kan stel. Indien hierdie sonder u medewete gebeur, sal ons u dekking bied, mits u ons so gou as wat u van die veranderings bewus raak, in kennis stel. Dit sal dalk ook van u verwag word om aan bykomende sekuriteitsvereistes te voldoen of om enige bykomende premies, wat ons regverdig en redelik ag, te betaal.

Verbandklousule

Die belang van enige verbandhouer in die geboue, verbeterings, verhuurder se los en vaste toebehore en huur wat slegs verseker is, sal nie benadeel word deur enige handeling of versuiming aan die kant van die verbandgewer (versekerde) of verbandgewer se huurders wat 'n groter gevaar tot gevolg het nie, mits sodanige handeling of weglatings sonder die medewete van die verbandhouer bewerkstellig is. In die geval van 'n totale verlies sal ons slegs die verbandhouer vrywaar vir die uitstaande balans wat nog op die eiendom verskuldig is. Die verbandhouer sal ons egter in kennis stel sodra sodanige handeling of versuiming onder die aandag van die verbandhouer kom en die verbandgewer sal verantwoordelik wees vir enige bykomende premie betaalbaar vanaf die datum waarop ons instem om 'n verhoogde gevaar te aanvaar.

In die geval van enige handeling of versuiming, soos omskryf in die algemene bepalinge en voorwaardes van die polis, deur die verbandgewer of verbandgewer se huurders wat 'n verhoogde gevaar tot gevolg gehad het, sal geen skadeloosstelling aan die verbandgewer plaasvind nie.

Toename in bou kostes

Aangesien die prys van boumateriaal en arbeid jaarliks styg, sal ons die versekerde waarde van sekere items, elke kalenderjaar vanaf die aanvang van u polis (as item/s 1 onder "Versekerde bedrae" onder die **Brand afdeling** van u skedule aangeteken) met 'n mark- verwante persentasie verhoog. Dit is u verantwoordelikheid om ten minste een keer per kalenderjaar die waarde van hierdie items te verhoog om sodoende voorsiening vir die hoër kostes te maak. Indien u versuim om dit te doen sal die oorspronklike waarde plus 10% die maksimum versekerde waarde wees.

Openbare dienste

Ons sal u vergoed vir toevallige skade aan water, riolering, gas, elektrisiteit en telekommunikasieverbindings, wat deel van u eiendom is of waarvoor u wettiglik verantwoordelik is tussen die versekerde eiendom en die openbare toevoer of hoofleiding.

Opsionele dekking

Indien u die dekking, soos hieronder beskryf, gekies het en u skedule dui dat u 'n premie daarvoor betaal.

Insakking van grond

Ons sal u vergoed vir verlies of skade aan die geboue, soos hierbo beskryf, wat deur insakking, opwelling of grondverskuiwing van die grond waarop die geboue staan, veroorsaak is, solank die verlies of skade nie veroorsaak is deur of toegeskryf word aan:

- ander uitgrawings behalwe mynuitgrawings;
- veranderings, aanbouings of herstel aan die geboue;
- die kompaktering van vulstof;
- foutiewe ontwerp materiaal of vakmanskap; of
- normale vassakking, inkrimping of uitsetting van die gebou nie.

Onder die dekkingstoevoeging sal ons u ook vergoed as u kantoorinhoud by ons verseker is en as gevolg van insakking, opwelling of grondverskuiwing, as u 'n kantoorinhoud met ons het by dieselfde versekerde adres, verlore of beskadig is en daarvoor op dieselfde tyd geëis word as wat u vir u geboue eis en die geboue-eis goedgekeur word.

Warmwatertoesteldekking

- a. verlies of skade wat deur warmwatertoestel/le, toerusting of pype wat deel is van die warmwatertoestel/le en aangeheg is, veroorsaak word, tot en met die maksimum, soos op u skedule aangedui;
- b. verlies van of skade aan die warmwatertoestel/le en aangehegte toerusting en pype; en
- c. verlies of skade aan u hitte pompe, sonpanele, sonkrag buise, gas en induksie, maar slegs indien dit op u skedule aangedui word.

U moet u warmwatertoestelle teen die werklike hoeveelheid warmwatertoestelle in u versekerde geboue verseker. Indien u eis, sal ons die koste teenoor die werklike hoeveelheid warmwatertoestelle bereken. Indien u die warmwatertoestelle teen minder as die werklike hoeveelheid warmwatertoestelle verseker het, sal ons slegs 'n deel van u eis betaal, bv:

EIS VIR EEN STUKKENDE WARMWATERTOESTEL	R10 000
HOEVEELHEID WARMWATERTOESTELLE VERSEKER	1
WERKLIKE HOEVEELHEID WARMWATERTOESTELLE	2
BEREKENING VIR ONDERVERSEKERING	$\frac{R10\ 000 \times 1}{2}$
EISUITBETALING	R5 000

Neem asseblief kennis: installasies moet aan die vervaardiger(s) se vereistes en alle toepaslike regulasies voldoen.

Ons vergoed u nie:

Vir verlies of skade as gevolg van:

1. Enige tsoenamie, vulkaan, of abnormale natuurtoestande wat nie in hierdie afdeling as 'n gevaar of addisionele gevaar ingesluit is nie
2. Indien u addisionele dekking vir insakking van grond of grondverskuiwing gekies het, sal ons u nie vergoed vir:
 - 2.1 Verlies of skade aan soliede vloerblaaie of enige ander deel van die gebou as gevolg van bewegende blaaie, behalwe as die fundamente wat die buitemure ondersteun, terselfertyd deur dieselfde oorsaak beskadig is.
 - 2.2 Verlies of skade aan swembaddens, tennisbane, stoepe, terrasse, opritte, paadjies, septiese- of opgaartenks, afvoerpype, waterlope, mure, hekke, deurposte en heinings, behalwe as die versekerde geboue terselfertyd deur dieselfde oorsaak beskadig is.
 - 2.3 Die koste van die werk wat benodig is om verdere verlies of skade as gevolg van insakking van grond, opwelling of grondverskuiwing te verhoed, behalwe as die toepaslike ontwerpvoorsorgmaatreëls gedurende die oorspronklike konstruksie van die gebou toegepas was en enige daaropvolgende toepassings gemaak is.
3. Die blootstelling van die eiendom aan enige verhitting-, verdroging- of waterproses.
4. Indien die eiendom in 'n ondergrondse myn of buite in die opelig is, behalwe as dit ontwerp was om buite in die opelig te wees.
5. Die eiendom is 'n keermuur, 'n drein of 'n geboude waterloop.
6. Enige foutiewe ontwerp of konstruksie.
7. Die verswakking van enige struktuursondersteuning.
8. Die werk van enige arbeiders
9. Enige uitgrawings.
10. Enige kwaadwillige skade.

Ons sal u ook nie vergoed vir die verlies of skade aan eiendom wat onder enige mariene versekeringspolis gedek is nie.

Wat gebeur indien u onderverseker is

Die bedrag waarvoor u, u eiendom verseker, moet die nuwe vervangingswaarde wees. Die vervangingswaarde is wat dit u sal kos om, ten tye van die eis, al u eiendom met soortgelyke nuwe eiendom te vervang. Indien u eis, sal ons die vervangingswaarde waarvoor u, u eiendom moes verseker het, uitwerk. Indien u vir minder as hierdie bedrag verseker het, sal ons net gedeelte van u eis betaal, bv.:

EIS	R10 000
VERSEKER VIR	R50 000
VERVANGINGSWAARDE	R100 000
BEREKENING VIR ONDERVERSEKERING	$\frac{R10\ 000 \times R50\ 000}{R100\ 000}$
EISUITBETALING	R5 000

Sake onderbreking

Onder hierdie afdeling kan u vir die verlies van omset/verkope/inkomste as gevolg van verlies of skade aan u besigheids-eiendom eis.

Bybetalings

Elke keer wanneer iets gebeur waarvoor u eis, is u verantwoordelik vir die basiese bybetaling. U moet ook enige van die bykomende bybetalings op u skedule, bo en behalwe die basiese bybetaling, betaal, waar van toepassing.

Definisies

Die volgende definisies is op hierdie afdeling van toepassing:

Omset/verkope/inkomste

Die geld betaal of betaalbaar aan u vir goedere deur u verkoop en afgelewer of verskaf vanaf u besigheid of huurgeld ontvang van huurders.

Vaste kostes/uitgawes

Die kostes en uitgawes van u besigheid wat u moet betaal, hetsy u besigheid handel dryf of nie, en wat nie direk proporsioneel aan u omset/verkope/inkomste verwant is nie.

Veranderlike kostes/uitgawes

Die kostes en uitgawes van u besigheid wat u nie hoef te betaal indien u besigheid nie handel dryf nie en wat direk proporsioneel aan die waarde van u omset/verkope/inkomste verwant is.

Netto wins voor belasting

Die waarde van u omset/verkope/inkomste minus u vaste kostes/uitgawes asook u veranderlike kostes/uitgawes voordat enige belastingsbetaling op die besigheidswins gemaak is.

Finansiële verslag/balansstaat

Al die finansiële syfers, wat vir 'n finansiële jaar, in u rekeningboeke verskyn, of indien u besigheid nog nie vir een jaar oop is nie, dan net die syfers relevant tot die tydperk van werking.

Neiging

Die bewysde toename, of afname in die persentasie van u omset/verkope/inkomste as gevolg van omstandighede of enige verandering wat u besigheid kan affekteer, voor of na die skade vir die tydperk wat onmiddellik op die finalisering van u finansiële verslag/balansstaat volg.

Eiseverhouding

U vaste kostes/uitgawes plus u netto wins voor belasting as 'n persentasie van u omset/verkope/inkomste, soos in u finansiële verslag/balansstaat bereken.

Skadeloosstellingstydperk

Ons sal u vergoed vanaf die tyd wanneer die skade/verlies gebeur, tot en met die tyd wanneer u besigheid weer handel dryf en u omset/verkope/inkomste tot wat dit voor die eis was, herstel is, onderhewig aan enige verandering in die besigheidsneiging.

Skade

Skade wat deur 'n gevaar wat gedek is ten opsigte van die **Brand, Kantoorinhoud, of Geboue Omvattend afdelings** van hierdie polis, hetsy aan die eiendom in die **Brand afdeling** of eiendom elders in die polis verseker, aangerig is.

Ons sal u vergoed

Indien u omset/verkope/inkomste as gevolg van enige skade wat tot die onderbreking van u besigheid lei verloor, en dit was veroorsaak deur enige gevare wat onder die **Brand, Kantoorinhoud, of Geboue Omvattend afdelings** van u polisboek gedek is.

Die onderbreking moet as gevolg van 'n verlies wees wat tot 'n geldige eis onder hierdie afdelings sal lei. Die verlies moet ook in die verloop van u besigheid en by die besigheidsperseel soos op u skedule aangetoon, gebeur het.

Ons sal u vergoed en u in dieselfde posisie, soos wat u voor die skade was, plaas, sodat u besigheid kan voortgaan asof die skade aan u eiendom wat die verlies van omset/verkope/inkomste veroorsaak het, nooit gebeur het nie.

Maksimum skadeloosstelling

Die som van finansiële verlies wat u gely het tot en met die tyd wat u besigheid na die verwagte gehalte terugkeer en onderhewig aan die maksimum skadeloosstelling in die tydperk wat op u skedule uiteengesit is.

Berekening van betaling

Ons betaling word op die volgende berekening gebaseer:

Die eiseverhouding, toegepas op die bewysde verlies van omset/verkope/inkomste wat gely is, vir neiging aangepas, maar minus enige vaste kostes/uitgawes wat as gevolg van die skade nie betaal was nie.

Voorbeeld van hoe ons skadeloosstelling sal bereken:

VERANDERLIKE KOSTES/ UITGAWES WAT IN DIE VORIGE JAAR SE FINANSIËLE VERSLAG AANGETEKEN IS	R750 000
VASTE KOSTES/ UITGAWES WAT IN DIE VORIGE JAAR SE FINANSIËLE VERSLAG AANGETEKEN IS	R200 000
NETTO WINS VOOR BELASTING	R50 000
OMSET WAT IN DIE VORIGE JAAR SE FINANSIËLE VERSLAG AANGETEKEN IS	R1 000 000
EISEVERHOUDING:	$R1\ 000\ 000 - R750\ 000 = R250\ 000$
	$\frac{R50\ 000 \times \% = 25\%}{R1\ 000\ 000}$
VERHOUDING =	
BEWYSDE VERLIES VAN OMSET/VERKOPE/ INKOMSTE, NA VERLIES OF SKADE,	R100 000
BV. MAKSIMUM SKADELOOSSTELLING IS DUS MINUS	
ENIGE BEREIKDE BESPARINGS	R25 000

INDIEN DIE BESIGHEIDSNEIGING 'N TOENAME VAN 20% AANTOON, DAN SAL DIE SKADELOOSSTELLING TOT **R30 000** AANGEPAS WORD, MINUS ENIGE BEREIKDE BESPARINGS.

Neem kennis

- Die bogenoemde berekening is slegs 'n voorbeeld.
- Die aangestelde assessor kan die skadeloosstelling in verband met 'n toename in die bedryfskoste van die besigheid bereken of volgens die voorbeeld (of 'n kombinasie van beide) wat 'n gevolg van 'n afname in omset/verkope/inkomste is, op voorwaarde dat die maksimum waarde van die skadeloosstelling nie die berekening van die afname in omset/verkope/inkomste oorskry nie.

U verpligtinge

U moet seker maak dat al u rekeningboeke in orde is en dat rekords binne die 60 dae grasietydperk vanaf die einde van elke maand op datum is. Indien u rekords ten tye van die verlies nie op datum is nie sal ons die syfers en ondersteunende dokumente wat u gebruik het toe u vir u BTW opbrengs voorberei het, gebruik. Indien u nie 'n geregistreerde ondernemer in bepaling van die BTW- wet is nie, behou ons die reg om u te vergoed soos wat ons regverdig en billik beskou.

Dekking wat outomaties ingesluit is om u te help

Rekenmeesters

Ons sal enige inligting aangevra vanaf u aangestelde rekenmeester as waar en korrek aanvaar.

Opgehoopte voorraad

Indien u, u omset/verkope/inkomste kan handhaaf deur van u opgehoopte voorraad te gebruik, sal ons u vergoed asof u nie u opgehoopte voorraad gebruik het nie.

Departemente/take/besigheidseenhede

U besigheid mag in aparte eenhede opgedeel word en verantwoordelikheid vir elkeen apart geneem word. Indien hierdie die geval is en u die akkurate omset/verkope/inkomste van u hele besigheid gemeld het, sal ons eiseberekening slegs op die spesifieke eenheid wat die verlies of skade gely het, gebaseer wees.

Eenheidsopbrengs

Indien u dit so verkies, sal ons die eisebetaling aan u bereken deur die randwaarde van die afname in produksie wat u besigheid gely het as gevolg van die verlies of skade, uitwerk.

Wrakgoedere verkope omset/verkope/inkomste

Wanneer u eiseskadeloosstelling bereken word sal ons ook enige omset/verkope/inkomste wat u van enige wrakgoedere verkope wat u in die tydperk tussen die skade en die finalisering van die eis, ontvang het, in ag neem.

Ander persele

Indien u besigheid van enige van die volgende afhanklik is, sal ons die skadeloosstelling uitwerk asof die skade by u besigheidsperseel plaas-gevind het:

a. Verskaffer in Suid-Afrika

Indien skade deur 'n gevaar wat onder die **Brand, Kantoorinhoud, of Geboue Omvattend afdelings** gedek is, by die perseel van u Suid- Afrikaanse verskaffer gebeur en u verskaffer is as gevolg daarvan nie in staat om die produkte wat u nodig het om u omset/verkope/inkomste te verdien te verskaf nie, sal dit gedek wees.

b. Verhinderings van toegang

Indien skade deur 'n gevaar wat onder die **Brand, Kantoorinhoud, of Geboue Omvattend afdelings** gedek is, binne 'n 15 km radius vanaf u versekerde besigheidsperseel gebeur en as 'n gevolg daarvan dit onmoontlik maak om toegang tot u perseel te kry, en u as 'n gevolg daarvan 'n afname in omset/verkope/inkomste ly, sal dit gedek wees.

c. Addisionele besigheidsperseel

Indien u addisionele besigheidspersele beset en u ly 'n verlies van omset/verkope/inkomste as gevolg van 'n gevaar wat onder die **Brand, Kantoorinhoud, of Geboue Omvattend afdelings** van u polis gedek is, sal dit gedek wees.

d. Kliënte in Suid-Afrika

Indien u Suid-Afrikaanse kliënt skade wat deur die **Brand, Kantoorinhoud, of Geboue Omvattend afdelings** van u polis gedek is ly, en as gevolg daarvan die kliënt nie in staat is om die produkte wat u verskaf te aanvaar nie en u dus omset/verkope/inkomste verloor, sal dit gedek wees.

e. Openbare dienste

Indien die openbare verskaffing van elektrisiteit, water, gas of telekommunikasie dienste aan u besigheid buite werking is vir langer as 24 uur, as gevolg van skade deur 'n gevaar wat gedek is onder die **Brand, Kantoorinhoud, of Geboue Omvattend afdelings** van u polis.

Opsionele dekking

Indien u die dekking, soos hieronder beskryf, gekies het en u skedule dui aan dat u 'n premie daarvoor betaal.

Kwaadwillige skade

Verlies of skade as gevolg van kwaadwillige skade word onder die **Brand, Kantoorinhoud, of Geboue Omvattend afdelings** van u polis uitgesluit. U kan u goedere teen toevallige skade verseker en dan onder hierdie afdeling kwaadwillige skade kies. Indien dit die geval is en u skedule toon dat u 'n premie vir hierdie dekking betaal, sal ons u ook vergoed as u omset/verkope/inkomste as gevolg van kwaadwillige skade verloor, en die skade daartoe lei dat u besigheid onderbreek word. Die meeste wat ons vir 'n eis van hierdie aard sal betaal, is die maksimum vergoedingsbedrag vir kwaadwillige skade soos wat op u Toevallige skade skedule aangetoon is.

Bykomende verhoging in bedryfskoste

Addisionele uitgawes wat u gedurende die skadeloosstellingstydperk aangaan om voort te gaan met u besigheidsverrigtinge na verlies of skade as gevolg van 'n versekerbare gevaar. Die maksimum bedrag wat ons sal betaal word op u skedule aangedui.

Ons vergoed u nie:

- Indien u besigheid vir enige rede gestaak word.
- Indien u besigheid in likwidasië geplaas word of indien u besigheid deur 'n geregtelike bestuurder wat deur 'n hof aangestel word, bestuur word.
- Indien u, as gevolg van enige wetsproses of mediese ongeskiktheid, nie in staat is om u besigheid te bestuur nie en indien u die alleeneienaar is en nie iemand kan aanstel om u besigheid vir u te bestuur nie.
- Vir verlies van omset/verkope/inkomste as gevolg van enige voorval wat nie as 'n versekerde gevaar onder die **Brand, Kantoorinhoud, of Geboue Omvattend afdelings** van u polis genoem is nie.
- Vir enige gevolglike verlies aan voertuie en voorraad wat vervoer word of eiendom wat nie onder hierdie polis verseker is nie.
- Skade as gevolg van diefstal sal nie gedek word nie.
- Vir Oordraagbare Siektes
 - enige verlies, skade, aanspreeklikheid, eis, koste of uitgawes van watter aard ookal, direk of indirek veroorsaak deur, bygedra deur, die resultaat van, voortspruitend uit, of in verband met 'n oordraagbare siekte of die vrees of dreigement (hetsy werklik of waargeneem) van 'n oordraagbare siekte, ongeag van enige ander oorsaak of gebeurtenis wat gelyktydig of in enige ander volgorde daartoe bydra.

- 7.2 enige oordraagbare epidemie/pandemie (indien deur 'n toepaslike nasionale of internasionale owerheid/licgaam/agentskap geklassifiseer is) wat lei tot:
- die oplegging van kwarantyn of die beperking van beweging van mense, goedere en/of diere, deur 'n nasionale of Internasionale liggaam of agentskap en/of
 - enige reisadvies of waarskuwing wat deur 'n nasionale of internasionale liggaam of agentskap uitgereik word.

Wat gebeur indien u onderverskerd is

Indien die versekerde bedrag minder is as die ware omset/verkope/inkomste wat in die 12 maande voor die verlies of skade gebeur het ontvang is (of indien die besigheid vir 12 volle maande nie in werking was nie, die proporsionele waarde van 12 maande se werking), omdat die versekerde bedrag volgens 12 volle maande se omset/verkope/inkomste uitgewerk is, sal ons die eis proporsioneel uitbetaal.

Ons berekening sal soos volg wees:

$$\frac{\text{VERSEKERDE BEDRAG} \times \text{DIE WAARDE VAN U EIS}}{12 \text{ MAANDE SE OMSET/VERKOPE/INKOMSTE TEN TYE VAN DIE VERLIES}}$$

Byvoorbeeld: $\frac{R110\,000 \times R10\,000}{R150\,000}$

ONS SAL U SLEGS TOT **R7 333** VERGOED.

Geboue omvattend

Onder hierdie afdeling kan u vir verlies of skade aan die fisiese struktuur van u besigheids- en buitegeboue eis.

Bybetalings

Elke keer wanneer iets gebeur waarvoor u eis, is u verantwoordelik vir die basiese bybetaling. U moet ook enige van die bykomende bybetalings op u skedule, bo en behalwe die basiese bybetaling, betaal, waar van toepassing.

Definisies

Die volgende definisies is op hierdie afdeling van toepassing:

Derdeparty

'n Derdeparty is enige persoon met wie u, volgens die hof, nie 'n werkgewer- of familieverhouding het nie.

Ons sal u vergoed

Vir fisiese verlies of fisiese skade aan u geboue, sports- en ontspanningsstrukture en buitgeboue (met bakstene, klip, beton of metaal gebou en 'n dak van leiklip, betonteëls, beton, asbes of metaal), insluitend die verhuurde se los en vaste toebehore asook grensmure, hekke, geteerde en geplaveide paaie, opritte, paaie of parkeerterreine waarvoor u wetlik verantwoordelik is.

Maksimum skadeloosstelling

Die maksimum wat ons vir enige eis onder hierdie afdeling sal betaal is die versekerde bedrag. Monitêre versekerde bedrae wat onder dekking wat outomaties ingesluit is verskyn, is nie by die versekerde bedrag ingesluit nie en is bo en behalwe betaalbaar. Die versekerde bedrae is in die **Geboue – Gekombineerd afdeling** van u skedule genoteer.

Versekerde gevare

Indien verlies of skade deur een van die volgende versekerde gevare veroorsaak is, sal daar dekking wees:

- Brand, weerlig, donderslag, kragstuwing, ondergrondse vuur, aardbewing, ontploffing, storm, wind, water, hael en sneeu;
- Impak deur diere, bome (behalwe terwyl hulle afgekap word), lugdrade, satelietskottels, voertuie, vliegtuie en goedere wat uit vliegtuie val;
- Diefstal waar daar by 'n gebou of struktuur ingebreek word;
- Kostes van enige geregistreerde brandbestrydings- of reddingsorganisasie;
- Kostes van enige munisipaliteit om planne goed te keur om verlore of beskadigde eiendom te herstel, goed te keur; en
- Toevallige breekskade van vaste spieëlglas, vaste glasvensters vaste glasdeure en sanitêre ware.

Dekking wat outomaties ingesluit is om u te help

Verlies van huurgeld

Indien u huurgeld verloor omdat u huurder die gebou of enige deel van die gebou as gevolg van 'n versekerde gevaar moet ontruim, of indien u huurder as gevolg van 'n versekerde gevaar nie u gebou kan binnetree nie, maar slegs totdat die gebou of die beskadigde gedeelte daarvan geskik vir herbesetting is. Die maksimum wat ons vir 'n eis onder hierdie afdeling sal betaal is 25% van die versekerde bedrag.

Verhuurders Aanspreeklikheid

Indien u, as verhuurder van die versekerde eiendom, wettig aanspreeklik gehou word vir verlies of skade. Die maksimum wat ons vir 'n eis onder hierdie afdeling sal betaal word op u skedule genoem.

Professionele fooie

U sal dalk professionele bystand benodig wanneer u eiendom deur 'n versekerde gevaar verlore of beskadig geraak het. Ons sal u vir die kostes van argitekte of ander professionele persone wat te doen het met die samestelling van beramings, planne, spesifikasies, hoeveelhede, tenders of toesig, vergoed.

Sloping- en verwyderingskoste

Ons sal u vir die kostes van sloping en puin verwydering, van die grond, na verlies of skade as gevolg van enige versekerde gevare, vergoed.

Tydlike verwydering

Ons sal sekere goedere wat as item/s 2 onder "Versekerde bedrae" in die **Brand afdeling** aangeteken is dek wanneer hul weg van u besigheids-perseel vir die doel van opknapping, herstelling of instandhouding is.

Ander huurders

Ons verstaan dat die ander huurders in die gebou wat u beset, kan uittrek of hul besigheidsaktiwiteite kan verander en sodoende moontlik u eiendom in groter gevaar as wat u oorspronklik aan ons genoem het, kan stel. Indien hierdie sonder u medewete gebeur, sal ons u dekking bied, mits u ons so gou as wat u van die veranderings bewus raak, in kennis stel. Dit sal dalk ook van u verwag word om aan bykomende sekuriteitsvereistes te voldoen of om enige bykomende premies, wat ons regverdig en redelik ag, te betaal.

Verbandklousule

Die belang van enige verbandhouer in die geboue, verbeterings, verhuurder se los en vaste toebehore en huur wat slegs verseker is, sal nie benadeel word deur enige handeling of versuiming aan die kant van die, verbandgewer (versekerde) of verbandgewer se huurders wat 'n groter gevaar tot gevolg het nie, mits sodanige handeling of weglatings sonder die medewete van die verbandhouer bewerkstellig is. In die geval van 'n totale verlies sal ons slegs die verbandhouer vrywaar vir die uitstaande balans wat nog op die eiendom verskuldig is. Die verbandhouer sal ons egter in kennis stel sodra sodanige handeling of versuiming onder die aandag van die verbandhouer kom en die verbandgewer sal verantwoordelik wees vir enige bykomende premie betaalbaar vanaf die datum waarop ons instem om 'n verhoogde gevaar te aanvaar.

In die geval van enige handeling of versuiming, soos omskryf in die algemene bepalings en voorwaardes van die polis, deur die verbandgewer of verbandgewer se huurders wat 'n verhoogde gevaar tot gevolg gehad het, sal geen skadeloosstelling aan die verbandgewer plaasvind nie.

Toename in bou kostes

Aangesien die prys van boumateriaal en arbeid jaarliks styg, sal ons die versekerde waarde van sekere items, elke kalenderjaar vanaf die aanvang van u polis met 10% verhoog. Dit is 'n vereiste om ten minste een keer per kalenderjaar die waarde van hierdie items te verhoog om sodoende voorsiening vir die hoër kostes te maak. Indien u versuim om die versekerde bedrag jaarliks te verhoog sal die oorspronklike waarde plus 10% die maksimum versekerde waarde wees wat ons as geldig sal beskou.

Openbare dienste

Ons sal u vergoed vir toevallige skade aan water, riolering, gas, elektrisiteit en telekommunikasieverbindings, wat deel van u eiendom is of waarvoor u wettiglik verantwoordelik is tussen die versekerde eiendom en die openbare toevoer of hoofleiding.

Opsionele dekking

Indien u die dekking, soos hieronder beskryf, gekies het en u skedule dui dat u 'n premie daarvoor betaal.

Insakking van grond

Ons sal u vergoed vir verlies of skade aan die geboue, soos hierbo beskryf, wat deur insakking, opswelling of grondverskuiwing van die grond waarop die geboue staan, veroorsaak is, solank die verlies of skade nie veroorsaak is deur of toegeskryf word aan:

- ander uitgrawings behalwe mynuitgrawings;
- veranderings, aanbouings of herstel aan die geboue;
- die kompaktering van vulstof;

- foutiewe ontwerp materiaal of vakmanskap; of
- normale vassakking, inkrimping of uitsetting van die gebou nie.

Onder die dekkingstoevoeging sal ons u ook vergoed indien u kantoorinhoud by ons verseker is en as gevolg van insakking, opwelling of grondverskuiwing, as u 'n kantoorinhoud met ons het by dieselfde versekerde adres, verlore of beskadig is en daarvoor op dieselfde tyd geëis word as wat u vir u geboue eis en die geboue-eis goedgekeur word.

Warmwatertoesteldekking

- verlies of skade wat deur warmwatertoestel/le, toerusting of pype wat deel is van die warmwatertoestel/le en aangeheg is, veroorsaak word, tot en met die maksimum, soos op u skedule aangedui;
- verlies van of skade aan die warmwatertoestel/le en aangehegte toerusting en pype; en
- verlies of skade aan u hitte pompe, sonpanele, sonkrag buise, gas en induksie, maar slegs indien dit op u skedule aangedui word.

U moet u warmwatertoestelle teen die werklike hoeveelheid warmwatertoestelle in u versekerde geboue verseker. Indien u eis, sal ons die koste teenoor die werklike hoeveelheid warmwatertoestelle bereken. Indien u die warmwatertoestelle teen minder as die werklike hoeveelheid warmwatertoestelle verseker het, sal ons slegs 'n deel van u eis betaal, bv:

EIS VIR EEN STUKKENDE WARMWATERTOESTEL	R10 000
HOEVEELHEID WARMWATERTOESTELLE VERSEKER	1
WERKLIKE HOEVEELHEID WARMWATERTOESTELLE	2
BEREKENING VIR ONDERVERSEKERING	$\frac{R10\ 000 \times 1}{2}$
EISUITBETALING	R5 000

Neem asseblief kennis: installasies moet aan die vervaardiger(s) se vereistes en alle toepaslike regulasies voldoen.

Ons vergoed u nie:

- Vir die verlies of skade as gevolg van:
 - 1.1 Enige tsoenamie, vulkaan, of abnormale natuurtoestande wat nie in hierdie afdeling as 'n gevaar of addisionele gevaar ingesluit is nie.
 - 1.2 Die blootstelling van die eiendom aan enige verhitting-, verdroging- of waterproses.
 - 1.3 Eiendom wat buite in die ope lug is, behalwe as dit ontwerp was om buite in die ope lug te wees.
 - 1.4 Enige foutiewe ontwerp of konstruksie.
 - 1.5 Die verswakking van enige gebou of struktuursondersteuning.
 - 1.6 Die werk van enige arbeiders.
 - 1.7 Enige uitgrawings.
 - 1.8 Regsaanspreeklikheid wat vanuit enige kontrak ontstaan.
 - 1.9 Regsaanspreeklikheid vir dood of besering wat nie direk deur 'n derdeparty gely is nie.
 - 1.10 Regsaanspreeklikheid vir eiendomsverlies of – skade wat nie direk deur 'n derdeparty gelei is nie.
 - 1.11 Enige kwaadwillige skade.
 - 1.12 Die eiendom 'n keermuur is, tensy die keermuur ontwerp en gebou was volgens strukturele ingenieursspesifikasies, waarvan u bewys van moet kan lewer, drein of geboude waterloop.

Ons sal u ook nie vir enige verlies of skade of vir regsaanspreeklikheid vergoed indien hierdie eiendom onder enige ander versekeringspolis verseker is nie, ons sal u ook nie vergoed indien die besigheid 'n kleinhandelsbesigheid is nie.
- Indien u addisionele dekking vir insakking en grondverskuiwing gekies het, sal ons u nie vir die volgende vergoed nie:
 - 2.1 Verlies of skade aan soliede vloerblaaie of enige ander deel van die gebou as gevolg van bewegende blaaie, behalwe indien die fundamente wat die buitemure ondersteun, terselfertyd deur dieselfde oorsaak beskadig is.
 - 2.2 Verlies of skade aan swembaddens, tennisbane, stoepes, terrasse, opritte, paadjies, septiese- of opgaartenks, afvoerpype, waterlope, mure, hekke, deurposte en heinings, behalwe indien die versekerde geboue terselfertyd deur dieselfde oorsaak beskadig is.
 - 2.3 Die koste van die werk wat benodig is om verdere verlies of skade as gevolg van insakking van grond, opwelling of grondverskuiwing te verhoed, behalwe indien die toepaslike ontwerpvoorsorgmaatreëls gedurende die oorspronklike konstruksie van die gebou toegepas was en enige daaropvolgende toepassings gemaak is.
- Vir skade aan – of verlies van u warmwatertoestelle, behalwe as dit spesifiek onder hierdie afdeling verseker is en dit op u skedule aangetoon word dat u 'n premie daarvoor betaal.

Wat gebeur indien u onderverseker is

Die bedrag waarvoor u, u eiendom verseker, moet die nuwe vervangingswaarde wees. Die vervangingswaarde is wat dit u sal kos om, ten tye van die eis, al u eiendom met soortgelyke nuwe eiendom te vervang. Indien u eis, sal ons die vervangingswaarde waarvoor u, u eiendom moes verseker het, uitwerk. Indien u vir minder as hierdie bedrag verseker het, sal ons net gedeelte van u eis betaal, bv.:

EIS	R10 000
VERSEKER VIR	R50 000
VERVANGINGSWAARDE	R100 000
BEREKENING VIR ONDERVERSEKERING	$\frac{R10\ 000 \times R50\ 000}{R100\ 000}$
EISUITBETALING	R5 000

Kantoorinhoud

Onder hierdie afdeling kan u eis vir die kantoorinhoud wat u binne u besigheidperseel hou.

Bybetalings

Elke keer wanneer iets gebeur waarvoor u eis, is u verantwoordelik vir die basiese bybetaling. U moet ook enige van die bykomende bybetalings op u skedule, bo en behalwe die basiese bybetaling, betaal, waar van toepassing.

Definisies

Die volgende definisie is op hierdie afdeling van toepassing:

Dokumente

Hierdie verwys na u besigheid se finansiële rekords, manuskripte, geskrewe rekords, kaarte, planne, tekeninge, aktes, testamente, verbande, ooreenkomste, briewe, sertifikate, ontwerpe, patrone en ander geskrewe of gedrukte of ingeskrewe papier wat in u wettige besit is of wat deur u gebruik is.

Ons sal u vergoed

Die fisiese verlies van of fisiese skade aan u kantoorinhoud by die versekerde besigheidperseel, soos aangeteken in die **Kantoorinhoud afdeling** van u skedule, indien die verlies of skade deur een van die onderstaande gevare veroorsaak word.

Maksimum skadeloosstelling

Die maksimum wat ons vir enige eis onder hierdie afdeling sal betaal is die versekerde bedrag. Monitêre versekerde bedrae wat onder dekking wat outomaties ingesluit is verskyn, is nie by die versekerde bedrag ingesluit nie en is bo en behalwe betaalbaar. Die versekerde bedrae is in die **Kantoorinhoud afdeling** van u skedule genoteer.

Versekerde gevare

Verlies van of skade aan die inhoud van u kantoor asook u regs aanspreeklikheid vir die verlies van of skade aan ander partye se dokumente wat in u besit is, as gevolg van:

1. Brand, weerlig, donderslag, kragstuwing, ondergrondse vuur, aardbewing, ontploffing, storm, wind, water, hael en sneeu;
2. Impak deur diere, bome (behalwe terwyl hulle afgekap word), lugrade, satelietskottels, voertuie, vliegtuie en goedere wat uit vliegtuie val.
3. Koste van enige geregistreerde brandbestrydings- of reddingsorganisasie.
4. Koste van enige munisipaliteite om planne om verlore of breekskade eiendom te herstel, goed te keur.
5. Toevallige brekasie van vaste spieëlglas, vaste glasvensters, vaste glasdeure en glasblaaie van meubels.

Ons sal u ook vergoed vir die vervangingskoste van die slotte en sleutels van u kantoor perseel indien dit bewys is dat die sleutels in die besit van enige ongemagtigde persoon is of as enige ongemagtigde persoon duplikate van u kantoor sleutels het.

Dekking wat outomaties ingesluit is om u te help

Professionele fooie

U sal dalk professionele bystand benodig wanneer u goedere wat as gevolg van die versekerde gevare verlore of beskadig geraak het, wil vervang. Ons sal u vir die kostes van argitekte of ander professionele persone wat te doen het met die samestelling van beramings, planne, spesifikasies, hoeveelhede, tenders of toesig, vergoed.

Sloping- en verwyderingskoste

Ons sal u vir die kostes van sloping en puin verwydering na verlies of skade as gevolg van enige versekerde gevare, vergoed.

Tydlike verwydering

Ons sal sekere goedere wat as item/s 2 onder "Versekerde bedrae" in die **Brand afdeling** aangeteken is dek wanneer hul weg van u besigheidspersoneel vir die doel van opknapping, herstelling of instandhouding is.

Ander huurders

Ons verstaan dat die ander huurders in die gebou wat u beset, kan uittrek of hul besigheidsaktiwiteite kan verander en sodoende moontlik u eiendom in groter gevaar as wat u oorspronklik aan ons genoem het, kan stel. Indien hierdie sonder u medewete gebeur, sal ons u dekking bied, mits u ons so gou as wat u van die veranderings bewus raak, in kennis stel. Dit sal dalk ook van u verwag word om aan bykomende sekuriteitsvereistes te voldoen of om enige bykomende premies, wat ons regverdig en redelik ag, te betaal.

Diefstal

Die fisiese verlies van of skade aan u kantoorinhoud as gevolg van enige persoon/persone wat by u besigheidspersoneel inbreek en u eiendom verwyder, of poog om u eiendom te verwyder, sonder die bedoeling om dit terug te bring.

Ons sal u ook vergoed as u of u werknemers deur enige persoon of persone, wie u eiendom sonder u toestemming wil verwyder, aangehou word.

Daar moet sigbare bewyse van geweldadige en geforseerde ingang of uitgang wees om te wys dat 'n persoon of persone u eiendom fisies verwyder het of probeer verwyder het.

Die maksimum wat ons vir 'n eis onder hierdie afdeling sal betaal word op u skedule aangetoon.

Indien u besigheidspersoneel vir langer as 30 aaneenlopende dae onbeset is, sal daar geen diefstal dekking wees nie.

Persoonlike eiendom

Verlies of skade aan onversekerde persoonlike eiendom wat aan u of u werknemers behoort. Die maksimum wat ons onder hierdie afdeling sal betaal word op u skedule genoem.

Huur

Betaling van huur aan u verhuurder, in die geval wat u die kantoor moet ontruim as gevolg van skade veroorsaak deur 'n versekerde gevaar of indien u as gevolg van 'n versekerde gevaar nie toegang tot u kantoor kan verkry nie, maar net totdat die kantoor weer geskik vir herbesetting is. Die maksimum vergoeding word op u skedule aangedui.

Verhoogde bedryfskoste

Uitgawes wat u gedurende die skadeloosstellingstydperk aangaan om voort te gaan met u kantoorverrigtinge na verlies of skade as gevolg van 'n versekerbare gevaar. Die maksimum bedrag wat ons sal betaal word op u skedule aangedui.

Slotte en sleutels

Die koste om die slotte en sleutels van u besigheidspersoneel te vervang indien dit bewys kan word dat dit in die besit van 'n ongemagtigde persoon is of indien 'n ongemagtigde persoon duplikaatsleutels tot u besigheidspersoneel het.

Opsionele dekking

Indien u die dekking, soos hieronder beskryf, gekies het en u skedule dui dat u 'n premie daarvoor betaal.

Regsaanspreeklikheidsdokumente

Regsaanspreeklikheid as 'n direkte resultaat van verlies of skade aan dokumente. Die maksimum bedrag wat ons sal betaal word op u skedule aangedui.

Ons vergoed u nie:

Vir verlies of skade as gevolg van:

1. Enige tsoenamie, vulkaan, of abnormale natuurtoestande wat nie in hierdie afdeling as 'n gevaar of addisionele gevaar ingesluit is nie.
2. Die blootstelling van die eiendom aan enige verhitting-, verdroging- of waterproses.
3. Indien die eiendom in 'n ondergrondse myn of buite in die ope lug is, behalwe as dit ontwerp was om buite in die ope lug te wees.
4. Enige foutiewe ontwerp of konstruksie.

5. Die verswakking van enige struktuursondersteuning.
6. Die werk van enige arbeiders.
7. Enige uitgrawings.
8. Regsaanspreeklikheid wat uit 'n kontrak uit voortspruit.
9. Enige kwaadwillige skade.
10. Enige diefstal of verlies veroorsaak deur u of enige ander lede, vennote, direkteurs, prinsipale of werknemers.
11. Verlies van of skade aan eiendom wat onder enige mariene-versekeringspolis verseker is.
12. Elektroniese data en dataverwerkingstoerusting van enige beskrywing insluitende rekenaars en alle verwante hardeware en randapparatuur wat meer spesifiek onder die **Elektroniese Toerusting afdeling** van die polis verseker kan word.

Wat gebeur indien u onderverseker is

Die bedrag waarvoor u, u eiendom verseker, moet die nuwe vervangingswaarde wees. Die vervangingswaarde is wat dit u sal kos om, ten tye van die eis, al u eiendom met soortgelyke nuwe eiendom te vervang. Indien u eis, sal ons die vervangingswaarde waarvoor u, u eiendom moes verseker het, uitwerk. Indien u vir minder as hierdie bedrag verseker het, sal ons net 'n gedeelte van u eis betaal, bv.:

EIS	R10 000
VERSEKER VIR	R50 000
VERVANGINGSWAARDE	R100 000
BEREKENING VIR ONDERVERSEKERING	$\frac{R10\ 000 \times R50\ 000}{R100\ 000}$
EISUITBETALING	R5 000

Rekeninge ontvangbaar

Onder hierdie afdeling kan u eis omdat u as gevolg van die vernietiging van die finansiële rekords van u besigheid, nie die besonderhede van die bedrae wat u toekom, kan opspoor nie.

Bybetalings

Elke keer wanneer iets gebeur waarvoor u eis, is u verantwoordelik vir die basiese bybetaling. U moet ook enige van die bykomende bybetalings op u skedule, bo en behalwe die basiese bybetaling, betaal, waar van toepassing.

Definisies

Die volgende definisies is op hierdie afdeling van toepassing:

Uitstaande debietsaldo's

Die hoeveelheid geld wat kliënte, aan wie u krediet verskaf het, nog aan u skuld. Die totale bedrag sluit die volgende uit:

1. Bedrae reeds betaal.
2. Bedrae wat gekrediteer was.
3. Alle bedrae wat nie as uitstaande skuld op u kliënte se rekeninge aangeteken is nie.

Ons sal u vergoed

Indien u 'n finansiële verlies ly omdat u na die fisiese toevallige verlies van of skade aan u besigheidsboeke van rekeninge en rekords nie in staat is om die uitstaande debietsaldo's wat aan u verskuldig is, op te spoor nie. Ons sal u vergoed vir die addisionele kostes wat u aangaan met die doel om u kliënte en hul uitstaande saldo's op te spoor en te bevestig, insluit.

Maksimum skadeloosstelling

Die maksimum wat ons vir enige eis onder hierdie afdeling sal betaal is die versekerde bedrag. Monitêre versekerde bedrae wat onder dekking wat outomaties ingesluit is verskyn, is nie by die versekerde bedrag ingesluit nie en is bo en behalwe betaalbaar. Die versekerde bedrae is in die **Rekeninge Ontvangbaar afdeling** van u skedule genoteer.

U verpligtinge

U word vereis om volledige afskrifte van al u kliënte se debiteurrekening rekords, binne 60 dae vanaf elke kalendermaand se einde, te maak. Hierdie rekords moet in 'n brandvaste kluis by 'n alternatiewe plek, weg van u besigheidperseel, gehou word.

Ons vergoed u nie vir:

1. Bedrae wat op u rekords as uitstaande skuld aangeteken is en wat dieselfde waarde as u slegte skuld is.
2. Wanneer dit nie bewys kan word dat 'n kliënt geld aan u verskuldig het nie en die kliënt, na u versoek vir die vereffening van die betaling, weier om haar/sy uitstaande rekening te vereffen omdat daar 'n tekort aan ondersteunende dokumentasie is.
3. Vir die verlies van of skade aan u besigheidsboeke van rekeninge en rekords, wat deur die volgende veroorsaak is:
 - 3.1 Slytasie.
 - 3.2 Geleidelike agteruitgang.
 - 3.3 Motte of knaagdiers en insekte.
 - 3.4 Elektriese, elektroniese of magnetiese inmenging of versteuring.
 - 3.5 Bedrieglike of oneerlike optrede wat deur enige belanghebbende, direkteur, lid, vennoot, werknemer of enige iemand wat toegang tot u besigheidsrekeningrekords verkry, hetsy hy/sy geregtig op toegang is of nie.

Diefstal

Onder hierdie afdeling kan u eis indien u besigheidseiendom van binne u versekerde perseel gesteel is.

Bybetalings

Elke keer wanneer iets gebeur waarvoor u eis, is u verantwoordelik vir die basiese bybetaling. U moet ook enige van die bykomende bybetalings op u skedule, bo en behalwe die basiese bybetaling, betaal, waar van toepassing.

Ons sal u vergoed

Vir fisiese verlies van of skade aan u eiendom, uitsluitend kantoorinhoud, maar insluitende voorraad, as gevolg van enige persoon/persone wat by u perseel ingebreek het en gebruik gemaak het van sigbare, kragdadige en gewelddadige ingang of uitgang vanaf hierdie perseel en wat u eiendom verwyder of probeer verwyder het, sonder die bedoeling om dit terug te bring.

Ons sal u ook vergoed as u of u werknemers deur enige persoon/persone wat u eiendom sonder u toestemming wil verwyder in 'n gewapende roof aangehou word.

Maksimum skadeloosstelling

Die maksimum wat ons vir enige eis onder hierdie afdeling sal betaal is die versekerde bedrag. Monitêre versekerde bedrae wat onder dekking wat outomaties ingesluit is verskyn, is nie by die versekerde bedrag ingesluit nie en is bo en behalwe betaalbaar. Die versekerde bedrae is in die **Diefstal afdeling** van u skedule genoteer.

U verpligtinge

Die sekuriteits- en beskermingstoestelle waarvan u ons ingelig het, of wat ons aangedring het dat u installeer, moet ten alle tye in 'n perfekte werkende toestand gehou word en ten alle tye geaktiveer wees wanneer u die besigheid sluit of wanneer die besigheidperseel onbeset gelaat word. Indien ons vind dat hierdie toestelle nie geaktiveer en in perfekte werkende toestand ten tye van die diefstal was nie, het ons die reg om u nie te vergoed nie.

Dekking wat outomaties ingesluit is om u te help

Skade aan geboue

Verlies of skade aan die geboue aangerig (insluitende u verhuurder se los en vas toebehore) as gevolg van enige persoon/persone wat by u besigheidperseel inbreek of probeer inbreek.

Slotte en sleutels

Die vervangingskoste van die slotte en sleutels van u kantoor perseel indien dit bewys is dat die sleutels in die besit van enige ongemagtigde persoon is of indien enige ongemagtigde persoon duplikate van u kantoorleutels het.

Ons vergoed u nie vir:

1. Enige onverklaarbare tekorte.
2. Eiendom wat nie binne die gebou van u besigheidperseel gehou is nie.
3. Breek van enige vaste glas.
4. Die waarde van enige dokumente of papiere.
5. Eiendom wat meer spesifiek verseker is of wat meer spesifiek by ons verseker kan wees.
6. Verlies of skade veroorsaak deur u, of enige belanghebbende, vennoot, direkteur, lid of werknemer.
7. Verlies of skade aan inhoud indien u besigheidperseel vir meer as 30 agtereenvolgende dae onbeset is.

Geld

Onder hierdie afdeling kan u vir die kontant, tjeks en kluis wat u by u besigheidspersoneel hou, eis.

Bybetalings

Elke keer wanneer iets gebeur waarvoor u eis, is u verantwoordelik vir die basiese bybetaling. U moet ook enige van die bykomende bybetalings op u skedule, bo en behalwe die basiese bybetaling, betaal, waar van toepassing.

Ons sal u vergoed

Vir die fisiese verlies van of skade aan wettig betaalde kontant, tjeks wat met "nie oordraagbaar" gekruis is, kredietkaart bewysstukke, pos- of inkomsteseëls – laasgenoemde moet almal 'n Suid-Afrikaanse Rand waarde hê.

Ons sal u ook vergoed vir die fisiese verlies van of skade aan enige kluis, kasregister, kontanthouer, brandkamer of enige ander soortgelyke geldhouer tydens die verlies of skade aan u geld.

Maksimum skadeloosstelling

Die maksimum wat ons vir enige eis onder hierdie afdeling sal betaal, is die versekerde bedrag. Dit word uiteengesit in die **Geld afdeling** van u skedule.

U verpligtinge

Daar word van u vereis om 'n volledige geskrewe rekord van alle geld ontvang en aan u uitbetaal te hê sodat ons die waarde van enige eis kan bevestig.

Die besonderhede wat u aan ons oor die kluis wat by u besigheidspersoneel gebruik word verskaf het, is in die **Geld afdeling** van u skedule aan geteken. Daar word van u vereis om seker te maak dat die kluis ten alle tye in 'n perfekte werkende toestand is. Indien ons vind dat die kluis nie in 'n perfekte werkende toestand tydens u eis was nie, het ons die reg om u nie te vergoed nie.

Dekking wat outomaties ingesluit is om u te help

Kluis en bewaarplekke

Kluis, brandkaste, geldkissies of enige ander geldbrandkaste word gedek tot die maksimum soos aangedui op u skedule.

Persoonlike besittings

U en u werknemers se klere en persoonlike besittings wat nie reeds verseker is nie. Die maksimum wat ons sal betaal word op u skedule aangedui.

Geld wat nie in 'n kluis toegesluit is nie

Geld wat nie in 'n kluis toegesluit word na besigheidsure nie, insluitend geld wat u of u werknemers by julle huise hou en geld wat vir besigheidsreise gebruik word. Die maksimum wat ons sal betaal word op u skedule aangedui.

Dekking vir nie-mediese uitgawes

Dekking sal vanaf die eerste dag van hospitalisasie verskaf word, tensy betaling ten opsigte van permanente ongeskiktheid of dood betaalbaar word. Die maksimum wat ons vir enige eis ten opsigte van nie-mediese uitgawe dekking sal betaal, wat verband hou met hospitalisasie as gevolg van 'n gewapende roof, is **R5 000**. Hierdie voordeel is betaalbaar as 'n eenmalige bedrag wanneer bewys van hospitalisasie ontvang word.

Ons vergoed u nie vir:

1. Enige onverklaarbare tekorte of tekorte as gevolg van foute of uitlatings.
2. Eiendom wat meer spesifiek verseker is of wat meer spesifiek elders verseker kan wees.
3. Verlies of skade wat deur u of enige vennoot of werknemer veroorsaak is.
4. Geld wat nie ten alle tye in 'n geslote kluis gehou word wanneer u die besigheid sluit of wanneer u besigheidspersoneel onbeset is, nie.
5. Geld wat in enige voertuig gehou is wanneer die voertuig nie deur u of enige vennoot of werknemer beset is nie, behalwe wanneer die geld deur 'n geregistreerde sekuriteitsmaatskappy vervoer word.
6. Geld in enige OTM of muntoutomaat.
7. Geld wat nie aan u behoort nie.
8. Vervalsde geld.

Getrouheidswaarborg

Onder hierdie afdeling kan u eis vir enige besigheidsverliese wat u gely het as gevolg van bedrog, oneerlikheid of diefstal deur werknemers.

Bybetalings

Elke keer wanneer iets gebeur waarvoor u eis, is u verantwoordelik vir die basiese bybetaling. U moet ook enige van die bykomende bybetalings op u skedule, bo en behalwe die basiese bybetaling, betaal, waar van toepassing.

Definisies

Die volgende definisies is op hierdie afdeling van toepassing:

Werknemer

Enige persoon wat in terme van die Wet op Arbeidsverhoudinge (Wet Nr. 66 van 1995) (soos gewysig) as 'n werknemer gedefinieer is.

Diefstal

Die onregmatige inbesitname van u eiendom, wat daartoe lei dat die werknemer oneerlike persoonlike gewin van watter aard ookal gedurende die tydperk wat hierdie afdeling van die polis van krag is, ontvang.

Bedrog of oneerlikheid

Die gebruik van valse voorstellings om sodoende onregeverdige voordeel (of wins) te verkry.

Ons sal u vergoed

Finansiële verlies wat deur u gely is as gevolg van die diefstal van u eiendom deur 'n werknemer of deur enige iemand anders wat in samewerking met 'n werknemer, insluitend enige lede, vennote, direkteurs of prinsipale, optree.

Maksimum skadeloosstelling

Die maksimum wat ons vir enige eis onder hierdie afdeling sal betaal, is die versekerde bedrag op die datum waarop die diefstal of bedrog of oneerlikheid ontdek is, ongeag van enige diefstal wat oor meer as een tydperk van versekering gepleeg is. Dit word uiteengesit in die **Getrouheidswaarborg afdeling** van u skedule. Monitêre versekerde bedrae wat onder dekking wat outomaties ingesluit is verskyn, is nie by die versekerde bedrag ingesluit nie en is bo en behalwe betaalbaar.

U verpligtinge

1. Om alle voorsorgmaatreëls te onderhou en aan te hou onderhou om sodoende diefstal te verhoed.
2. Rapporteer enige optrede van diefstal of bedrog of oneerlikheid aan die polisie, indien ons van u versoek om dit te doen.
3. Lig ons onmiddellik in wanneer u van enige diefstal bewus word, en in alle gevalle moet dit binne 24 uur vanaf die bewuswording gedoen word.
4. Stel 'n aanklag van diefstal of bedrog teen die betrokke werknemer by die polisie in. U mag nie later die aanklag onttrek nie.

Neem kennis dat u, met die instemming van u ouditeur, 'n werknemer se pligte kan verander.

Opsionele dekking

Indien u die dekking, soos hieronder beskryf, gekies het en u skedule dui dat u 'n premie daarvoor betaal.

Rekenaarbedrog, diefstal of oneerlikheid

Diefstal of bedrog of oneerlikheid deur middel van die gebruik van elektroniese data-verwerking, rekenaar, data, program, sagteware, sisteem of deur media manipulasie, insette, onderdrukking van insette, vernietiging of verandering.

Ons vergoed u nie vir die volgende nie:

1. Diefstal of bedrog of oneerlikheid wat nie binne 24 maande vanaf die diefstal deur u opgemerk is nie.
2. Diefstal of bedrog of oneerlikheid wat nie binne 12 maande vanaf die diensbeëindiging van die werknemer deur u opgemerk is nie.
3. Diefstal of bedrog wat deur enige belanghebbende gepleeg is, behalwe indien die persoon ten tye van die diefstal 'n werknemer van u besigheid was.
4. Diefstal of bedrog of oneerlikheid deur u werknemer gepleeg is, nadat u bewus geword het van die werknemer se aksies.
5. Diefstal of bedrog of oneerlikheid wat gepleeg is deur die gebruik van elektroniese dataverwerking, rekenaar, data, program, sagteware, sisteem of deur media manipulasie, insette, onderdrukking van die toevoer, vernietiging of verandering, behalwe indien u spesifiek dekking vir sulke voorvalle gekies het en dit op u skedule toon dat u 'n premie daarvoor betaal.
6. Enige verliese wat deur enige ander professionele vergoeding of getrouheidswaarborg polis gedek is.

Glas

Onder hierdie afdeling kan u vir die vaste glas by u besigheidspersoneel eis.

Bybetalings

Elke keer wanneer iets gebeur waarvoor u eis, is u verantwoordelik vir die basiese bybetaling. U moet ook enige van die bykomende bybetalings op u skedule, bo en behalwe die basiese bybetaling, betaal, waar van toepassing.

Ons sal u vergoed

Vir toevallige breekskade aan vaste vensters, deure, spieëls, meubels en ander vaste glas by u versekerde besigheidspersoneel waarvoor u verantwoordelik is, soos op u skedule aangedui.

Daarby sal ons u vergoed vir skade aan u rame, alarm, letterskilderwerk, en enige ander aanheggings tot die glas. Ons sal ook help betaal vir die verwydering en vervanging van los- en vastetoebehore, indien dit nodig is vir die vervanging van die glas, tot 'n totale bedrag van 10% van die totaal waarvoor u die glas verseker het.

Ons vergoed u ook vir die koste vir 'n wagdiens en/of enige beplanking wat voor vervanging mag nodig wees.

Maksimum skadeloosstelling

Die maksimum wat ons vir enige eis onder hierdie afdeling sal betaal is die versekerde bedrag. Monitêre versekerde bedrae wat onder dekking wat outomaties ingesluit is verskyn, is nie by die versekerde bedrag ingesluit nie en is bo en behalwe betaalbaar. Die versekerde bedrae is in die **Glas afdeling** van u skedule genoteer.

Opsionele dekking

Indien u die dekking, soos hieronder beskryf, gekies het en u skedule dui dat u 'n premie daarvoor betaal.

Neon tekens

Verlies of skade aan neon lig bokse wat as tekens en vir vertoning gebruik word, tot en met die bedrag wat op u skedule aangetoon is.

Ons vergoed u nie vir die volgende nie:

1. Glas wat voordat u by ons verseker was, gebreek was.
2. Brekasie as gevolg van enige gevaar wat in die **Brand afdeling** van u polisboek genoem word.
3. Verlies van of skade aan glas terwyl die besigheidspersoneel onbeset of leeg is.
4. Gevolglike verlies van enige aard.

Elektroniese Toerusting

Onder hierdie afdeling kan u eis vir die verlies van of skade aan die rekenaars en gelisensieerde sagteware van u besigheid.

Bybetalings

Elke keer wanneer iets gebeur waarvoor u eis, is u verantwoordelik vir die basiese bybetaling. U moet ook enige van die bykomende bybetalings op u skedule, bo en behalwe die basiese bybetaling, betaal, waar van toepassing.

Ons sal u vergoed

Verlies of skade aan die elektroniese toerusting by u besigheidspersoneel soos aangetoon op u skedule.

Maksimum skadeloosstelling

Die maksimum wat ons vir enige eis onder hierdie afdeling sal betaal is die versekerde bedrag. Monitêre versekerde bedrae wat onder dekking wat outomaties ingesluit is verskyn, is nie by die versekerde bedrag ingesluit nie en is bo en behalwe betaalbaar. Die versekerde bedrae is in die **Elektroniese Toerusting afdeling** van u skedule genoteer.

Dekking wat outomaties ingesluit is om u te help

Verhoogde bedryfskoste

Ons sal u vergoed indien u eis vir die fisiese verlies van of fisiese skade aan u versekerde elektroniese toerusting en, as 'n gevolg, bykomende uitgawes aangaan om sodoende 'n verlies van omset/verkope/inkomste te verhoed. Die maksimum wat ons vir enige eis onder hierdie afdeling sal betaal, word op u skedule aangetoon. Dit sal u verantwoordelikheid wees om enige beweerde verhoging in die koste van werk te bewys.

Herstel van data

Indien u 'n geldige eis vir verlies van of skade aan u versekerde elektroniese toerusting het en as gevolg daarvan die inligting op die elektroniese toerusting verloor, sal ons u vergoed vir die arbeidskoste om die inligting te herstel. Die maksimum wat ons vir enige eis onder hierdie afdeling sal betaal is op u skedule aangetoon.

Krag- of telekommunikasietoegangsllyne

Ons sal u vergoed indien u krag- of telekommunikasieverskaffer, as gevolg van toevallige skade aan hul toegangsllyne vir 'n tydperk van langer as 24 ure, hul verskaffing kanselleer en u as gevolg daarvan bykomende uitgawes moet aangaan om sodoende 'n verlies van omset/verkope/inkomste te verhoed. Die maksimum wat ons vir enige eis onder hierdie afdeling sal betaal word op u skedule aangetoon.

Onversoenbaarheidsdekking

Indien u 'n geldige eis vir elektroniese toerusting het, sal ons u vir die redelike koste van modifikasies of veranderinge vergoed om die bedryfsintegriteit van sulke toerusting te verseker, na afloop van u verlies, insluitend die vervanging of opgraderings van programme om versoenbaarheid met u elektroniese toerusting te bewerkstellig. Die maksimum wat ons vir enige eis onder hierdie afdeling sal betaal word op u skedule aangedui.

Opsionele dekking

Vervanging van gelisensieërde sagteware

Indien u vir elektroniese toerusting eis, sal ons u vergoed vir die aankoop en installasie van gelisensieërde sagteware van dieselfde soort en weergawe. Ons sal u slegs vergoed vir sagteware wat vir besigheidsdoeleindes gebruik word en slegs indien u die besonderhede van u sagteware aangeteken het en dit op u skedule aangedui word. Die maksimum wat ons vir enige eis onder hierdie afdeling sal betaal word op u skedule aangetoon.

Ons vergoed u nie:

Vir enige verlies of skade as gevolg van:

1. Interne veroorsaakte ontwingting.
2. Enige iets wat deur 'n onderhoudskontrak gedek is.
3. Die slytasie van komponente.
4. Geleidelike agteruitgang.
5. Enige onderdeel met 'n kort lewe, soos (maar nie beperk tot) buise, lonte en bufferkringe.
6. Die aksie van enige virus, Trojaanse perd of wurms of enige rekenaar-verwante ontwingting, wanfunksionering of enige ander eksterne steurings.
7. Die invoer van enige datakorrupsie, foutiewe inskrywings en programme.
8. Enige gevolglike verlies.
9. Enige kwaadwillige skade.
10. Diefstal sonder enige bewyse van sigbare, geweldadige en geforseerde ingang of uitgang om te wys dat 'n persoon/persone u eiendom fisies verwyder het of probeer verwyder het.

Indien u besigheidperseel vir langer as 30 aaneenlopende dae onbeset is, sal daar geen diefstaldekking wees nie.

Wat gebeur indien u onderverseker is

Die bedrag waarvoor u, u eiendom verseker, moet die nuwe vervangingswaarde wees. Die vervangingswaarde is wat dit u sal kos om, ten tye van die eis, al u eiendom met soortgelyke nuwe eiendom te vervang. Indien u eis, sal ons die vervangingswaarde waarvoor u, u eiendom moes verseker het, uitwerk. Indien u vir minder as hierdie bedrag verseker het, sal ons net gedeelte van u eis betaal, bv.:

EIS	R10 000
VERSEKER VIR	R50 000
VERVANGINGSWAARDE	R100 000
BEREKENING VIR ONDERVERSEKERING	$\frac{R10\ 000 \times R50\ 000}{R100\ 000}$
EISUITBETALING	R5 000

Besigheid alle risiko

Onder hierdie afdeling kan u eis vir goedere wat gereeld weg van u versekerde perseel geneem word.

Bybetalings

Elke keer wanneer iets gebeur waarvoor u eis, is u verantwoordelik vir die basiese bybetaling. U moet ook enige van die bykomende bybetalings op u skedule, bo en behalwe die basiese bybetaling, betaal, waar van toepassing.

Ons sal u vergoed

Alle Risiko dekking

Toevallige fisiese verlies van of fisiese skade aan die items wat u, 'n lid, direkteur, vennoot, prinsipaal of werknemer gewoonlik, terwyl weg van die besigheidsperseel, vir besigheidsdoeleindes rond dra, soos aangetoon op u skedule.

Maksimum skadeloosstelling

Die maksimum wat ons vir enige eis onder hierdie afdeling sal betaal is die versekerde bedrag. Monitêre versekerde bedrae wat onder dekking wat outomaties ingesluit is verskyn, is nie by die versekerde bedrag ingesluit nie en is bo en behalwe betaalbaar. Die versekerde bedrae is in die **Besigheid Alle Risiko afdeling** van u skedule genoteer.

Dekking wat outomaties ingesluit is om u te help

Verhoogde bedryfskoste

Uitgawes wat u gedurende die skadeloosstellingstydperk aangaan om voort te gaan met u besigheidsverrigtinge na verlies of skade as gevolg van 'n versekerbare gevaar. Die maksimum bedrag wat ons sal betaal word op u skedule aangedui.

Heropstelling van data

Indien u 'n geldige eis vir verlies van of skade aan u versekerde elektroniese toerusting het en as gevolg daarvan die inligting op die elektroniese toerusting verloor, sal ons u vergoed vir die arbeidskoste om die inligting te herstel. Die maksimum wat ons vir enige eis onder hierdie afdeling sal betaal word op u skedule aangetoon.

Ons vergoed u nie:

Vir verlies of skade:

1. Indien u versekerde items uit die kajuit van 'n voertuig gesteel is. Daar sal geen dekking wees indien ons nie die skade wat deur die inbraak veroorsaak is kan sien nie. Afstandbeheerde sein-versteuring ("Remote jamming") word nie gedek nie, tensy u vir ons CCTV-beeldmateriaal kan verskaf wat wys hoe die voertuig gesluit word, dan van 'n afstand af versteur ("remote jammed") word en die eiendom uit die onbewaakte voertuig verwyder word.
2. Terwyl die eiendom in die besit van enige ander persoon of besigheid is om skoon gemaak te word, herstel te word, of indien dit te koop is.
3. As gevolg van truuks, toestelle of valse voorwendsels wat op u beoefen is.
4. As gevolg van enige aksie wat direk verband hou met die versekerde items, soos (maar nie beperk tot) geleidelike agteruitgang, geleidelike prosesse (bv. roes of verbleiking), inherente of verborge gebreke, insekte of peste.
5. As gevolg van 'n fout van enige aard in verband met die versekerde items, soos (maar nie beperk tot) gebreke, vakmanskap of professionele advies.
6. As gevolg van die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot, direkteur, lid of werknemer van die versekerde besigheid, wat alleen optree of in samewerking met ander optree.
7. Aan geld, dokumente en ander vorme van verhandelbare instrumente en wettige betaalmiddels.
8. Aan pelse, juweliersware, goud, kosbare en semi-kosbare metale en stene, rareite, boeke en kuns.
9. As gevolg van enige meganiese of elektriese onklaarraking, mislukking of ineenstorting van toerusting. (Die uitsluiting is nie van toepassing op skootrekenaars nie).
10. Aan enige eiendom terwyl dit in terme van enige vragbrief versend is.
11. Aan skootrekenaars, gereedskap of selfone, behalwe indien hierdie items spesifiek onder hierdie afdeling verseker is en dit word in u skedule aangetoon dat u dekking daarvoor betaal.

Goedere In Transito

Onder hierdie afdeling kan u eis vir verlies of skade aan u besigheidsgoedere wanneer dit vervoer word.

Bybetalings

Elke keer wanneer iets gebeur waarvoor u eis, is u verantwoordelik vir die basiese bybetaling. U moet ook enige van die bykomende bybetalings op u skedule, bo en behalwe die basiese bybetaling, betaal, waar van toepassing.

Ons sal u vergoed:

Alle Risiko-dekking

Vir toevallige verlies van of skade aan die versekerde besigheidsgoedere, soos vermeld in u skedule, wat deur u besit word of waarvoor verantwoordelik is, wanneer dit opgelaai word, vervoer word op of afgelaai word van enige voertuig of treinwa. Dekking sal ingesluit word vir die toue en seile wat u gebruik vir die vervoer van die goedere. Die goedere sal ook gedek word vir 'n tydperk van hoogstens 96 uur wanneer dit tydens die vervoerproses in berging is.

Beperkte dekking

Die dekking ingevolge hierdie afdeling is beperk tot verlies of skade van die versekerde besigheidsgoedere, soos vermeld op u skedule, wat deur u besit word of waarvoor u verantwoordelik is, as gevolg van brand of ontploffing, botsing, omslaan of ontsporing van die vervoermiddel soos beskryf in u skedule.

Diefstal wat volg op voorvalle met beperkte dekking

Die versekering ingevolge hierdie afdeling is beperk tot diefstal van die versekerde besigheidsgoedere, soos in u skedule vermeld, wat deur u besit word of waarvoor u verantwoordelik is, wat volg op 'n brand, ontploffing, botsing, ontsporing of omslaan-voorval.

Maksimum skadeloosstelling

Die maksimum wat ons vir enige eis onder hierdie afdeling sal betaal is die versekerde bedrag. Monitêre versekerde bedrae wat onder dekking wat outomaties ingesluit is, verskyn, is nie by die versekerde bedrag ingesluit nie, en is bo en behalwe hierdie bedrag betaalbaar. Die versekerde bedrae is in die **Goedere in Transito afdeling** van u skedule genoteer.

Dekking wat outomaties ingesluit is om u te help

Puinverwydering

Indien u wetlik verantwoordelik gehou word vir die kostes om u goedere skoon te maak en te verwyder na 'n ongeluk waarin 'n voertuig, trein of professionele vervoerder betrokke was. Die maksimum bedrag wat ons vir 'n eis onder hierdie afdeling sal betaal word op u skedule aangetoon.

Brandbluskoste

Indien u verantwoordelik gehou word vir die kostes daarvan om 'n brand te blus wat ontstaan het tydens die vervoer van u goedere. Die maksimum bedrag wat ons vir 'n eis onder hierdie afdeling sal betaal word op u skedule aangetoon.

Ons vergoed u nie vir die volgende nie:

1. Diefstal van u eiendom vanuit 'n ongeslote of oop-tipe voertuig, trein of professionele vervoerder indien dit sonder toesig gelaat is.
2. Dokumente of ander dinge wat as verhandelbare instrumente gebruik kan word.
3. Pelse, juweliersware, goud, kosbare en semi-kosbare metale en stene, rariteite en kuns.
4. Truiks, toestelle of valse voorwendsels wat op u beoefen is of indien goedere in die besit van enige iemand tydens hierdie omstandig-hede is.
5. Onklaarraking of mislukking van verkoelingstoerusting.
6. Aksie wat direk verband hou met die versekerde items, soos (maar nie beperk tot) geleidelike agteruitgang of inherente of verborge gebreke.
7. Foute van enige aard in verband met die versekerde items, soos (maar nie beperk tot) gebreke, vakmanskap of professionele advies.
8. Die gevolge van vertraging, waardevermindering, markverlies of ander veranderings wat verband hou met of wat 'n gevolg van die vervoer van u goedere is.
9. Verlies of skade aan die versekerde goedere, indien die bestuurder van die voertuig waarin hierdie goedere vervoer word:
 - 9.1 nie gelisensieërd is om te bestuur is nie of onder die invloed van alkohol of dwelms is, of indien die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry of indien die bestuurder nie 'n blaastoets slaag nie; of
 - 9.2 'n geëndosseerde lisensie het, hetsy die endossement op die lisensie verskyn of op rekord met die owerhede is, vir nalatige-, roekelose- of dronkbestuur, of vir bestuur terwyl die persentasie alkohol in daardie persoon se bloed die wettige limiet oorskry.

10. Indien die voertuig of sleepwa waarin u goedere vervoer word in 'n ongeluk betrokke is en dit word bevind dat dit nie in 'n padwaardige toestand is soos in die wet in verband met padwaardigheid gedefinieer is, is nie of indien die wet of verkeersregulasies nie sleep toelaat nie.
11. Diefstal deur u of u direkteurs, lede, vennote, prinsipale of werknemers, of indien die diefstal met u medewete gebeur.
12. Inherente fout of defek, peste, insekte, vog, muf of roes.
13. Aanhouding, inbeslagname of rekwisisie deur doeane of ander beamptes of owerhede.
14. Slytasië of geleidelike agteruitgang (insluitende die geleidelike werking van lig of klimaats- of atmosferiese toestand), behalwe as gevolg van 'n ongeluk of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie.
15. Meganiese-, elektroniese of elektriese onklaarraking, mislukking, brekasie of ontwrigting van die versekerde eiendom, behalwe as gevolg van 'n ongeluk of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie.
16. Eiendom buite Suid-Afrika, Mosambiek, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

Toevallige skade

Onder hierdie afdeling kan u eis vir besigheidsgoedere wat toevallig beskadig is.

Bybetalings

Elke keer wanneer iets gebeur waarvoor u eis, is u verantwoordelik vir die basiese bybetaling. U moet ook enige van die bykomende bybetalings op u skedule, bo en behalwe die basiese bybetaling, betaal, waar van toepassing.

Ons sal u vergoed:

Vir die toevallige fisiese verlies van of skade aan u versekerde goedere, of goedere in u bewaring by u besigheidspersoneel, as gevolg van enige voorval wat nie as 'n uitsluiting hieronder genoem word nie.

Maksimum skadeloosstelling

Die maksimum wat ons vir enige eis onder hierdie afdeling sal betaal is die versekerde bedrag. Monitêre versekerde bedrae wat onder dekking wat outomaties ingesluit is verskyn, is nie by die versekerde bedrag ingesluit nie en is bo en behalwe betaalbaar. Die versekerde bedrae is in die **Toevallige Skade afdeling** van u skedule genoteer.

Opsionele dekking

Indien u die dekking, soos hieronder beskryf, gekies het en u skedule dui dat u 'n premie daarvoor betaal.

Kwaadwillige skade

Fisiese verlies van of toevallige skade aan u versekerde goedere, of goedere in u bewaring by u besigheidspersoneel, as gevolg van die opsetlike of moedswillige daad van enige persoon wat beoog het om verlies of skade te veroorsaak.

Lekkasie

Sou u eiendom verlore of beskadig word as gevolg van die toevallige storting of lekkasie van tenks, pype of ander apparate wat te doen het met chemikalieë, olie, gasse of walms.

Ons vergoed u nie vir:

1. Vir verlies of skade aan:
 - 1.1 Enige iets wat as 'n verhandelbare instrument gebruik kan word.
 - 1.2 Juweliersware, goud, kosbare en semi-kosbare metale, stene en rariteite. Pelse, boeke, dokumente en kuns word ook uitgesluit van toevallige skade dekking, behalwe indien die verlies of skade aan sulke items as 'n gevolg van 'n kwaadwillige daad of lekkasie is. U sal vergoed word indien u dekking vir hierdie items gekies het en u skedule aantoon dat u vir hierdie dekking betaal.
 - 1.3 Eiendom wat iewers anders op u polis kan/moet gedek word of wat nie deur ons verseker kan wees nie.
 - 1.4 Voertuie, vaartuie of vliegtuie van enige aard, of spoorweg eiendom.
 - 1.5 Alle tipes plantegroei.
 - 1.6 Strukture behalwe die geboue self.
 - 1.7 Strukture waaraan gewerk word.
 - 1.8 Rekenaars en media-toerusting.
 - 1.9 Bros artikels van enige aard.
 - 1.10 Eiendom wat nie onder die **Brand, Kantoorinhoud, Geboue Omvattend of Elektroniese Toerusting afdelings** van u polis verseker is nie.

2. Vir verlies of skade veroorsaak deur:
 - 2.1 Enige gebeurtenis of gevaar wat iewers anders op u polis verseker is of versekerbaar is.
 - 2.2 Toevallige storting of lekkasie van tenks, pype of ander apparate wat te doen het met chemikalieë, olie, gasse of walms, behalwe as u gekies het om dit in te sluit as 'n uitbreiding van u dekking.
 - 2.3 Truiks, toestelle of valse voorwendsels wat op u uitgeoefen is.
 - 2.4 Onklaarraking, mislukking of ineenstorting van toerusting.
 - 2.5 Werk wat deur u of namens u uitgevoer is.
 - 2.6 Enige aksie wat direk verband hou met die versekerde items, soos (maar nie beperk tot) geleidelike agteruitgang, geleidelike prosesse (bv. roes of verbleiking), inherente of verborge gebreke, insekte of peste.
 - 2.7 Enige fout van enige aard wat verband hou met die versekerde goedere, soos (maar nie beperk tot) gebreke, vakmanskap of professionele advies.
 - 2.8 Die mislukking van voorsiening van openbare dienste.
3. Onder die **Kwaadwillige skade afdeling** (indien van toepassing), sal ons u nie vergoed vir verlies of skade:
 - 3.1 Veroorsaak deur of as 'n gevolg van opstande, oorloë, politiese dade, terrorisme of enige soortgelyke gepoogde dade, of enige kernstowwe, nasionalisering, werkstaking, rekenaar prosesse of asbes.
 - 3.2 Indien u besigheidsperseel vir langer as 30 aaneenlopende dae onbeset is.

Openbare aanspreeklikheid

U kan onder hierdie afdeling eis, indien u deur 'n derdeparty wettig verantwoordelik gehou word vir dood, beserings of skade aan eiendom, vir verliese wat gedurende die tydperk plaasvind wat u by ons verseker is.

Bybetalings

Elke keer wanneer iets gebeur waarvoor u eis, is u verantwoordelik vir die basiese bybetaling. U moet ook enige van die bykomende bybetalings op u skedule, bo en behalwe die basiese bybetaling, betaal, waar van toepassing.

Ons sal u vergoed

Ons sal u vergoed indien u wetlik deur 'n Suid-Afrikaanse geregshof aanspreeklik gehou word vir eise teen u ingestel vir die betaling van skade wat uit dood, liggaamlike besering of siekte van enige persoon voortspruit of verlies van of fisiese skade aan tasbare eiendom wat nie aan u behoort nie en deur die loop van of in verband met u besigheid plaasvind en terwyl u by ons verseker is.

Neem asseblief kennis dat alhoewel u dekking uitgebrei is deur die verwydering van die woord "toevallige" van die operatiewe klousule, is opsetlike, wetenlike en kwaadwillige dade nog steeds uitgesluit. Verwys asseblief na die "Doelbewuste Dade Uitsluiting" hier onder.

Maksimum skadeloosstelling

Die maksimum wat ons vir enige eis onder hierdie afdeling sal betaal, insluitende alle kostes en uitgawes in u verdediging of verteenwoordiging, is die versekerde bedrag. Hierdie word in die **Openbare Aanspreeklikheid afdeling** van u skedule uiteengesit. Monetêre versekerde bedrae wat onder dekking wat outomaties ingesluit is verskyn, is nie by die versekerde bedrag ingesluit nie en is bo en behalwe betaalbaar.

Territoriale Perke

U sal dekking hê op enige plek in die wêreld onder hierdie polis behalwe met betrekking tot:

- a. enige besigheid wat u vanaf 'n oop perseel buite bedryf; of
- b. enige kontrak ten opsigte van werk wat buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Mosambiek, Lesotho, Swaziland, zimbabwe and Malawi, verrig word.

Die volgende uitsluiting word by die **Openbare Aanspreeklikheid en Gebrekkige Vakmanskap aanspreeklikheidsuitbreiding** gevoeg.

Ten opsigte van besering of skade wat in die Verenigde State van Amerika of Kanada plaasvind en as gevolg van of deur enige goedere of produkte wat verkoop is of verskaf word deur of deur die bestelling daarvan deur die versekerde veroorsaak is en indien sulke goedere met die kennis van die versekerde na die Verenigde State van Amerika of Kanada uitgevoer is deur of namens die versekerde.

Dekking wat outomaties ingesluit is om u te hulp

Sosiale aktiwiteite

Enige eis as gevolg van u voorsiening van eetgeriewe, sport-, sosiale-, welstand-, ambulans-, noodhulp- of branddienste.

Privaatwerk

Die eise van werknemers, indien hierdie ontstaan as gevolg van privaat-, nie-besigheidsverwante werk wat gedoen is vir enige belanghebbendes, direkteurs, vennote, prinsipale of bestuursbeamptes van u besigheid, as hierdie werk met u kennis en toestemming uitgevoer is.

Huurderskontrak

Indien u deur die eienaar van enige gebou of deel van 'n gebou wat u gehuur het, wettiglik verantwoordelik gehou word vir verlies of skade wat deur u polis gedek is en indien u verantwoordelikheid op u huurkontrak aangetoon is.

Sekuriteitsmaatskappye

Indien u 'n sekuriteitsmaatskappy aanstel en die maatskappy is 'n volle geregistreerde lid van die SA Sekuriteitsassosiasie, sal ons enige werknemer van so 'n organisasie, terwyl hy/sy die werksverpligtinge soos in die kontrak wat u met die sekuriteitsorganisasie geteken het vermeld is, as u werknemer beskou.

Meer as een wettige entiteit by hierdie polis ingesluit

Waar daar meer as een wettige entiteit by hierdie polis ingesluit is, sal ons elkeen as apart beskou. Ons sal elke party vergoed asof 'n aparte polis vir elkeen bestaan.

Spoorwegeiendom

In terme van enige ooreenkoms wat u met enige spoorlyn of spoorwegeiendom het.

Nood mediese dienste

Indien daar enige eise teen u gemaak word as gevolg van nood mediese dienste deur u verskaf na 'n toevallige dood of liggaamlike besering of siekte van enige persoon.

Parkeerfasiliteite

Enige eis wat teen u gemaak word wat verband hou met die parkeerfasiliteite wat u aan u besoekers en kliënte voorsien. Ons sal u nie vergoed vir enige eise wat teen u gemaak word vir skade aan kliënte se voertuie, wat tydelik in u beheer geplaas is terwyl hulle verskuif is met die doel om in u parkeerfasiliteit geparkeer of afgehaal te word nie.

Voedsel- en drankvergiftiging

Enige eis teen u as gevolg van die verbruik van enige kos of drank wat u teen geen koste by die versekerde perseel voorsien het.

Wegwerk

Regsaanspreeklikheid as gevolg van u besigheidsaktiwiteite by plekke wat nie gewoonlik u besigheidperseel is nie.

Statutêre Verdedigingskoste

Ons sal u teen regs-koste, fooi en uitgawes vergoed wat met ons geskrewe toestemming in die verdediging van enige kriminele aksie wat teen u aangebring is as gevolg van die beweerde oortreding van enige. Wet wat die gedrag van die Besigheid beheer (behalwe vir enige Wette wat die eienaarskap, besit, gebruik of lisensiering van voertuie die relevante Arbeidswette soos gepromulgeer in die Republiek van Suid-Afrika van tyd, of die Maatskappy Wet Nr. 71 van 2008 (soos gewysig van tyd tot tyd) en soos wat in ooreenstemming met die Kriminele Prosedure Wet Nr. 56 van 1995 (soos gewysig van tyd tot tyd) gelees word.

Mits daar voorsien word dat:

- a. geen vergoeding vir boetes as gevolg van enige kriminele daad toegestaan sal word nie
- b. in die geval van 'n vertoë, sal ons u nie vergoed nie, tensy 'n Senior Raad (in ooreenstemming met ons) sal adviseer dat so 'n vertoë moontlik suksesvol kan wees.

Onregmatige inhegtenisneming en naamskending

Ons sal u vergoed vir eise teen u gemaak:

1. as gevolg van onregmatige inhegtenisneming, insluitende aanranding wat direk verband hou met die onregmatige inhegtenisneming; of
2. ten opsigte van naamskending.

Die maksimum bedrag wat ons sal betaal word op u skedule aangetoon.

Nalatige Advies

Ons sal u vergoed indien u vir eise wat uit nalatige advies voortspuit wetlik aanspreeklik gehou word. "Nalatige Advies" beteken verkeerde of onvoldende advies of inligting van 'n tegniese aard wat gedurende die bevordering van u produkte of dienste gegee word, maar nie waar sulke advies of inligting:

- in uitruil vir 'n fooi of soortgelyke oorweging gegee word nie, of
- 'n noodsaaklike deel van 'n inkomste-verdieningsaktiwiteit vir u is nie. Hierdie uitbreiding dek nie aanspreeklikheid vir eise wat voortspuit uit:

Nalatige advies wat ten opsigte van enige produk gegee word nie, tensy u die opsionele dekking – Produkte Aanspreeklikheid gekies het.

- Finansiële dienste en/of kosteramings gegee deur, of namens u;
- Laster of injuria.

Aanwinste en nuwe besighede

Die vergoeding wat deur hierdie verlenging verleen word, strek na enige maatskappy wat gedurende die Versekeringsperiode vir 'n tydperk van 90 dae van sodanige vorming en/of verkryging gevorm en/of verkry is.

Mits daar voorsien word dat:

- die Retro-aktiewe datum ten opsigte van die nuwe maatskappy sal na bewering die datum wanneer 'n nuut-gevormde en/of verkryde maatskappy die eerste keer aanspreeklikheid op 'n "Eis Ingestel" basis verseker het en onderwerp was aan 'n verklaring deur die bestuur van die maatskappy van die verkryde maatskappy dat daar geen bewuswording van of aangemelde eise of omstandighede besataan nie, wat moontlik in 'n eis kan ontstaan gedurende die datum van die verkryging van die maatskappy nie. In die geval van geen verklaring van die aard nie, sal die Retro-aktiewe datum die datum van so 'n verkryging wees.
- U besigheidsaktiwiteite onveranderd bly;
- Die jaarlikse omset van alle nuut-gevormde en/of verkryde maatskappye nie 5% (vyf persent) van u beraamde jaarlikse omset oorskry nie, soos aan ons gadviseer met die aanvang daarvan; en
- U ons in kennis sal stel van sulke formasies en/of aanwinste voor die verval van 90 dae daarvan en ons mag die bepalinge van hierdie afdeling ooreenkomstig wysig.

Deurlopende Blootstelling

In die geval van enige besering of skade wat uit aaneenlopende inaseming, inneming of toepassing van enige middel waar ons en u nie kan saamstem met wanneer die besering of skade plaasgevind het nie, dan:

- sal daar aangeneem word dat die besering opgedoen is toe die eiser die eerste keer 'n gekwalifiseerde Mediese Praktisyn ten opsigte van so 'n besering gekonsulteer het; of
- sal skade na bewering, toe die eiser vir die eerste keer daarvan bewus geword het, gebeur het, selfs wanneer die oorsaak onbekend was.

Ons vergoed u nie:

Vir regs aanspreeklikheid as gevolg van en/of wat verband hou met die volgende:

- Besigheidsbedrywighede wat buite die grense van Suid-Afrika, Mosambiek, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi uitgevoer is.
- Die dood, liggaamlike besering of siekte van enige van u werknemers of familieledede.
- Die fisiese verlies van of fisiese skade aan enige tasbare eiendom in u sorg, toesig of beheer, behalwe vir eiendom wat aan u verhuurder behoort.
- Enige advies, ondersoek, voorskrif of behandeling wat deur u of enige van u werknemers gegee of verskaf was.
- Die eienaarskap of gebruik van enige voertuig of sleepwa, enjin-aangedrewe watertuig, lokomotief of spoorwa.
- Verlies of skade aan 'n kliënt se voertuig indien die voertuig se sleutels en/of aansittersleutels, wat in u bewaring en beheer geplaas is, in of op die voertuig gelaat word. Verlies of skade aan 'n kliënt se voertuig indien die voertuig se sleutels en/of aansittersleutels, wat in u bewaring en beheer geplaas is, aan 'n ongemagtigde derdeparty oorhandig word.
- Enige lugvaartuig of lugvaart-verwante bedrywigheid.
- Enige produk of ander eiendom wat deur u of namens u verkoop, verskaf, herstel, geïnstalleer, gewysig, getoets, behandel of aan gewerk is.
- Enige vorm van besoedeling behalwe as dit bewys is dat besoedeling die resultaat van 'n skielike, spesifiek en uitkenbare gebeurtenis; kontaminasie of geleidelike proses, is.
- Enige boete, straf of indirekte finansiële verliese.
- Enige aanspreeklikheid onder enige kontrak of ooreenskoms tensy so 'n aanspreeklikheid aangeheg, sou wees in die afwesigheid van so 'n kontrak of ooreenskoms en/of skedule bevestig dat ons u van dekking voorsien en dat u 'n premie daarvoor betaal.¹² Enige eis teen u gemaak indien u ons nie binne 60 dae in kennis daarvan stel nie.

12. Die noodsaaklikheid om enige produk of werk te verbeter, te herstel, te verwyder, reg te stel of te herroep.
13. Enige elektroniese toestel of program.
14. Enige eis wat in terme van enige regstelsel wat anders as die regstelsel van Suid-Afrika is, gemaak is.
15. Vir regs aanspreeklikheid wat voortspruit uit/of verband hou met die volgende:
 - 15.1 Kuberdaad of Kuber-voorval, insluitend, maar nie beperk nie tot, enige aksie wat geneem word om enige Kuberdaad of Kuber-voorval te beheer, te verhoed, te onderdruk of reg te stel;
 - 15.2 Data-oortreding; of
 - 15.3 Verlies van gebruik, vermindering in funksionaliteit, herstel, vervanging, restourasie, reproduksie, verlies van, skade aan, korrupsie van, onvermoë tot toegang of onvermoë om enige elektroniese data te manipuleer of diefstal of enige elektroniese data, insluitend enige bedrag met betrekking tot die waarde van sodanige elektroniese data.
 Uitsluiting 15.1 is nie van toepassing ten opsigte van enige werklike en/of beweerde aanspreeklikheid vir en/of voortspruitend uit:
 - enige Liggaamlike Besering; of
 - enige Saakbeskadiging wat voortspruit uit fisiese skade aan tasbare eiendom (elektroniese data is nie tasbare eiendom nie) as gevolg van of voortspruitend uit 'n Kuber-voorval of Kuberdaad. Niks wat in hierdie uitsondering vervat is, sal enige dekking bied vir enige aksie wat geneem word om 'n Kuber-voorval of Kuberdaad te beheer, te voorkom, te onderdruk of reg te stel nie.
 Uitsluiting 15.2 is nie van toepassing ten opsigte van enige werklike of beweerde aanspreeklikheid vir en/of voortspruitend uit:
 - enige Liggaamlike Besering; of
 - enige Saakbeskadiging wat voortspruit uit fisiese skade aan tasbare eiendom (elektroniese data is nie tasbare eiendom nie)
 Om twyfel te vermy, dek hierdie polis nie kennisgewingskoste, krisiskonsultasie, kredietmoniteringsuitgawes, vervanging van werklike krediet- of betaalkaarte, forensiese uitgawes, openbare betrekkinge uitgawes of regsadvies en dienste wat voortspruit uit of in verband met 'n Data-oortreding nie
16. Ons sal nie vir aanspreeklikheid vir eise wat uit enige doelbewustelike oneerlike, kwaadwillige daad of weglatings voortspruit wat deur u bestuur veroorsaak is of diefstal deur enige ander persoon aan wie eiendom in u sorg toesig en beheer toevertrou is, vergoed nie.
17. Ons sal nie vergoed vir enige eis, hetsy werklike eise of beweerde eise in verband met of gebaseer op of voortspruitend uit of wat enigins werklike of beweerde onwettige, onregverdige praktyke misbruik van monopolie mag, kartel-aktiwiteit of wat andersins vanuit of gebaseer op of verband hou met enige oortreding van 'n bepaling van die Kompetisie Wet nr. 89 van 1998 (soos gewysig) of enige soortgelyke bepaling, wet of regulasie wat geldig is in enige jurisdiksie of land waar u aanspreeklikheid ontstaan het.
18. Ons sal nie vir eise wat uit liggaamlike besering en verlies van of skade aan eiendom voortspruit, wat deur die volgende veroorsaak is, vergoed nie:
 - 18.1 die eintlike dreigende of beweerde seksuele misbruik, seksuele molestering, seksuele aanranding, seksuele viktimisering, fisiese misbruik, fisiese aanranding, enige voortspruitende geestelike of emosionele skade of enige dwinging om deel te neem aan seksuele aktiwiteite aan die kant van enige werknemer assistent, vrywillige werker of lid van enige fasiliteit wat besit, bedryf of onderhou word deur u of namens u; of
 - 18.2 die nalatige indiensneming, ondersoek, toesig, verslag aan die behoorlike owerhede doen of die nalating van verslagdoening of terughou van enige werknemer assistent, vrywillige werker of lid van enige fasiliteit wat besit, bedryf of onderhou word deur u of namens u, wie se gedrag uitgesluit sal word deur paragraaf 1 hier bo.

Opsionele dekking

Indien u die dekking, soos hieronder beskryf, gekies het en u skedule dui dat u 'n premie daarvoor betaal.

Produkte aanspreeklikheid

Ons sal u vergoed indien u deur 'n derdeparty aanspreeklik gehou word vir dood, beserings of skade aan eiendom, wat veroorsaak is deur of verband hou met goedere of produkte (insluitende houers en etikette) verkoop of voorsien, insluitende die onregmatige aflewering of die aflewering van die verkeerde goedere, deur u in verband met u besigheid, wat enige plek in die gebiede wat op u skedule aangetoon is, anders as op u besigheidspersoneel gebeur.

Die maksimum wat ons aan enige eiser of enige getal eisers sal betaal, regs-koste ingesluit, vir enige gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, sal nie die skadeloosstellingsperk soos op u skedule onder die **Produkte Aanspreeklikheid afdeling** aangemeld, oorskry nie.

Ons vergoed u nie:

1. Vir die koste om die goedere of produkte (insluitende houers en etikette) wat die besering of skade veroorsaak het te herstel, te verander, te herroep of te vervang nie.
2. Indien u produk deel uitmaak van ander eiendom, hetsy vas of beweegbaar, en sloping, uitbreking, afbreking, aflewering, herbouing, voorsiening en installering van goedere of produkte, verwydering en/of herinstallasie nodig is. Die koste van laasgenoemde sal nie gedek wees nie behalwe as daar fisiese skade, wat deur u produk veroorsaak is, aan ander eiendom is.

3. Vir enige eis as gevolg van gebrekkige of foutiewe ontwerp, formule, plan of spesifikasie van die produk.
4. Tensy u 'n kleinhandelaar is en u besigheidsaktiwiteite sluit nie finale voorbereiding in nie, dit verwys na herverpakking, verpakking, etikettering, skoonmaak of toestand van die bedryf van instruksies voor die verkoop aan u oorspronklike kliënte, sal alle verbetering, wysiging of verandering van die produk uitgesluit wees.
5. Vir die mislukking van die produk om soos gewaarborg, op te tree.
6. Vir 'n produk wat vir lugvaartdoeleindes gebruik is.

Gebrekkige vakmanskap aanspreeklikheid

Ons sal u vergoed as die deel van enige eiendom waaraan u werk of gewerk het, skade aan derdeparty-eiendom veroorsaak as gevolg van sodanige werk wat deur u gedoen is. Hierdie dekking is van toepassing indien aanspreeklikheid voortspruit uit besering of skade wat plaasvind na die voltooiing en oorhandiging van enige werk en veroorsaak word deur, of verband hou met, enige gebrek of fout in of weglating van sodanige werk, maar sluit spesifiek die deel van eiendom wat deur u aan gewerk is, uit.

Die maksimum wat ons aan enige eiser of enige getal eisers sal betaal, regskoste ingesluit, vir enige gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, sal nie die skadeloosstellingsperk soos op u skedule onder die **Gebrekkige Vakmanskap Aanspreeklikheid afdeling** aangemeld, oorskry nie.

Ons vergoed u nie vir:

Die koste:

- wat aangegaan is in die herstel, opknapping, wysiging of vervanging van enige deel van eiendom waaraan u gewerk het, wat gebrekkig is of na bewering gebrekkig is of herroeping van gebrekkige werk;
- voortspruitend uit ondoeltreffendheid van sulke werk of omdat die werk nie die verwagte of beweerde uitslag produseer het nie;
- voortspruitend voordat sulke werk oorhandig is;
- voortspruitend uit gebrekkige ontwerp; of
- voortspruitend uit enige werk op 'n vliegtuig of deel van 'n vliegtuig gedoen.

Trustees aanspreeklikheid

Ons sal u vergoed indien die Trustee/s wetlik aanspreeklik gehou word vir betalings wat nie deur die Beheerliggaam/Huiseienaarsvereniging betaal is nie. Ons vergoed ook die Beheerliggaam/Huiseienaarsvereniging vir bedrae waarvoor hulle wetlik aanspreeklik gehou word vir skadeloosstelling wat aan die Trustees toegestaan is – soos toegelaat of vereis deur die Deeltitel Wet en Regulasies, soos van tyd tot tyd aangepas, en die Bestuursreëls.

Die maksimum bedrag wat ons onder hierdie afdeling sal betaal, sal nie die bedrag wat op u skedule onder die **Trustees Aanspreeklikheid afdeling** aangedui word oorskry nie. Hierdie bedrag sal die algehele beperking van skadeloosstelling vir 'n hele finansiële jaar wees. Dit sal geldig wees vir enige een eiser of aantal eisers vir enige een geval of reeks gevalle teen die Trustee en/of Beheerliggaam/Huiseienaarsvereniging. Die bedrag sal ook enige regskostes, verhaalbaar vanaf u besigheid, insluit.

Ons vergoed u nie vir:

1. Enige aanspreeklikheid vir betaling van BTW.
2. Enige skadeloosstelling waarvoor die Korporatiewe Liggaam/Huiseienaarsvereniging of Trustees wettiglik aanspreeklik is.
3. Enige iets wat geëis kan word of eisbaar is onder 'n ander versekeringspolis of meer spesifiek verseker is of uitgesluit word deur enige afdeling van hierdie polis.
4. Enige verlies of aanspreeklikheid as gevolg van omstandighede wat aan die Trustees en/of Korporatiewe Liggaam/Huiseienaarsvereniging bekend was voor die aanvang van hierdie polis.
5. Eise vir dood, liggaamlike beserings, siektes, kwale of beskadiging van eiendom.
6. Verlies of aanspreeklikheid as gevolg van 'n publikasie of uiting van smaadskrif of laster, of ander lasterlike of neerhalende materiaal.
7. Verkryging van enige persoonlike wins of voordeel deur enige Trustee(s) waarop hulle nie wetlik geregtig was nie, of waarvoor hulle aanspreeklik gehou kan word deur die Korporatiewe Liggaam/Huiseienaarsvereniging of enige individuele lid daarvan.
8. Enige onwettige handeling(s) of weglatings wat deur enige Trustee(s) gepleeg word met die kennis dat sulke aksie(s) krimineel of onwettig, bedrieglik of oneerlik, of kwaadwilling in bedoeling is.
9. Boetes, strafboetes, bestraffende of wraaksugtige of verswarende skadevergoeding of enige addisionele skade as gevolg van die verveelvoudiging van kompenserende skadevergoeding.
10. Gelde of toelae wat aan enige Trustee(s) betaal word sonder magtiging deur die Korporatiewe Liggaam/Huiseienaarsvereniging, waar dit noodsaaklik is ingevolge die bestuursreëls van die Korporatiewe Liggaam/huiseienaarsvereniging of voorgeskrewe wet.
11. 'n Botsing van verantwoordelikheid of belange van enige Trustee(s).
12. Enige opsetlike uitoefening van die mag van die Trustee(s) teenstrydig met die doel waarvoor sulke magte toegeken is deur die bestuursreëls van die Korporatiewe Liggaam/Huiseienaarsvereniging.

13. Enige wederregtelike daad gepleeg of op enige manier te kenne gegee voor die aanvangsdatum van hierdie polis.
14. Skadevergoeding in verband met bevelle wat afgelewer of verkry is in die eerste instansie deur iemand anders as 'n hof wat bevoeg gevind is binne die regsgebied van die Republiek van Suid-Afrika, Mosambiek, Zimbabwe, Malawi, Namibië, Botswana, Lesotho en Swaziland.
15. Enige kostes en uitgawes vir litigasie wat deur enige eiser vanaf die Trustee(s) en/of Korporatiewe Liggaam/Huiseienaarsvereniging verhaal is, wat nie aangegaan en verhaalbaar is in die area soos beskryf in item 14 bo nie.

Werkgewersaanspreeklikheid

Onder hierdie afdeling mag u eis indien 'n werknemer u wettiglik aanspreeklik hou vir toevallige dood, besering of siektes.

Bybetalings

Elke keer wanneer iets gebeur waarvoor u eis, is u verantwoordelik vir die basiese bybetaling. U moet ook enige van die bykomende bybetalings op u skedule, bo en behalwe die basiese bybetaling, betaal, waar van toepassing.

Ons sal u vergoed:

Indien u wetlik aanspreeklik gehou word deur 'n Suid-Afrikaanse hof om te betaal vir skade as gevolg van 'n werknemer se toevallige dood, liggaamlike besering of siekte, wat in verband met u besigheid plaasvind, deur die werknemer gely terwyl hy/sy/haar verpligtinge van indiensneming uitgevoer het.

Maksimum skadeloosstelling

Die maksimum wat ons vir enige eis onder hierdie afdeling sal betaal, insluitende alle kostes en uitgawes in u verdediging of verteenwoordiging teen enige getal eisers, is die versekerde bedrag. Hierdie word in die **Werkgewer Aanspreeklikheid afdeling** van u skedule uiteengesit. Monitêre versekerde bedrae wat onder dekking wat outomaties ingesluit is verskyn, is nie by die versekerde bedrag ingesluit nie en is bo en behalwe betaalbaar.

Dekking wat outomaties ingesluit is om u te hulp

Prinsipaal

Waar u en u prinsipaal vir dieselfde skade aanspreeklik is en waar enige kontrak of ooreenkoms tussen julle dit vereis, sal ons ook u prinsipaal vir aanspreeklikheid vir dood, liggaamlike besering of siekte van u werknemers vergoed, indien laasgenoemde 'n gevolg van u nalatigheid of die nalatigheid van u werknemers is. Dieselfde dekkingsvoorwaardes wat onder hierdie afdeling op u van toepassing is, sal op u prinsipaal van toepassing wees.

Ons vergoed u nie:

Indien u regs aanspreeklikheid verband hou met:

1. Enige kontrak vir die verrigting van werk buite Suid-Afrika.
2. Enige advies, ondersoek, voorskrif of behandeling wat deur u of enige van u werknemers gegee of verskaf was.
3. Die eienaarskap of gebruik van enige voertuig of sleepwa, vaartuig, lokomotief of spoorwa.
4. Enige lugvaartuig of lugvaartverwante bedrywigheid.
5. Enige produk of ander eiendom wat deur u of namens u verkoop, verskaf, herstel, geïnstalleer, gewysig, getoets, behandel of aan gewerk is.
6. Enige vorm van besoedeling, besmetting of geleidelike proses.
7. Boetes of indirekte finansiële verliese.
8. Enige kontrak bo en behalwe 'n kontrak van indiensneming.
9. Eise waarvan u in kennis gestel is maar wat u nie binne 60 dae aan ons rapporteer het nie.
10. Die noodsaaklikheid om enige produk of werk te verbeter, herstel, verwyder, reg te stel of te herroep.
11. Elektroniese toestelle of programme.
12. Die gebruik van vuurwapens.
13. Eise wat in terme van enige regstelsel wat anders as die regstelsel van Suid-Afrika is, gemaak is.
14. Eise wat vanaf statutêre versekerings-fasiliteite verhaal kan word.

15. Vir regs aanspreeklikheid wat voortspruit uit/of verband hou met die volgende:

- 15.1 Kuberdaad of Kuber-voorval, insluitend, maar nie beperk nie tot, enige aksie wat geneem word om enige Kuberdaad of Kuber-voorval te beheer, te verhoed, te onderdruk of reg te stel;
- 15.2 Data-oortreding; of
- 15.3 Verlies van gebruik, vermindering in funksionaliteit, herstel, vervanging, restorasie, reproduksie, verlies van, skade aan, korrupsie van, onvermoë tot toegang of onvermoë om enige elektroniese data te manipuleer of diefstal of enige elektroniese data, insluitend enige bedrag met betrekking tot die waarde van sodanige elektroniese data.

Uitsluiting 15.1 is nie van toepassing ten opsigte van enige werklike en/of beweerde aanspreeklikheid vir en/of voortspruitend uit:

- enige Liggaamlike Besering; of
- enige Saakbeskadiging wat voortspruit uit fisiese skade aan tasbare eiendom (elektroniese data is nie tasbare eiendom nie) as gevolg van of voortspruitend uit 'n Kuber-voorval of Kuberdaad. Niks wat in hierdie uitsondering vervat is, sal enige dekking bied vir enige aksie wat geneem word om 'n Kuber-voorval of Kuberdaad te beheer, te voorkom, te onderdruk of reg te stel nie.

Uitsluiting 15.2 is nie van toepassing ten opsigte van enige werklike of beweerde aanspreeklikheid vir en/of voortspruitend uit:

- enige Liggaamlike Besering; of
- enige Saakbeskadiging wat voortspruit uit fisiese skade aan tasbare eiendom (elektroniese data is nie tasbare eiendom nie)

Om twyfel te vermy, dek hierdie polis nie kennisgewingskoste, krisiskonsultasie, kredietmoniteringsuitgawes, vervanging van werklike krediet- of betaalkaarte, forensiese uitgawes, openbare betrekkinge uitgawes of regsadvies en dienste wat voortspruit uit of in verband met 'n Data-oortreding nie.

Groep Persoonlike Ongeluk

U mag onder hierdie afdeling eis indien 'n versekerde prinsipaal, besigheidsvennoot, direkteur of werknemer, hierna verwys as die versekerde, van die versekerde besigheid, permanent ongeskik verklaar word, nie-mediese onkoste aangaan of sterf as gevolg van 'n ongeluk.

Bybetalings

Elke keer wanneer 'n insident plaasvind moet u die basiese bybetaling, sowel as enige addisionele bybetalings, soos aangedui op u skedule betaal.

Definisies

Die volgende definisies sal onder hierdie afdeling van toepassing wees:

Ongeluk

Liggaamlike besering veroorsaak deur toevallige, gewelddadige, eksterne en sigbare tekens aan enige versekerde persoon en wat as 'n direkte gevolg tot die dood of permanente ongeskiktheid van die versekerde binne 24 maande van so 'n besering lei. Die ongeluk is nie deur 'n natuurlike voorval veroorsaak nie, of self-toegedien nie.

Dood, ongeskiktheid of nie-mediese uitgawes ten opsigte van die versekerde.

Permanente ongeskiktheid

Permanente ongeskiktheid wat moontlik vir die res van die versekerde se lewe kan of sal voortduur. Die permanente aard van hierdie ongeskiktheid sal in die ses maande na afloop van die ongeluk bepaal word en moet deur mediese bewyse gestaaf word.

Ons sal u betaal:

1. Indien die versekerde as gevolg van 'n ongeluk sou sterf wat voortspruit uit en gedurende sy/haar betrokkenheid met die versekerde besigheid, sal die versekerde se genomineerde begunstigde of boedel ten opsigte van die skaal van voordele uitbetaal word.
2. Indien die versekerde as gevolg van 'n ongeluk permanent ongeskik verklaar word wat voortspruit uit en gedurende sy/haar betrokkenheid met die versekerde besigheid, sal die versekerde of genomineerde begunstigde of boedel ten opsigte van die skaal van voordele uitbetaal word.
3. Liggaamlike besering sal beserings insluit wat deur hongersnood, dors en/of blootstelling aan die elemente veroorsaak is en wat 'n direkte of indirekte gevolg van die ongeluk is.
4. In die geval van verdwyning in die omstandighede wat sonder enige twyfel aandui dat die versekerde beserings opgedoen het wat sy/haar dood veroorsaak het, sal ons aanneem dat die versekerde gesterf het en die eis dienoreenkomstig betaal. Indien dit bevind word dat die versekerde persoon lewendig is na sodanige betaling, sal u vir die volle terugbetaling van die geëisde bedrag aanspreeklik wees.

Maksimum skadeloosstelling

Dood of permanente ongeskiktheid

Die maksimum wat ons vir enige eis onder die **dood en permanente ongeskiktheid afdeling** sal betaal is die persentasie van die bedrag soos aangedui in die skaal van voordele. Die maksimum bedrag betaalbaar ten opsigte van een persoon vir permanente ongeskiktheid, wat uit 'n ongeluk of reeks van ongelukke en as gevolg van een oorsaak voortspruit, sal 100% wees.

Die versekerde waarde wat u vir dood en permanente ongeskiktheid gekies het word in die **Groep Persoonlike Ongeluk afdeling** van u skedule aangedui.

Opgehoopte limiet vir dood en permanente ongeskiktheid

Die maksimum bedrag wat ons vir enige eis wat enige aantal mense bevat sal betaal, as gevolg van 'n ongeluk of reeks van ongelukke wat uit een oorsaak voortspruit, word op u skedule aangedui.

Nie-mediese onkoste dekking

Die maksimum bedrag wat ons vir enige eis vir nie-mediese onkoste dekking wat met hospitalisasie geassosieer word, as gevolg van 'n ongeluk sal betaal word in die **Groep Persoonlike Ongeluk afdeling** van u skedule aangedui. Dekking sal vanaf die eerste dag van hospitalisasie verskaf word, tensy betaling ten opsigte van permanente ongeskiktheid of dood betaalbaar word.

Die voordeel sal aan die polishouer en/of die genomineerde begunstigde betaal word en nie aan die hospitaal of die gesondheidsdiens-verskaffer nie.

Hierdie is nie 'n mediese skema nie en die dekking is nie dieselfde as dié van 'n mediese skema nie, en hierdie is ook nie 'n plaasvervanger vir 'n mediese skema lidmaatskap nie.

Afdeling	Persentasie
Dood	
Dood van die versekerde persoon	100%
Permanente ongeskiktheid	
Permanente totale ongeskiktheid	100%
Permanente en ongeneeslike verlamming van alle ledemate	100%
Verlies van beide hande of beide voete	100%
Permanente en algehele sigverlies in beide oë	100%
Permanente en algehele verlies van sig in een oog	100%
Sigverlies, behalwe verlies van ligpersepsie	75%
Permanente en algehele verlies van gehoor in	
· Beide ore	100%
· Een oor	25%
Permanente en algehele verlies van spraak	100%
Verlies van ledemaat (een hand of voet)	100%
Verlies van vier vingers aan een hand	70%
Verlies van duim	
· Beide litte	25%
· Een lit	10%
Verlies van vingers op enige hand	
· Drie litte	10%
· Twee litte	8%
· Een lit	5%
Verlies van tone op enige voet	
· Almal aan een voet	30%
· Beide litte van die groot toon	10%
· Een lit van die groot toon	5%
· Anders as die groot toon (elk)	5%
Permanente en algehele verlies van die gebruik van deel van die liggaam sal as die verlies van so 'n deel behandel word.	

Opsionele dekking

Indien u die dekking, soos hieronder beskryf, gekies het en u skedule dui dat u 'n premie daarvoor betaal.

Skending weens brandwonde

In die geval van permanente ongeskiktheid sal ons u ook vir permanente skending as gevolg van toevallige, eksterne brandwonde uitbetaal.

Vir brandwonde aan meer as 10% van die gekombineerde oppervlak area van die gesig en nek, sal u 'n proporsionele 50% van die versekerde bedrag ontvang vir 100% skending van die oppervlak area.

Waar brandwonde aan die oorblywende dele van die liggaam plaasvind, behalwe vir die gesig en nek, sal 25% van die versekerde bedrag proporsioneel tot 100% van die oppervlak area van die skending uitbetaal.

Ons betaal nie vergoeding onder hierdie afdeling van die polis nie, vir:

1. Meer as die vergoeding betaalbaar vir dood of permanente ongeskiktheid (watter een ook al die hoogste is); vir dood wat uit 'n ongeluk of 'n reeks van ongelukke voortspruit as die gevolg van een oorsaak ten opsigte van enige versekerde persoon.
2. Dood of besering wat direk of indirek veroorsaak is deur, verwant is aan of as gevolg van oorlog, besetting, buitelandse vyandige aksie, vyhandighede (of oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of verswakte krag.
3. Dood, ongeskiktheid of nie-mediese onkoste ten opsigte van die versekerde persoon
 - a. terwyl hulle per vliegtuig reis behalwe as passasier(s) en nie as 'n bemanningslid van of vir die doeleinde van enige handel of tegniese onderneming daarin of daarop;
 - b. hulle selfmoord pleeg of doelbewuste self-beserings opdoen;
 - c. se besering of dood wat slegs deur vooraf-bestaande kondisies, fisiese afwykings, siektes of ander swakhede van die versekerde veroorsaak is;
 - d. se tydelike ongeskiktheid van enige aard;
 - e. se ongeluksverwante mediese onkoste;
 - f. besering of dood wat plaasvind terwyl die versekerde persoon onder die invloed van alkohol, dwelms of narkotika is, tensy toegedien deur of voorgeskryf deur en geneem in ooreenstemming met die instruksies van 'n lid van die mediese professie (die versekerde persoon uitgesluit);
 - g. as gevolg van hulle deelname aan enige burgerlike oproer;
 - h. in die geval van vrouens, wat direk of indirek voortspruit uit, of verleng of versnel word deur, of toegeskryf word aan swangerskap, geboorte, abortsie, miskraam, bevallingsprosedure of enige gevolge van die bogenoemde;
 - i. gedurende of as gevolg van hul deelname aan:
 - motorfiets ry (as bestuurder of passasier) behalwe vir die besigheid van die versekerde;
 - enige soort resies wat die gebruik van enige krag-aangedrewe
 - voertuig;
 - vaartuig; of
 - water- of lugtuig insluit.
 - j. se bergklim wat die gebruik van toue noodsaak, wintersport waar sneeu of ys betrokke is, polo te perd, hindernis, professionele sport of hangswaef.
4. Eise waar die dood van die versekerde persoon vertraag word deur slegs die gebruik, vir tydperke van nie minder nie as drie opeenvolgende dae of langer, van lewensondersteunende masjinerie, toebehore of apparaat.

Voertuig – omvattend

Onder hierdie afdeling kan u eis vir enige toevallige skade aan u versekerde voertuig, of indien dit gesteel word. U mag ook eis vir die skade wat u aan ander partye en hul eiendom berokken het. Die bepalinge en voorwaardes ingevolge hierdie afdeling is van toepassing op u as polishouer, u werknemers en enigiemand wat namens u optree, sowel as enige persoon wat die versekerde voertuig met u algemene toestemming gebruik of die algemene toestemming van u werknemers of gereelde bestuurder.

Bybetalings

Elke keer wanneer iets gebeur waarvoor u eis, is u verantwoordelik vir die basiese bybetaling. U moet ook enige van die bykomende bybetalings op u skedule, bo en behalwe die basiese bybetaling, betaal, waar van toepassing.

Ons sal u vergoed:

Die voertuig

Die voertuig is omvattend verseker. Ons sal u vergoed indien dit beskadig of gesteel is. Die meeste wat ons vir 'n voertuig sal betaal is die waarde wat op u skedule aangetoon word. Indien die voertuig gefinansier is, moet ons eerste die finansieringsmaatskappy betaal nadat die bybetaling/s afgetrek is. Indien parte vir die voertuig nie beskikbaar is nie en daar gevolglik verdragings in die herstelwerk is, sal ons u nie vergoed vir enige ongerief of geld wat u verloor of vir enige aanspreeklikheid wat u as gevolg van die vertraging aangaan nie.

Insleep en berging

Die redelike koste om u voertuig te berg of tot by die naaste hersteller in te sleep. U sal persoonlik vir die koste van die insleep en berging van u voertuig verantwoordelik wees indien u nie die insleepnommer skakel en die goedgekeurde wrakwadiens wat ons aanstel, gebruik nie.

Dekking vir nie-mediese uitgawes

Dekking sal vanaf die eerste dag van hospitalisasie verskaf word, tensy betaling ten opsigte van permanente ongeskiktheid of dood betaalbaar word. Die maksimum wat ons vir enige eis ten opsigte van nie-mediese uitgawe dekking sal betaal, wat verband hou met hospitalisasie as gevolg van 'n ongeluk, is **R5 000**. Hierdie voordeel is betaalbaar as 'n eenmalige bedrag wanneer bewys van hospitalisasie ontvang word.

Ander partye

1. Ons sal namens u, 'n ander party vergoed vir skade, onkoste en uitgawes indien die versekerde bestuurder wettiglik verantwoordelik is vir 'n ongeluk wat skade aan 'n ander party se eiendom veroorsaak het, of 'n persoon dood is of beseer is as gevolg van die ongeluk. Die ongeluk moes veroorsaak wees deur of in verband wees met:
 - a. die voertuig wat op hierdie polis verseker is;
 - b. 'n voertuig, motorfiets, sleepwa of woonwa wat deur die voertuig wat u verseker het gesleep word; of
 - c. 'n voertuig wat nie op die polis is nie maar wat die versekerde bestuurder persoonlik bestuur het, solank as wat hy/sy nie die voertuig besit nie of dit onder 'n huur- of kredietooreenkoms is nie. Ons is nie verantwoordelik vir die voertuig wat hy/ sy bestuur het of vir die sleepwa of woonwa wat deur die voertuig gesleep is nie
2. Ons sal ook die ander party vergoed vir skade, onkoste en uitgawes wat veroorsaak is deur enige persoon (passasiers uitgesluit) wat die versekerde voertuig met u toestemming bestuur het, op voorwaarde dat hierdie persoon aan al die bepalinge en voorwaardes van hierdie polis voldoen. Hierdie persoon mag ook nie 'n eis teen 'n ander polis hê nie.

Die maksimum wat ons onder hierdie afdeling sal betaal is **R300 000** vir brand en ontploffing en **R2 500 000** vir ander skade. Die bedrag wat op u skedule aangetoon is, is die maksimum vir dood en besering. Hierdie beperkings geld per voorval.

Opsionele dekking

Indien u die dekking, soos hieronder beskryf, gekies het en u skedule dui dat u 'n premie daarvoor betaal.

Klankstelsel

Die voertuig se klanktoerusting, handvrye foonstelle en burger-bandradios.

Toebehore

Slegs die voertuig toebehore wat op die skedule aangedui word sal gedek wees.

Voertuighuur

Voertuighuur is opsioneel en sal u dek indien u 'n geldige eis het en u skedule aandui dat u 'n premie daarvoor betaal.

Voertuighuur sal beskikbaar wees indien u voertuig beskadig is en herstel word, beskadig en nie rybaar is nie, en/of indien u voertuig gesteel of gekaap is. Ons sal vir 'n gehuurde voertuig, tot die maksimum tydperk, of tot u eis gefinaliseer is, deur een van ons voorkeurverskaffers betaal, afhangend van die tipe voertuighuur wat u gekies het en soos op u skedule aangedui.

U sal verantwoordelik vir die betaling van die brandstofkoste, afhaal- en afleweringfooie wees terwyl u die gehuurde voertuig gebruik, sowel as die bybetaling in die geval van 'n eis ten opsigte van die gehuurde voertuig.

Verlies van gebruik

'n Kontant uitbetaling tot en met die maksimum aantal dae en randwaarde soos op u skedule aangedui, terwyl u voertuig na 'n ongeluk herstel word en/of as u voertuig gesteel is. Verlies van Gebruik sal toegestaan word indien u 'n geldige eis het.

Passasiersaanspreeklikheid

Derdeparty-eise wat teen u ingestel word deur enige persoon wat in of op die versekerde voertuig vervoer word binne Suid-Afrika, soos wat dit op u skedule verskyn, afgesien of so 'n persoon/persone toestemming by u het om in of op die voertuig te wees. Alle eise vir dood of besering tydens 'n padongeluk moet na die Padongelucksfonds verwys word.

Dit dek u vir passasiersaanspreeklikheidseise vir sekondêre emosionele skok of 'n persoon wat die ongeluk gesien of waargeneem het of daarvan in kennis gestel is, en ook indien die Padongelucksfonds nie in staat is om vergoeding te betaal vir 'n geldige eis wat ingedien is nie.

Dekking wat outomaties ingesluit is om u te hulp

Verlore sleutels

Indien die sleutels van die versekerde voertuig per ongeluk verloor word of dit bewys kan word dat 'n ongemagtigde persoon moontlik in besit is van hierdie sleutels, sal ons u vergoed vir die koste om die slotte en sleutels te vervang. Dekking sluit alle vorme van elektroniese slotte en enjinaansitterstelsels in.

Opstande buite Suid-Afrika/Namibië

Ons sal u vergoed vir die verlies of skade aan die voertuig indien dit weens opstande of stakings buite Suid-Afrika en Namibië gebeur. Dekking sal nie van toepassing wees as die opstand of staking nie politiesgemotiveerd of -verwant is nie. Alle ander uitsluitings van hierdie polis sal steeds geld.

Wrakverwydering

Ons sal u vergoed vir die verwydering van die versekerde voertuig indien die owerhede eis dat u dit doen om sodoende skade aan die omgewing te verminder.

Ons vergoed u nie vir:

Geen lisensie, onder die invloed, geëndosseerde lisensie of ongeldige lisensie

As die bestuurder van die versekerde voertuig:

1. nie 'n geldige bestuurslisensie vir die kode/klas voertuig het nie, of bestuur terwyl hul onder die invloed van alkohol of dwelms is, of terwyl die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry of wanneer die bestuurder 'n blaastoets druij; of
2. 'n geëndoseerde lisensie het, hetsy die endossement op die lisensie vertoon word of by die owerhede aangeteken is vir nalatige, roekelose of dronkbestuur, of vir bestuur terwyl die persentasie alkohol in daardie persoon se bloed die wettige limiet oorskry; of
3. nie 'n geldige professionele bestuurspermit (PrDP) het nie, (indien die doel van die voertuig vir die vervoer van tariefbetalende passasiers is, of as die voertuig as 'n pendeldiens funksioneer en as sodanig op die skedule vermeld word, of as die voertuig ontwerp is om 12 of meer mense te vervoer, insluitend die bestuurder en gebruik word om mense te vervoer); of
4. nie 'n geldige pendelpermit het nie, wat deur die Departement van Vervoer uitgereik word (indien die voertuig vir pendel- of huurdiens gebruik word en as sodanig op die skedule vermeld word); of
5. nie 'n geldige professionele bestuurspermit (PrDP) het nie, indien die voertuig bo 3500 kg GVM is en die doel van die voertuig vir die vervoer van goedere en/of gevaarlike goedere is, of dit 'n sleepdiensvoertuig of 'n bus is; of
6. nie 'n geldige bestuursinstruktorspermit het nie (indien die voertuig vir bestuursonderrig gebruik word); of
7. nie 'n geldige bedryfslisensie/permit vir die kode/klas/tipe voertuig het nie, soos vereis deur die Nasionale Padverkeerswet en/of u Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid.

Let wel: Dit is u verantwoordelikheid om stappe te neem om te verseker dat die bestuurslisensie, professionele bestuurspermit en bedryfslisensie van enige bestuurder wat enige van u versekerde voertuie bestuur, geldig is en dat die bestuurder voldoen aan die lisensiewette (Nasionale Padverkeerswet) met betrekking tot Suid-Afrika en die lisensiewette van enige van die gebiede waarna verwys word onder **Voertuie wat in sekere lande buite Suid-Afrika gebruik word**.

Voertuig onpadwaardig

Indien die voertuig of die woonwa of sleepwa wat deur die voertuig gesleep word in 'n ongeluk betrokke is en nie in 'n padwaardige toestand, soos in die wet in verband met padwaardigheid gedefinieer is nie of indien die wet of verkeersregulasies nie sleep toelaat nie.

Ongemagtigde gebruik van die voertuig

Indien iemand die versekerde voertuig sonder u kennis en toestemming gebruik en u nie binne 48 uur 'n kriminele klag teen hulle gelê nie. U mag ook nie die klag onttrek nie.

Voertuig gebruik vir wedrenne

Indien die versekerde voertuig gebruik word vir wedrenne (insluitende toetslopies), tydrenne, spoedtoetse, proeflopies.

Voertuig wat uitverhuur word

Indien die versekerde voertuig uitverhuur word aan 'n derde party, tensy verseker is onder die korrekte besigheids tipe: Voertuig Uitverhuur Aan Derdeparty.

Voertuig gebruik om swaar vragte te vervoer

Indien die versekerde voertuig gebruik word om enige vrag of aantal mense wat meer as sy geregistreerde kapasiteit is, te vervoer.

Voertuig in die motorhandel gebruik

Wanneer die versekerde voertuig in verband met die motorhandel gebruik word, behalwe wanneer dit vir 'n diens of herstelwerk is.

Voertuie wat in sekere lande buite Suid-Afrika gebruik word

Wanneer die voertuig buite Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, Swaziland en Zimbabwe gebruik is. Ons sal nie ander partye namens u vergoed indien die voertuig buite Suid-Afrika gebruik is nie.

Voertuie wat buite Suid-Afrika geregistreer is

Wanneer die versekerde voertuig buite Suid-Afrika geregistreer is. Voertuie moet in Suid-Afrika geregistreer wees.

Dood of besering van 'n lid van u huishouding of 'n werknemer

Indien 'n lid van u huishouding sterf of in 'n ongeluk beseer is of indien 'n persoon wat vir u werk sterf of beseer word terwyl hy/sy werk, behalwe as so 'n persoon deur 'n hof as 'n derdeparty gesien word.

Eiendom in u besit en in die besit van lede van u huishouding

Vir u eiendom en die eiendom van enige lid van dieselfde huishouding, en ander eiendom wat u en enige lid van dieselfde huishouding tydens die ongeluk by hulle het.

Dekking onder die Padongeluksfonds

Vir wat betaal sal word onder die verpligte motorvoertuigversekeringswetgewing.

Gevolgelike- of kontraktuele verlies

Ander verdere verlies wat u mag ly as gevolg van 'n ongeluk waarin die versekerde voertuig betrokke is.

Waardevermindering

Indien die voertuig se waarde, as gevolg van skade wat in 'n ongeluk veroorsaak is, verminder.

Gebrek aan instandhouding

Indien u verlies of skade ly omdat die voertuig nie instand gehou is en gediens is om te verseker dat dit in 'n goeie werkende toestand is nie.

Slytasie as gevolg van gebruik

Waar u geleidelike verlies en skade, as gevolg van normale alledaagse gebruik van die voertuig, ly.

Verlaat die ongelukstoneel

As die voertuig in 'n ongeluk betrokke is en die persoon wat die voertuig bestuur het, die ongelukstoneel verlaat.

Voertuigsleutels wat in of op 'n onbewaakte voertuig gelaat word

Verlies of skade aan die versekerde voertuig indien u die polishouer, u werknemers en enigiemand wat namens u optree, asook enige persoon wat die versekerde voertuig met u algemene toestemming of die algemene toestemming van u werknemers of gereelde bestuurder gebruik, die voertuig se sleutels en/of aansittersleutels van die versekerde voertuig in of op die onbewaakte voertuig los.

Motor lugkant risiko's

Verlies (insluitend gevolglieke verlies), skade, ongeluk, besering, dood of enige aanspreeklikheid van watter aard ook al terwyl die versekerde voertuig in of op 'n lugkant is.

Die lugkant is enige area van 'n lughaweperseel wat beperkte reg op toegang het, soos aanloopbane, taxibane, 'n stuk grond en gepaardgaande dienspaaië, plus sekere dele van die terminus en ander geboue rondom die lughaweperseel (soos omskryf deur die betrokke lughawe-owerheid).

Voertuig – derdeparty, brand en diefstal

Onder hierdie afdeling kan u eis vir sekere gespesifiseerde skade aan u versekerde voertuig, of indien dit gesteel word. U kan ook vir die skade wat u aan ander partye en hul eiendom veroorsaak het, eis. U mag nie eis vir toevallige skade aan u eie voertuig nie. Die bepalinge en voorwaardes ingevolge hierdie afdeling is van toepassing op u as polishouer, u werknemers en enigiemand wat namens u optree, sowel as enige persoon wat die versekerde voertuig met u algemene toestemming gebruik of die algemene toestemming van u werknemers of gereelde bestuurder.

Bybetalings

Elke keer wanneer iets gebeur waarvoor u eis, is u verantwoordelik vir die basiese bybetaling. U moet ook enige van die bykomende bybetalings op u skedule, bo en behalwe die basiese bybetaling, betaal, waar van toepassing.

Ons sal u vergoed:

Die voertuig

Die voertuig is verseker vir derdeparty, brand en diefstal. Ons sal u vergoed indien dit as 'n direkte gevolg van brand, ontploffing, weerlig of 'n poging tot diefstal beskadig is, of indien dit gesteel is.

Die meeste wat ons vir 'n voertuig sal betaal is die waarde wat op u skedule aangetoon word. Indien die voertuig gefinansier is, moet ons eerste die finansieringsmaatskappy, nadat die bybetaling/s afgetrek is, betaal. Indien parte vir die voertuig nie beskikbaar is nie en daar gevolglik verdragings in die herstelwerk is, sal ons u nie, vir enige ongerief of geld wat u verloor of vir enige aanspreeklikheid wat u as gevolg van die verdragings aangaan, vergoed nie.

Insleep en berging

Die redelike koste om u voertuig te berg of tot by die naaste hersteller in te sleep. U sal persoonlik vir die koste van die insleep en berging van u voertuig verantwoordelik wees indien u nie die insleepnommer skakel en die goedgekeurde insleepoperateur wat ons aanstel, gebruik nie.

Dekking vir nie-mediese uitgawes

Dekking sal vanaf die eerste dag van hospitalisasie verskaf word, tensy betaling ten opsigte van permanente ongeskiktheid of dood betaalbaar word. Die maksimum wat ons vir enige eis ten opsigte van nie-mediese uitgawe dekking sal betaal, wat verband hou met hospitalisasie as gevolg van 'n ongeluk, is **R5 000**. Hierdie voordeel is betaalbaar as 'n eenmalige bedrag wanneer bewys van hospitalisasie ontvang word.

Ander partye

1. Ons sal namens u, 'n ander party vir skade, onkoste en uitgawes vergoed indien die versekerde bestuurder wettig verantwoordelik is vir 'n ongeluk wat skade aan 'n ander party se eiendom veroorsaak het, of 'n persoon dood is of beseer is as gevolg van die ongeluk. Die ongeluk moes veroorsaak wees deur of in verband wees met:
 - a. die voertuig wat op hierdie polis verseker is;
 - b. 'n voertuig, motorfiets, sleepwa of woonwa wat deur die voertuig wat u verseker het gesleep word; of
 - c. 'n voertuig wat nie op die polis is nie maar wat die versekerde bestuurder persoonlik bestuur het, solank as wat hy/sy nie die voertuig besit nie, of dit onder 'n huur- of kredietooreenkoms is nie. Ons is nie verantwoordelik vir die voertuig wat hy/sy bestuur het of vir die sleepwa of woonwa wat deur die voertuig gesleep is nie.
2. Ons sal ook die ander party vergoed vir skade, onkoste en uitgawes wat veroorsaak is deur enige persoon (passasiers uitgesluit) wat die versekerde voertuig met u toestemming bestuur het, op voorwaarde dat hierdie persoon aan al die bepalinge en voorwaardes van hierdie polis voldoen. Hierdie persoon mag ook nie 'n eis teen 'n ander polis hê nie.

Die maksimum wat ons onder hierdie afdeling sal betaal word op u skedule aangetoon. Hierdie beperkings geld per voorval.

Opsionele dekking

Indien u die dekking, soos hieronder beskryf, gekies het en u skedule dui dat u 'n premie daarvoor betaal.

Klankstelsel

Die voertuig se klanktoerusting, handvrye foonstelle en burger-bandradios.

Haelskade

Haelskade aan die voertuig.

Glas

Skade aan die voorruit en ruite van die voertuig.

Toebehore

Slegs die voertuig toebehore wat op die skedule aangedui word sal gedek wees.

Voertuighuur

Voertuighuur is opsioneel en sal u dek indien u 'n geldige eis het en u skedule aandui dat u 'n premie daarvoor betaal.

Voertuighuur sal beskikbaar wees indien u voertuig beskadig is en herstel word, beskadig en nie rybaar is nie, en/of indien u voertuig gesteel of gekaap is. Ons sal vir 'n gehuurde voertuig, tot die maksimum tydperk, of tot u eis gefinaliseer is, deur een van ons voorkeurverskaffers betaal, afhangend van die tipe voertuighuur wat u gekies het en soos op u skedule aangedui.

U sal verantwoordelik vir die betaling van die brandstofkoste, afhaal- en afleweringsooie wees terwyl u die gehuurde voertuig gebruik, sowel as die bybetaling in die geval van 'n eis ten opsigte van die gehuurde voertuig.

Verlies van Gebruik

'n Kontant uitbetaling tot en met die maksimum aantal dae en randwaarde soos op u skedule aangedui, as u voertuig gesteel is. Verlies van Gebruik sal toegestaan word indien u 'n geldige eis het.

Passasiersaanspreeklikheid

Derdeparty-eise wat teen u ingestel word deur enige persoon wat in of op die versekerde voertuig vervoer word binne Suid-Afrika, soos wat dit op u skedule verskyn, afgesien of so 'n persoon/persone toestemming by u het om in of op die voertuig te wees. Alle eise vir dood of besering tydens 'n padongeluk moet na die Padongelucksfonds verwys word.

Dit dek u vir passasiersaanspreeklikheidseise vir sekondêre emosionele skok of 'n persoon wat die ongeluk gesien of waargeneem het of daarvan in kennis gestel is, en ook indien die Padongelucksfonds nie in staat is om vergoeding te betaal vir 'n geldige eis wat ingedien is nie.

Dekking wat outomaties ingesluit is om u te hulp

Verlore sleutels

Indien die sleutels van die versekerde voertuig per ongeluk verloor word of dit bewys kan word dat 'n ongemagtigde persoon dalk in besit van hierdie sleutels kan wees, sal ons u vir die koste om die slotte en sleutels te verander, vergoed. Dekking sluit alle vorme van elektroniese slotte en enjinonstekingstelsels in.

Opstande buite Suid-Afrika/Namibië

Ons sal u vergoed vir die verlies of skade aan die voertuig indien dit gebeur as gevolg van opstande of stakings buite Suid-Afrika en Namibië. Dekking sal nie van toepassing wees indien die opstand of staking nie polities gemotiveerd of verwant is nie. Alle ander uitsluitings van hierdie polis sal nog steeds geld.

Wrakverwydering

Ons sal u vergoed vir die verwydering van die versekerde voertuig indien die owerhede eis dat u dit doen om sodoende skade aan die omgewing te verminder.

Ons vergoed u nie vir:

Geen lisensie, onder die invloed, geëndosseerde lisensie of ongeldige lisensie

Ons sal, namens u, 'n ander party vir skade, onkoste en uitgawes vergoed indien u wettiglik verantwoordelik is vir 'n ongeluk veroorsaak deur of in verband met die gholfkarretjie, wat skade aan 'n ander party se eiendom veroorsaak het.

Die maksimum wat ons onder hierdie sub-afdeling betaal vir u aanspreeklikheid as gholfkarretjie-eienaar, verskyn op u skedule. Hierdie beperkings is per voorval.

Opsionele dekking

Indien u die dekking, soos hieronder beskryf, gekies het en u skedule dui dat u 'n premie daarvoor betaal.

Passasiersaanspreeklikheid

Derdeparty-eise wat teen u ingestel word deur enige persoon wat in of op die versekerde gholfkarretjie vervoer word binne Suid-Afrika, soos wat dit op u skedule verskyn, afgesien of so 'n persoon/persone toestemming by u het om in of op die gholfkarretjie te wees. Alle eise vir dood of besering tydens 'n padongeluk moet na die Padongelucksfonds verwys word.

Dit dek u vir passasiersaanspreeklikheidseise vir sekondêre emosionele skok of 'n persoon wat die ongeluk gesien of waargeneem het of daarvan in kennis gestel is, en ook indien die Padongelucksfonds nie in staat is om vergoeding te betaal vir 'n geldige eis wat ingedien is nie.

Ons vergoed u nie vir:

Geen lisensie, onder die invloed, geëndosseerde lisensie of ongeldige lisensie

Indien die gholfkarretjie deur u bestuur word, of deur enige persoon wat u algemene toestemming het, en die bestuurder:

1. nie 'n geldige bestuurslisensie het nie, of bestuur terwyl hul onder die invloed van alkohol of dwelms is, of terwyl die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry of wanneer die bestuurder 'n blaastoets druip; of
2. 'n geëndoseerde lisensie het, hetsy die endossement op die lisensie vertoon word of by die owerhede aangeteken is vir nalatige, roekelose of dronkbestuur, of vir bestuur terwyl die persentasie alkohol in daardie persoon se bloed die wettige limiet oorskry; of

Indien die gholfkarretjie deur 'n voertuig wat u bestuur gesleep word, of deur enige persoon wat u algemene toestemming het, en die bestuurder:

1. het nie 'n geldige bestuurslisensie nie, of bestuur terwyl hul onder die invloed van alkohol of dwelms is, of terwyl die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry of wanneer die bestuurder 'n blaastoets druip; of
2. 'n geëndoseerde lisensie het, hetsy die endossement op die lisensie vertoon word of by die owerhede aangeteken is vir nalatige, roekelose of dronkbestuur, of vir bestuur terwyl die persentasie alkohol in daardie persoon se bloed die wettige limiet oorskry.

Let wel: Dit is u verantwoordelikheid om stappe te neem om te verseker dat die bestuurslisensie en professionele bestuurspermit van enige bestuurder wat enige van u versekerde voertuie bestuur, geldig is en dat die bestuurder voldoen aan die lisensiewette (Nasionale Padverkeerswet) met betrekking tot Suid-Afrika en die lisensiewette van enige van die gebiede waarna verwys word onder **Gholfkarretjie wat in sekere lande buite Suid-Afrika gebruik word.**

Gholfkarretjie onpadwaardig

Indien die gholfkarretjie of die voertuig wat die gholfkarretjie sleep nie in 'n padwaardige toestand, soos in die wet in verband met padwaardigheid gedefinieer is nie of indien die wet op verkeersregulasies nie sleep toelaat nie.

Gholfkarretjie wat in sekere lande buite Suid-Afrika gebruik word

Wanneer die gholfkarretjie buite Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, Swaziland en Zimbabwe gebruik word. Ons sal nie ander partye namens u vergoed indien die gholfkarretjie buite Suid-Afrika gebruik is nie.

Gholfkarretjie wat buite Suid-Afrika geregistreer is

Wanneer die versekerde gholfkarretjie buite Suid-Afrika geregistreer is. Gholfkarretjies moet in Suid-Afrika geregistreer wees.

Dood of besering van 'n lid van u huishouding of 'n werknemer

Indien 'n lid van u huishouding sterf of in 'n ongeluk beseer is of indien 'n persoon wat vir u werk sterf of beseer is terwyl hy/sy werk, behalwe as so 'n persoon deur 'n hof as 'n derdeparty beskou word.

Eiendom in u besit en in die besit van lede van u huishouding

Vir u eiendom en die eiendom van enige lid van dieselfde huishouding en ander eiendom wat u en enige lid van dieselfde huishouding tydens die ongeluk by hulle het, of goed wat binne in die gholfkarretjie is.

Dekking onder die Padongeluksfonds

Vir wat betaal sal word onder die verpligte motorvoertuigversekeringswetgewing.

Verlaat die ongelukstoneel

As die gholfkarretjie in 'n ongeluk betrokke is en die persoon wat die gholfkarretjie bestuur het, die ongelukstoneel verlaat.

Voertuigsleutels wat in of op 'n onbewaakte gholfkarretjie gelaat word

Verlies of skade aan die versekerde gholfkarretjie indien u die polisher, u werknemers en enigiemand wat namens u optree, asook enige persoon wat die versekerde gholfkarretjie met u algemene toestemming of die algemene toestemming van u werknemers of gereelde bestuurder gebruik, die gholfkarretjie se sleutels en/of aansittersleutels van die gholfkarretjie in of op die onbewaakte gholfkarretjie los.

Motor lugkant risiko's

Verlies (insluitend gevolglike verlies), skade, ongeluk, besering, dood of enige aanspreeklikheid van watter aard ook al terwyl die versekerde gholfkarretjie in of op 'n lugkant is.

Lugkant is enige area van 'n lughaweperseel wat beperkte reg op toegang het, soos aanloopbane, taxibane, 'n stuk grond en gepaardgaande dienspaaie, plus sekere dele van die terminus en ander geboue rondom die lughaweperseel (soos omskryf deur die betrokke lughawe-owerheid).

Masjinerie breekskade

Onder hierdie afdeling kan u versekering uitneem teen skielike en onvoorsiene fisiese skade aan enige masjinerie (of enige deel daarvan) soos beskryf in u skedule en wat by u perseel en gedurende u tydperk van versekering, gebeur het deur enige oorsaak wat nie spesifiek uitgesluit word nie, terwyl u versekerde masjinerie:

- in gebruik of in rus is; of
- besig is om uitmekaar gehaal te word vir die doel van skoonmaak, inspeksie, opknapping of verskuiwing na 'n ander posisie op die perseel of in die verloop van die verrigtinge self of daaropvolgende heroprigting.

Die maksimum vergoeding betaalbaar vir enige voordeel, wetlike aanspreeklikheid, verlies of skade onder hierdie afdeling van u polis word op u skedule aangetoon.

Gaan asseblief na of die dekking wat u versoek het, korrek op u skedule vertoon word en dat dit met u intensies, versoeke of behoeftes ooreenstem.

Bybetaling

Elke keer wanneer iets gebeur waarvoor u eis, is u verantwoordelik vir die basiese bybetaling. U moet ook enige van die bykomende bybetalings op u skedule, bo en behalwe die basiese bybetaling, betaal, waar van toepassing.

Spesiale voorwaarde

Die versekerde bedrag sal ten alle tye die nuwe vervangingswaarde van elke item van die masjinerie wees, insluitende vrag onkoste, doeane verpligtinge en oprigtingskoste.

Ons sal u vergoed:

Die koste/s van herstel of vervanging van u masjinerie as gevolg van 'n skielike en onvoorsiene fisiese skade soos op u skedule uiteengesit, indien dit op u perseel en gedurende u versekerings tydperk gebeur, terwyl u masjinerie:

- a. in gebruik of in rus is; of
- b. besig is om uitmekaar gehaal te word vir die doel van skoonmaak, inspeksie, opknapping of verskuiwing na 'n ander posisie op die perseel of in die verloop van die verrigtinge self of daaropvolgende heroprigting.

Die basis van vergoeding van enige so 'n verlies sal wees:

- Gedeeltelike Skade

Waar u versekerde masjinerie herstel kan word, sal ons die redelike en noodwendige onkoste om dit te herstel na die toestand van diensbaarheid onmiddellik voor die gebeurtenis van die skade betaal, maar nie as dit die Totale Verlies bedrag oorskry nie. Die kostes van spoedaflewering, oortyd, Sondag en vakansiedag tariewe sal uitgesluit word, tensy daar spesiaal daarvoor voorsiening gemaak is.

- Totale Verlies

Indien die koste van die herstelwerk soos hierbo uiteengesit gelykstaande is aan die vervangingswaarde van die masjinerie onmiddellik voor die gebeurtenis of die vervangingswaarde van die masjinerie oorskry, sal dit as 'n Totale Verlies gesien word en dan sal ons die eintlike waarde van die masjinerie onmiddellik voor die gebeurtenis, uitgewerk op die nuwe vervangingswaarde minus u bybetaling, uitbetaal. Normale kostes om die masjinerie uitmekaar te haal sal ook betaal word.

Wat gebeur as u onderverseker is

U moet elke item van die masjinerie vir die vervangingswaarde verseker insluitende vrag onkoste, doeane verpligtinge en oprigtingskoste. U moet verseker dat u die waarde van u dekking verhoog om tred te hou met die werklike vervangingswaardes.

Indien u eis sal ons die vervangingswaarde bereken waarop u, u masjinerie moes verseker het. Indien u vir minder as die berekende bedrag verseker het, sal ons slegs 'n gedeelte van u eis betaal.

Dekking wat outomaties ingesluit is om u te hulp

Konsultasie fooie

Die versekerde bedrag sal die fooie van argitek, bourekenaars en raadgewende ingenieurs insluit indien dit noodwendig is en eintlik aangegaan is (vir kwotasies, planne, spesifikasies, hoeveelhede, tenders en toesig) gedurende die herinstelling of vervanging van u versekerde masjinerie na skade, maar die bedrag betaalbaar onder hierdie dekking sal beperk word tot 'n maksimum van 10% van die bedrag van die verlies wat betaal is ten opsigte van sodanige verlies of skade.

Opsionele dekking

Indien u die dekking, soos hieronder beskryf, gekies het en u skedule dui dat u 'n premie daarvoor betaal.

Opruimingskoste

U versekering dek kostes wat u moet aangaan terwyl u, u masjinerie sloop of uitmekaar haal, vullis van u perseel verwyder en vir die insameling en/of berging van enige vernietigde toerusting wat benodig word tydens sloping, puinverwydering en heropbou na skade aan u versekerde masjinerie.

Ons vergoed u nie vir:

1. verlies of skade as gevolg van brand, brandblussing en daaropvolgende sloping, direkte weerlig, 'n chemiese ontploffing (behalwe vir rookgas ontploffings in ketels), impak deur diere of voertuie, vliegtuie of ander lugtoestelle of goedere wat daarvan val, diefstal of beplande diefstal, kwaadwillige daad, inval van geboue, ineensakking, grondverskuiwing, ontsnap van water uit waterhoudende apparate, storms, winde, waterfloede, oorstroming, hael, sneeu, aardbewing (of dit voortspruit uit mynboubedrywighede of andersins), vulkaniese uitbarstings, vloede, orkaan, sikloon of enige ander natuurramp of gebeurtenisse.

Die term ontploffing sluit nie bars of ontwinging van turbines, kompressors, transformators, vergruishamers, silinders van stoom enjins, hidrouliese silinders, vliegwiele of ander toestelle onderhewig aan sentrifugale krag, in nie.

2. skade as gevolg van eksperimente, oorlading, toetse wat onnatuurlike kondisies vereis of die verkeerde toepassing van gereedskap.
3. skade waarvoor die kontrakteur, verskaffer, hersteller of huurder verantwoordelik is, wetlik of onder kontrak is.
4. enige kostes vir vervanging, herinstallering of herstel vir:
 - a. slytasie en gelydelike verslegting;
 - b. verhandelbare parte en gereedskap soos, maar nie beperk tot kleppe, buise, belde, kettings, seëls, punte, snyers, messe, lemme, fatsoenvorms, patrone, rollers of siwwe nie, behalwe wanneer veroorsaak word deur eksterne oorsake of in ooreenstemming met ander versekerde skade;
 - c. fondasies en messelwerk.
5. verlies of skade aan verhandelbare gereedskap (byvoorbeeld, maar nie beperk tot fatsoenvorms, vorms of gegraveerde silinders nie), parte wat as gevolg van hul gebruik en/of hul doel 'n hoë slytasie tempo het (byvoorbeeld, maar nie beperk tot vuurvaste voering en vergruishamers nie), voorwerpe van glas, belde, toue, kables, rubber bande en bedryfsmedia (byvoorbeeld, maar nie beperk tot smeermiddels, brandstowwe of katalisators, nie).

6. verlies of skade veroorsaak deur enige fout of defek waarvan u of u verteenwoordiger ten tye van die begin van die dekking geweet het, of sulke foute of defekte aan ons bekendgemaak was, of nie.
7. verlies of skade as 'n direkte nagevolg van die aanhoudende invloed van bedrywighede (byvoorbeeld, maar nie beperk tot slytasie, holties, erosie, korrosie, roes of ketelsteenvorming).
8. kontraktuele verlies of aanspreeklikheid van enige tipe of beskrywing.
9. Fondasies: Die masjinerie op u skedule sluit geen tipe fondasie in nie tensy spesifiek op u skedule andersins genoem word.
10. Vuurvaste artikels en messelwerk: Die masjinerie op u skedule sluit nie enige messelwerk of vuurvaste artikels in nie, tensy dit spesifiek op u skedule genoem word, in welke geval ons aanspreeklikheid beperk sal word tot skade aan vuurvaste artikels, gevolglik ander betaalbare skade en die aanspreeklikheid nie die oorspronklike waarde van hierdie vuurvaste artikels sal oorskry nie.

Masjinerie breekskade - sake onderbreking

Die maksimum vergoeding of skikking betaalbaar vir enige voordeel, wetlike aanspreeklikheid, verlies of skade verseker onder hierdie afdeling van u polis word op u skedule aangetoon.

Onder hierdie afdeling is u gedek vir verlies van inkomste (na uitgawes) gedurende die tydperk direk na 'n skielike en onvoorsiene fisiese skade aan enige masjinerie soos beskryf in u **Masjinerie Breekskade afdeling** van u polis, indien dit op u perseel en gedurende u tydperk van versekering gebeur het.

U kan u dekking verpersoonlik deur self te besluit hoe lank u die dekkingstydperk wil hê; hoe lank dit u gaan neem om na normaal toe terug te keer na 'n verlies.

U mag hierdie dekking verleng om die normale vaste uitgawes na te kom wat u sal aangaan tot die besigheid na normaal toe terugkeer.

Gaan asseblief die dekking op u skedule na om te verseker dat dit korrek en in ooreenstemming met u intensies, versoeke en behoeftes is.

Bybetalings

Elke keer wanneer iets gebeur waarvoor u eis, is u verantwoordelik vir die basiese bybetaling. U moet ook enige van die bykomende bybetalings op u skedule, bo en behalwe die basiese bybetaling, betaal, waar van toepassing.

Tydsbybetaling

Die tydperk wat begin vanaf die begin van die onderbreking of inmenging met die besigheid, wat tot die eis onder hierdie afdeling lei waarvoor daar nie dekking is nie. Die dekking sal slegs na die afloop van die tyd intree soos gespesifiseer in die tydsbybetaling.

Definisies

Verlies of skade

Dis die skielike en onvoorsiene fisiese skade aan enige versekerde masjinerie soos op u skedule aangetoon en wat op u perseel en gedurende u tydperk van versekering gebeur het, terwyl u masjinerie:

- a. in gebruik of in rus is; of
- b. besig is om uitmekaar gehaal te word vir die doel van skoonmaak, inspeksie, opknapping of verskuiwing na 'n ander posisie op die perseel of in die verloop van die verrigtinge self of daaropvolgende heroprigting.

Vergoedingstydperk

Die tydperk wat met die aanvang van die skade begin en nie later as die aantal maande daarna, soos op u skedule aangetoon, eindig nie en waardeur die uitslae van u besigheid geaffekteer gaan word as gevolg van die skade.

Netto inkomste

Die geld wat aan u betaal word of betaalbaar is vir goedere wat verkoop en afgelewer is en/of dienste gelewer in die verloop van u besigheid op u perseel, insluitende enige gelde ontvang, of aan u verskuldig deur huurders vir huur van die perseel en/of vir dienste gelewer na voorsiening vir die uitgawe gemaak is, in die berekening van so 'n inkomste, maar sluit kapitaalbeleggings of kapitaalbesteding uit.

Vaste uitgawes

Die uitgawes van u besigheid wat u nogtans moet betaal, hetsy u besigheid bedryf kan word of nie.

Bepaalde gebeure

Verlies ingevolge die onderbreking van of inmenging met u besigheid as gevolg van skade wat gedurende u versekeringstydperk en op u perseel gebeur het en waarvan betaling gemaak is of aanspreeklikheid erken is onder u **Masjinerie Breekskade afdeling** van u polis.

Dekking sal van toepassing bly indien so 'n aanspreeklikheid of betaling uitgesluit word, alleenlik omdat daar van u verwag word om die eerste betaalbare bedrag te dra of as gevolg van 'n tydsbybetaling.

U versekering onder hierdie afdeling sal staak indien u besigheid ophou of deur 'n likwidateur of regterlike bestuurder volgehou word of permanent gestaak word, behalwe met ons skriftelike ooreenkoms.

Klousules van toepassing op hierdie hele afdeling van u polis

Voorkoming van die verlies

By die gebeurtenis van enige skade waarvan 'n eis ingevolge hierdie afdeling gemaak kan word, sal u bo en behalwe die nakoming van die Algemene Bepalings en Voorwaardes van die polis, ook alle praktiese aksies neem om enige onderbreking of inmenging in u besigheid te verminder, te stop of verlies te verhoed.

Verskaffing van inligting

U sal nie later as 30 dae na u besigheid terugkeer het na normale bedrywighede na die verlies of skade wat die oorsaak van die eis onder hierdie afdeling was of na die afloop van die vervaldatum van die versekeringstydperk, wat ookal eerste gebeur, teen u eie onkoste alle nodige inligting wat benodig sal word vir die berekening en aflos van die verlies, insluitende inligting van ander versekering wat hierdie verlies of enige deel daarvan dek, by ons aflewer.

Indien u nie hierdie vereiste nakom nie, sal die dekking onder hierdie afdeling van die polis aangaande hierdie verlies of skade gekanselleer word en enige betalings wat reeds namens hierdie eis gemaak is, sal aan ons terugbetaal moet word.

Handel dryf vir minder as 12 maande

Indien die verlies of skade wat die oorsaak van die eis onder hierdie afdeling van die polis is, voor die afloop van die eerste jaar se bedrywighede van u besigheid op u perseel gebeur het, sal ons die eis bereken deur die beskikbare bedrae te neem en te beraam wat die jaarlikse bedrae sou gewees het as die verlies nie plaasgevind het nie.

Rekenmeesters

Enige besonderhede of inligting wat in u rekeningsboeke of ander besigheidsboeke of dokumente bevat word, wat ons onder die afdeling vir die doel van ondersoek of bevestiging van enige eis mag nodig hê, moet oorhanding en gesertifiseer word deur u ouditeure en professionele rekenmeesters, sou ons so versoek.

Inkomste

By die aanpassing van enige verlies sal in aanmerking geneem word dat 'n billike toelae gemaak word indien enige tekort aan inkomste as gevolg van die skade uitgestel word as gevolg van die tydelike instandhouding van opgehoopte voorrade.

Departementele klousule

Indien u besigheid in departemente of takke bedryf word en die onafhanklike bedryfsresultate daarvan vasgestel kan word, sal voorsiening onder die inkomste ingevolge die afname in inkomste en verhoogde koste verbonde aan werk, sal afsonderlik van toepassing wees op elke departement of tak wat deur die skade aangeraak is, behalwe as die versekerde bedrag by die relatiewe dekking minder is as die som van die inkomste of huur vir elke departement of tak, of dit deur die skade aangeraak is of nie, in vergelyking met die jaarlikse inkomste daarvan (proporsioneel verhoog indien die aantal maande soos in die definisie van die vergoedingstydperk waarna verwys word, 12 maande oorskry), dan sal die betaalbare bedrag proporsioneel aangepas word.

U beskikbare dekking

Belangrik:

Indien u dekking vir u vaste uitgawes wat u mag aangaan na 'n verlies benodig, verwys asseblief na die addisionele dekking wat u mag byvoeg.

Gaan asseblief die dekking op u skedule na om te verseker dat dit korrek en in ooreenstemming met u intensies, versoeke en behoeftes is.

Inkomste

Ons sal u vergoed vir verlies van netto inkomste as gevolg van

- a. 'n afname in inkomste; en
- b. 'n toename in die uitgawes van die versekerde besigheid.

en die bedrag betaalbaar as vergoeding sal wees vir 'n afname in inkomste, die som bereken deur die koers van inkomste by die bedrag van inkomste saam te voeg, wat gedurende die vergoedingstydperk, as gevolg van die verlies of skade tekort skiet ten opsigte van die normale inkomste.

Toename in die uitgawes

Ten opsigte van toename in uitgawes van u versekerde besigheid vir addisionele besteding van geld noodsaaklik en redelik aangegaan vir die uitsluitlike doel om die afname in inkomste te verhoed of te verminder wat, as dit nie vir hierdie uitgawes was nie, wel gedurende die vergoedingstydperk as gevolg van die skade sou afgeneem het, maar mag nie die som van koers van inkomste en bedrag van die afname oorskry nie.

Minus enige som wat gedurende die skadeloosstellingstydperk gespaar is ten opsigte van die koste en uitgawes van u besigheid wat betaalbaar is uit inkomste wat mag stop of verminder word as gevolg van die verlies of skade, met die verstandhouding dat die bedrag betaalbaar proporsioneel verminder sal word indien die versekerde berdag ten opsigte van inkomste minder is as die som wat bereken word deur die inkomste koers op die jaarlikse inkomste toe te pas waar die maksimum vergoedingstydperk 12 maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse inkomste waar die maksimum vergoedingstydperk 12 maande oorskry.

Addisionele dekking wat u by die afdeling van u polis kan byvoeg

Hierdie is dekking wat nie outomaties onder hierdie afdeling ingesluit word nie. U moet ons opdrag gee om die dekking in te sluit en u moet u skedule nagaan om seker te maak dat die dekking waarvoor u gevra het daar aangetoon word en dat u die relevante premie daarvoor betaal. Die dekking onder hierdie addisionele afdelings is steeds onderhewig aan die Algemene Bepalings en Voorwaardes van u algehele polis asook die bepalinge en voorwaardes van hierdie afdeling van u polis.

Die maksimum vergoeding betaalbaar vir enige voordeel, wetlike aanspreeklikheid, verlies of skade betaalbaar onder hierdie afdeling van u polis word op u skedule aangetoon.

Gaan asseblief die dekking op u skedule na om te verseker dat dit korrek en in lyn met u intensies, versoeke en behoeftes is.

Vaste uitgawes

Die versekering onder hierdie item word beperk tot die koste van daardie uitgawes wat deel vorm van die normale koste van bedrywighede van u besigheid en wat aanhou om betaal te word terwyl die normale bedrywighede van u besigheid gedeeltelik of geheel en al deur die verlies of skade geaffekteer word.

U moet die vergoedingslimiet wat u mag nodig spesifiseer en op u skedule, wat deel van u polis vorm, laat aandui. Gaan asseblief die dekking op u skedule na om te verseker dat dit korrek en in ooreenstemming met u intensies, versoeke en behoeftes is.

Verslegting van voorraad na masjinerie breekskade

Onder hierdie afdeling mag u verslegting van voorraad, wat normaalweg verkoel of gevries gehou word, verseker teen breekskade van masjinerie wat verseker is onder u **Masjinerie Breekskade afdeling** van u polis.

Die maksimum vergoeding betaalbaar vir enige voordeel, wetlike aanspreeklikheid, verlies of skade verseker onder hierdie afdeling van u polis word op u skedule aangetoon.

Gaan asseblief die dekking op u skedule na om te verseker dat dit korrek en in ooreenstemming met u intensies, versoeke en behoeftes is.

Bybetaling

Elke keer wanneer iets gebeur waarvoor u eis, is u verantwoordelik vir die basiese bybetaling. U moet ook enige van die bykomende bybetalings op u skedule, bo en behalwe die basiese bybetaling, betaal, waar van toepassing.

Tydsbybetaling

Is die tydperk wat begin vanaf die aanvang van die onderbreking of inmenging met die besigheid wat tot die eis onder hierdie afdeling lei. Die dekking sal slegs na die afloop van die tyd intree soos gespesifiseer in die tydsbybetaling.

Bepaalde gebeure

Verlies of skade aan u eiendom wat op u skedule gespesifiseer is, en deur verslegting, as gevolg van onvoorsiene fisiese verlies of skade aan u masjinerie veroorsaak is en op u skedule in u **Masjinerie Breekskade afdeling** gespesifiseer is en vergoeding wat onder die **Masjinerie Breekskade afdeling** beskikbaar is.

Met die verstandhouding dat ons aanspreeklikheid gedurende enige een tydperk van 12 agtereenvolgende maande van die aanvangsdatum of herdenkingsdatum nie die limiet van vergoeding soos op u skedule aangetoon, vir enige gespesifiseerde item, oorskry nie.

Ons vergoed u nie vir:

1. verlies voorspruitend uit die geen-eis tydperk soos op u skedule aangetoon of goedere wat in koelkamers gestoor word as gevolg van 'n afwyking van die voorgeskrewe verkoelingstemperatuur, tensy verslegting veroorsaak word deur kontaminasie as gevolg van 'n lekkasie van verkoelmiddels of deur toevallige vries van goedere of tensy vars goedere wat nog nie die voorgeskrewe verkoeltemperatuur bereik het nie en daardeur geaffekteer is. Die geen-eis tydperk word ge-eien as die tydperk wat dadelik die onderbreking of verkoelingstydperk volg, indien die stoorkamer geseël was, sou geen verslegting gebeur het nie;
2. verlies aan die goedere wat gestoor word as gevolg van krimpings, inherente gebreke of siektes, natuurlike verslegting of natuurlike verrotting;

3. verlies as gevolg van onbehoorlike berging, skade aan verpakkingsmateriaal, onvoldoende sirkulasie van lug of wisselvallige temperature;
4. verlies veroorsaak deur tydelike herstelwerk wat uitgevoer word, met of sonder ons toestemming, op die verkoelingsmasjinerie soos gespesifiseer op u lys van masjinerie;
5. 5 boetes vir vertraging, gevolglike verlies of skade of aanspreeklikheid van enige aard; of
6. verlies of skade wat direk of indirek veroorsaak is deur, of voortspruit uit, of vererger is deur:
 - a. die opsetlike daad of opsetlike nalatigheid van u of u verteenwoordigers;
 - b. brand, weerlig, chemiese ontploffing, brandblussing en gevolglike sloping, vliegtuie of ander lugtoestelle of artikels wat van hulle val, diefstal of poging tot diefstal, ineenstorting van geboue, vloed, oorstromings, aardbewings, insakkings, grondverskuiwings, stortvloede, tornado's, siklone, vulkaniese uitbarstings of ander natuurrampe.

Spesifieke voorwaardes van toepassing op hierdie uitbreiding van dekking

Hierdie afdeling sal alleenlik van toepassing wees indien:

- a. die verkoelingsmasjinerie onder die in-krag masjinerie breekskade afdeling verseker is;
- b. die goedere ten tye van die verlies of skade in verkoelkamers gestoor was;
- c. die versekerde bedrag gelyk is aan die beraamde maksimum verkoopsprys, verkrygbaar vir die gestoorde goedere gedurende die tydperk van hierdie afdeling. Daar sal van u verwag word om ons te voorsien met afskrifte van u voorraad boeke of 'n behoorlik ingevulde verklaring wat die gemiddelde hoeveelhede en waarde per dag van die gestoorde goedere, gedurende die voorafgaande maand, na 'n eis was.

Die maandelikse voorraad boeke moet op die verkoopsprys verkrygbaar vir die versekerde goedere gebaseer word.

Alle eise sal afgehandel word op die basis van die waarde wat in die maandelikse verklaring verskyn, onmiddellik voor die insident van die verlies of die verkoopsprys wat bekom kon word, wat ook al die minste is. Wanneer die vergoeding bepaal word sal ons al die omstandighede wat die vergoedingsbedrag kan affekteer in ag neem, soos die opbrengs van die verkoop van goedere sowel as stooronkoste wat bespaar is as gevolg van die beëindiging van die berging.

Indien dit na die insident van gedeeltelike verlies bevind word dat die laaste maand se verklaring, wat die verlies vooruitgaan, minder is as die bedrag wat u moes verklaar het, dan sal die bedrag wat deur u ge-eis kon word verminder word in proporsie van die bedrag in u laaste maandelikse verklaring met die bedrag wat verklaar moes gewees het.

Opsionele bepalings van toepassing tot hierdie verlenging van dekking

Indien u die volgende bepalings op u skedule gekies het.

Daar sal van u verwag word om enige kontrolesisteen en beheer in te stel en/of op datum te hou en aan te hou om sulke sisteme, boekhou en klerklike prosedures in plek te hou.

Konstante toesig

Die versekerde verkoelingsmasjinerie is onder konstante toesig deur gekwalifiseerde personeel.

Temperatuurlesings

Gedurende die totale tydperk van berging, moet u in 'n logboek rekord hou van die kondisie van die versekerde goedere en ten minste drie temperatuurlesings per dag van elke verkoelingskamer. Die akkuraatheid van die temperatuur lesings moet ten minste elke 14 dae bevestig word deur 'n gekalibreerde, onafhanklike verwysingstermometer.

Toevallige onderbreking van elektriese toevoer – geen kragopwekker

Ons sal vir die verslegting of verrotting van voorraad op die perseel betaal, indien die openbare toevoer ingee, mits:

- elektrisiteit toevoer van die openbare kragnetwerk getrek word.
- die kragtoevoer misluk vir 'n ononderbroke tydperk van langer as die genoemde tydbybetaling wat op u skedule aangedui word.

Dekking uitsluitings:

- Geskeduleerde onderbrekings van die openbare kragbron kragtoevoer .
- Geen krag as gevolg van 'n tekort van die primêre energie by enige kragstasies.

Toevallige onderbreking van elektriese toevoer – kragopwekker

Dit is 'n voorwaarde van die polis dat:

- toetsing ten minste elke twee weke gedoen moet word en dat die volle besonderhede van die resultate van hierdie toetse ten tye van 'n eis bekend gemaak sal word.
- die kragopwekker wat op die perseel ge-installeer is, dadelik sal aanskakel indien die elektriese kragtoevoer misluk.

Voertuighandelaarsafdeling

Onder hierdie afdeling mag u eis vir voertuie wat nie aan u behoort nie, voertuigvoorraad, vergunningsvoertuie en demonstrasie voertuig modelle wat vir besigheidsdoeleindes in u besit is, hetsy op u besigheidsperseel of elders. Die bepalinge en voorwaardes gevolg hierdie afdeling is van toepassing op u as polisher, u werknemers en enigiemand wat namens u optree, sowel as enige persoon wat die versekerde voertuig gebruik met u algemene toestemming of die algemene toestemming van u werknemers of gereelde bestuurder.

Definisies

Voertuie wat nie deur u besit word nie

Voertuie wat aan derde partye behoort, waarvoor u verantwoordelik is en wat in u besit en/of beheer is.

Voertuie wat u besit

Voertuie wat u besit vir die doeleindes van verkope (voorraad), demonstrasie en toetsbestuur (demo) en tydelike gebruik deur u kliënte. (hoflikheidsvoertuie).

Voertuie wat u nie besit nie

Ons sal u vergoed

Die Voertuie

Indien die voertuig:

- op of weg van u besigheidsperseel beskadig is; en
- gesteel word terwyl dit nie op u besigheidsperseel is nie.

Maksimum vergoeding

As die voertuig afgeskryf of gesteel word en dit 'n demo- of hoflikheidsvoertuig is, sal die maksimum wat ons vir die voertuig sal betaal, sy kleinhandelwaarde of die versekerde bedrag wees, soos op u skedule onder **“voertuie wat u besit”** aangedui. As die voertuig afgeskryf of gesteel is en dit is aangedui as voorraad in u voorraad register, sal die maksimum wat ons vir die voertuig sal betaal, die aankoopwaarde wees soos aangedui op die aankoopfaktuur.

Opsionele dekking:

Is slegs van toepassing indien u die dekking soos hieronder uiteengesit, gekies het en u skedule aandui dat u 'n premie daarvoor betaal.

Passasiersaanspreeklikheid

Derde-party eise wat deur enige persoon, wat in of op 'n versekerde voertuig, met of sonder toestemming, binne die grense van Suid-Afrika vervoer word. Alle eise vir die dood of besering van persone in 'n padongeluk moet na die Padongelucksfonds (“POF”) verwys word. U polis dek u vir passasiersaanspreeklikheidseise vir 'n persoon wat aan sekondêre, emosionele skok ly weens die feit dat die persoon die ongeluk gesien, waargeneem of daaroor ingelig is en asook wanneer die POF nie vergoeding in geval van 'n geldige eis kan betaal nie. Die maksimum bedrag waarvoor ons sal betaal word in u skedule aangedui.

Wrakverwydering

Ons sal u vergoed vir die verwydering van die voertuig indien die owerhede eis dat u dit doen om sodoende skade aan die omgewing te verminder en of om enige verdere gevaar te voorkom. Die maksimum bedrag wat ons sal betaal word in u skedule aangedui.

Voertuighysers

Skade wat deur die gebruik van 'n voertuighyser (met die maksimum hoogte van twee meter) veroorsaak is, sal gedek word, mits die hyserinspeksie op datum is en u in besit van 'n Veiligheid & Gesondheid Sertifikaat is. Dekking sal uitgesluit word indien die skade deur 'n gebrek aan instandhouding en/of slytasie veroorsaak is. Die maksimum bedrag wat ons sal betaal word in u skedule aangedui.

Voortuit

Indien skade aan die kliënt se voertuig se voortuit berokken is, sal die maksimum vergoeding wat onder hierdie afdeling betaal sal word in u skedule aangetoon word.

Haelskade

Haelskade aan die voertuig. Die maksimum bedrag wat ons sal betaal word in u skedule aangedui.

Diefstal

Diefstal van die voertuig terwyl dit by u besigheidsperseel is. Die maksimum bedrag wat ons sal betaal is afhanklik van die bedrag in u skedule gestipuleer, of die kleinhandelswaarde, watter een ookal die minste is.

Toebehore en onderdele

Verlies van of skade aan toebehore en onderdele van die voertuig by u besigheidspersoneel. Indien enige toebehore en/of onderdele uit die voertuig gesteel word moet daar bewyse van sigbare, geweldadige en geforseerde toegang tot die perseel en die voertuig wees. Die maksimum bedrag wat ons sal betaal word in u skedule aangedui.

Motor Plus

Hierdie is 'n finansieringstekort voordeel. Dekking is beskikbaar in die geval dat u kliënt minder onder hulle omvattende kort- termyn versekeringspolis betaal word as die bedrag wat hulle nog aan 'n erkende finansieringsmaatskappy skuld, na die algehele verlies van hulle voertuig (bv. Die voertuig is gesteel en nie terug gevind nie, of is onekonomies om te herstel en word afgeskryf). Die maksimum bedrag wat ons sal betaal word in u skedule aangedui.

Dekking wat outomaties ingesluit is om u by te staan:**Verlore sleutels**

As die sleutels van die versekerde voertuig per ongeluk verloor word of dit kan bewys word dat 'n ongemagtigde persoon dalk in besit van hierdie sleutels kan wees, sal ons u vir die koste om die slotte en sleutels te verander, vergoed. Dekking sluit alle vorme van elektroniese slotte en enjin- aansitterstelsels in. Die maksimum bedrag wat ons sal betaal per geval word in u skedule aangedui.

Verlies van die gebruik van 'n kliënt se voertuig

As u 'n kliënt se voertuig beskadig en as gevolg daarvan, dit nie op die afgesproke afleweringdatum kan teruggee nie, sal ons u skadeloos stel indien die kliënt u aanspreeklik hou vir die koste om 'n soortgelyke voertuig te gebruik. Die maksimum wat ons onder hierdie afdeling sal betaal word in u skedule aangedui.

Ander partye

Ons sal 'n ander party namens u vir skade, koste en uitgawes vergoed, indien u wetlik verantwoordelik vir 'n ongeluk is, wat skade aan iemand anders se eiendom veroorsaak het. Die ongeluk moes veroorsaak gewees het deur of verband hou met 'n versekerde voertuig en die bestuurder moes u toestemming om te bestuur gehad het en moes al die bepalings en voorwaardes van hierdie polis nakom. Die maksimum bedrag wat ons sal betaal word op u skedule aangedui.

Insleep en berging

Insleep van 'n kliënt se voertuig vanaf die toneel van 'n ongeluk en die gevolglike berging word gedek. Ons sal die redelike koste betaal om die voertuig te berg of dit na die naaste hersteller te sleep. Die maksimum bedrag wat ons sal betaal word in u skedule aangedui.

Voertuie wat u besit**Ons sal u vergoed:****Die Voertuig**

Die voertuig is omvattend verseker. Ons sal u vergoed indien dit beskadig of gesteel word. Indien die voertuig gefinansier is moet die finansieringsmaatskappy eerste betaal word, nadat die bybetaling/s afgetrek is. Indien onderdele vir die voertuig nie beskikbaar is nie en dit die herstelwerk vertraag, sal ons u nie vir die ongerief of die geld wat u verloor, of vir enige aanspreeklikheid wat u mag aangaan weens die vertraging, vergoed nie.

Dit bly ons alleenlike diskresie om 'n voertuig te herstel of af te skryf. Ons sal enige uitstaande boetes en nodige koste en fooie vanaf die skikkingswaarde aftrek, wanneer 'n voertuig afgeskryf word en ons u vir u verlies vergoed, sodat ons die regmatige eienaar van die voertuig kan word.

Maksimum vergoeding

Indien die voertuig afgeskryf of gesteel word dis 'n demo of hoflikheidsvoertuig, sal die handelswaarde of die versekerde bedrag, soos aangedui op u skedule onder "Voertuie wat u besit", die maksimum bedrag wees wat ons vir die voertuig sal betaal. Indien die voertuig afgeskryf of gesteel word en dit as voorraad in u voorraadregister aangeteken word, sal die hoogste bedrag wat ons vir die voertuig sal betaal, die koopprys wees, soos op die koopsfaktuur gestipuleer, of die versekerde bedrag, soos aangedui op u skedule onder "Voertuie wat u besit".

Opsionele dekking:

Is slegs van toepassing indien u die dekking soos hier onder gekies het en u skedule aandui dat u 'n premie daarvoor betaal.

Passasiersaanspreeklikheid

Derde-party eise wat deur enige persoon, wat in of op 'n versekerde voertuig, met of sonder toestemming, binne die grense van Suid-Afrika vervoer word. Alle eise vir die dood of besering van persone in 'n padongeluk moet na die Padongelucksfonds ("POF") verwys word. U polis dek u vir passasiersaanspreeklikheidseise vir 'n persoon wat aan sekondêre, emosionele skok ly weens die feit dat die persoon die ongeluk gesien, waargeneem of daaroor ingelig is en asook wanneer die POF nie vergoeding in geval van 'n geldige eis kan betaal nie. Die maksimum bedrag waarvoor ons sal betaal word in u skedule aangedui.

Dekking wat outomaties ingesluit is om u by te staan:

Verlore sleutels

Indien die sleutels van die versekerde voertuig per ongeluk verloor word of dit kan bewys word dat 'n ongemagtigde persoon dalk in besit van hierdie sleutels kan wees, sal ons u vir die koste om die slotte en sleutels te verander, vergoed. Dekking sluit alle vorme van elektroniese slotte en enjinaansitterstelsels in. Die maksimum bedrag wat ons sal betaal per geval word in u skedule aangedui.

Ander partye

Ons sal 'n ander party namens u vir skade, koste en uitgawes skadeloos stel, indien u wetlik verantwoordelik vir 'n ongeluk is, wat skade aan iemand anders se eiendom veroorsaak het. Die ongeluk moes veroorsaak gewees het deur of verband hou met 'n versekerde voertuig en die bestuurder moes u toestemming om te bestuur gehad het en moes al die bepalings en voorwaardes van hierdie polis nakom. Die maksimum bedrag wat ons sal betaal word in u skedule aangedui.

Insleep en berging

Insleep van 'n kliënt se voertuig vanaf die toneel van 'n ongeluk en gevolglike berging word gedek. Ons sal die redelike koste betaal om die voertuig te berg of dit na die naaste hersteller te sleep. Die maksimum bedrag wat ons sal betaal word in u skedule aangedui.

Toebehore en onderdele

Verlies van of skade aan toebehore en onderdele van die voertuig. Die maksimum bedrag wat ons sal betaal word in u skedule aangedui.

Ons sal u nie vergoed vir die volgende onder die Voertuighandelaarsafdeling:

Geen lisensie, onder die invloed, geëndosseerde lisensie, ongeldige lisensie of geen permit.

As enige kliënt se voertuig, met die toestemming van die werkgewer, deur 'n werknemer bestuur word en hierdie bestuurder:

1. nie 'n geldige bestuurslisensie vir die kode/klas voertuig het nie, of bestuur terwyl hul onder die invloed van alkohol of dwelms is, of terwyl die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry of wanneer die bestuurder 'n blaastoets druipe; of
2. 'n geëndosseerde lisensie het, hetsy die endossement op die lisensie vertoon word of by die owerhede aangeteken is vir nalatige, roekelose of dronkbestuur, of vir bestuur terwyl die persentasie alkohol in daardie persoon se bloed die wettige limiet oorskry; of
3. nie 'n geldige professionele bestuurspermit (PrDP) het nie, (indien die doel van die voertuig vir die vervoer van tariefbetalende passasiers is, of as die voertuig as 'n pendeldiens funksioneer en as sodanig op die skedule vermeld word, of as die voertuig ontwerp is om 12 of meer mense te vervoer, insluitend die bestuurder en gebruik word om mense te vervoer); of
4. nie 'n geldige professionele bestuurspermit (PrDP) het nie, indien die voertuig bo 3500 kg GVM is en die doel van die voertuig vir die vervoer van goedere en/of gevaarlike goedere is, of dit 'n sleepdiensvoertuig of 'n bus is; of
5. nie 'n geldige bestuursinstruktorspermit het nie (indien die voertuig vir bestuursonderrig gebruik word); of
6. nie 'n geldige bedryfslisensie/permit vir die kode/klas/tipe voertuig het nie, soos vereis deur die Nasionale Padverkeerswet en/of u Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid.

Let wel: Dit is u verantwoordelikheid om stappe te neem om te verseker dat die bestuurslisensie, professionele bestuurspermit en bedryfslisensie van enige bestuurder wat enige van u versekerde voertuie bestuur, geldig is en dat die bestuurder voldoen aan die lisensiewette (Nasionale Padverkeerswet) met betrekking tot Suid-Afrika en die lisensiewette van enige van die gebiede waarna verwys word onder **Voertuig wat in sekere lande buite Suid-Afrika gebruik word**.

Demonstrasie

In die geval dat die versekerde voertuig vir demonstrasie of toetsbestuur doeleindes deur 'n persoon gebruik word, tensy die persoon deur 'n paslike werknemer van die versekerde besigheid vergesel word.

Voertuig onpadwaardig

Indien die voertuig of die woonwa of sleepwa wat deur die voertuig gesleep word in 'n ongeluk betrokke is en nie in 'n padwaardige toestand, soos in die wet in verband met padwaardigheid gedefinieer is nie of indien die wet of verkeers-regulasies nie sleeping toelaat nie.

Ongemagtigde gebruik van die voertuig

Indien iemand die versekerde voertuig sonder u kennis en toestemming gebruik en u het nie binne 48 uur 'n kriminele klag teen hulle gelê nie. u mag ook nie die klag ontrek nie.

Voertuig gebruik om 'n inkomste te verdien of vir wedrenne

Indien die versekerde voertuig gebruik word om passasiers te vervoer in ruil vir 'n beloning (hetsy finansieel of op enige ander manier) of betalende passasiers, of indien dit gebruik word vir uitverhuring, wedrenne of kompetisies.

Voertuig gebruik om swaar vrage te vervoer

As die versekerde voertuig gebruik word om enige vrag of aantal mense wat meer as sy geregistreerde hoedanigheid is, te vervoer.

Voertuie wat in sekere lande buite Suid-Afrika gebruik word

Wanneer die voertuig buite Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, Swaziland en Zimbabwe gebruik word. Ons sal nie ander partye namens u skadeloos stel indien die voertuig buite Suid-Afrika gebruik word nie.

Toevallige dood of besering van 'n lid van u huishouding of werknemer

As 'n lid van u huishouding sterf of in 'n ongeluk beseer word of indien 'n persoon wat vir u werk sterf of beseer word terwyl hy/sy werk, behalwe indien so 'n persoon deur 'n hof as 'n derdeparty gesien word.

Eiendom in u besit

Vir u eiendom en enige ander eiendom wat binne in die versekerde voertuig tydens die verlies mag wees.

Dekking onder die Padongeluksfonds

Die dekking wat onder die verpligte motorvoertuigversekeringswet betaal sal word.

Waardevermindering

As die voertuig se waarde, as gevolg van skade wat in 'n ongeluk veroorsaak is, verminder.

Gebrek aan instandhouding

As u verlies of skade ly omdat die voertuig nie in stand gehou word en gediens word, om te verseker dat dit in 'n goeie werkende toestand is, nie.

Slytasie as gevolg van gebruik

Waar u geleidelike verlies en skade, as gevolg van normale alledaagse gebruik van die voertuig, ly.

Verlies of skade wat meer spesifiek elders verseker is

Enige verlies of skade wat meer spesifiek onder 'n ander dekkingsafdeling van u polis verseker moes gewees het, hetsy daardie dekkingsafdeling uitgeneem is of nie.

Verlaat die ongelukstoneel

As die voertuig in 'n ongeluk betrokke is en die persoon wat die voertuig bestuur het, die ongelukstoneel verlaat

Voertuigsleutels wat in of op 'n onbewaakte voertuig gelaat word

Verlies of skade aan die versekerde voertuig indien u die polishouer, u werknemers en enigiemand wat namens u optree, asook enige persoon wat die versekerde voertuig met u algemene toestemming of die algemene toestemming van u werknemers of gereelde bestuurder gebruik, die voertuig se sleutels en/of aansittersleutels van die versekerde voertuig in of op die onbewaakte voertuig los.

Oorhandiging van voertuigsleutels aan 'n ongemagtigde derdeparty

Verlies of skade aan 'n voertuig as die voertuig se sleutels en/of aansittersleutels aan 'n ongemagtigde derdeparty oorhandig word, sonder geweld of enige dreigement van geweld teenoor jou as polishouer, jou werknemers en enigiemand wat namens jou of jou werknemers handel.

Motor lugkant risiko's

Verlies (insluitend gevolglike verlies), skade, ongeluk, besering, dood of enige aanspreeklikheid van watter aard ook al terwyl die versekerde voertuig in of op 'n lugkant is.

Die lugkant is enige area van 'n lughaweperseel wat beperkte reg op toegang het, soos aanloopbane, taxibane, 'n stuk grond en gepaardgaande dienspaaië, plus sekere dele van die terminus en ander geboue rondom die lughaweperseel (soos omskryf deur die betrokke lughawe-owerheid).